# H O O F S T U K   D R I E

## H E L L A S

### A. Oriënterende oorsig.

#### (1) Eenheid van die ou kultuur.

Die Grieke en Romeine is afstammelinge van die Indo-Europese volksgroep wat waarskynlik van die steppeland noord van die Kaukasus afkomstig is. Reeds in die verre verlede het hierdie volksgroep in twee takke gesplyt waarvan die een weswaarts Europa binnegedring en die stamvaders van die Grieke, Italianers, Celte, Germane en Skandinawiërs geword het. Die ander tak het 'n suid-oostelike rigting ingeslaan om op die platoland van Iran geboorte te gee aan die Mede en Perse van die ou geskiedenis of om deur te dring tot die berge en valleie van die Indus en die Ganges en Noord-Indië te koloniseer. [1)]

Die oudste bekende skakel tussen die Indo-Europese en die latere glorieryke Griekse kultuur was die beskawing van Kreta. Die Kretensiese kultuur het groot ooreenkoms met dié van Egipte en met die Indo-Europese vertoon. Dit word vandag algemeen aanvaar dat die antieke beskawings nie as geïsoleerde verskyningsvorms beskou moet word nie, maar as deelgenote aan één groot, omvattende kultuur. [2)]

Hierdie grondliggende eenheid van die ou kulture is van belang vir die begryp van die Westerse beskawing wat daaruit ontstaan het. Talle bewyse dui op die bestaan van so 'n omvattende kultuur. So het die hele Midde-Ooste, van Babilon tot Egipte, teen die middel van die tweede millennium voor Christus van Babilonies en die Babiloniese kegelskrif as kommunikasiemiddel gebruik gemaak. [3)] Die onderlinge handel het ongetwyfeld tot kulturele bande aanleiding gegee. [4)]

Die oorspronklike kultuur-eenheid verklaar ook die groot ooreenkoms van die Bybelse en Babiloniese oersages waarvan die sondvloedverhaal seker die bekendste is. [5)] Ook die Griekse oorlewering vermeld hierdie gebeurtenis. Daarvolgens het die mens se snoodheid in die 15$^{de}$ eeu v.C. Zeus daartoe gebring om Griekeland deur 'n watervloed te verdelg, waarby slegs

---

1) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 8.
2) Durant, W.: De Griekse wereld, p. 24. Vgl. ook Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 40, asook Woltjer, R.H.: De beteekenis van het Oosten voor de klassieke oudheid, p. 18.
3) Winckler, H.: Weltanschauung des alten Orients, p. 2. Vgl. Frankfort: Het ontstaan van de beschaving in het Nabije Oosten, p. 180, 185.
4) Childe: What happened in history, p. 105.
5) Winckler: Loc. cit.

één man, Deucalion, en sy vrou Pyrrha gered is in 'n ark of kis wat op die top van die berg Parnassus tot stilstand gekom het. Van hulle seun Hellen stam die Helleense (Griekse) stamme af. [1]) (Die naam Grieke is afkomstig van 'n onbeduidende volkstam, die Graici, wat naby Napels 'n kolonie gestig het. Die Romeine het eerste met hierdie Helleense stam in aanraking gekom en alle Grieke na hulle genoem. [2])

Ook die Bybelse en apokaliptiese literatuur met sy getallesimboliek toon 'n sekere ooreenkoms met die Babiloniese astrologie en toekomsberekeninge. [3]) Daar is selfs oudheidkundiges wat beweer dat die name en verhale van die eerste Israelitiese konings groot ooreenkoms met Babiloniese voorstellinge vertoon. So word Saul met die Babiloniese maangod Sin verbind, waardeur ook sy melankolie verklaar word. Net soos die maangod het hy 'n seun (Jonatan) wat 'n boogskutter is. "(Der Name) David ist künstlich geschaffen, um seinen Träger als den der Gottheit Dôd (dwd) entsprechenden König hinzustellen, und dieses ist in der Tat der auch im Alten Testamente noch vorkommende Name des bei den Babiloniern Marduk heissenden Gottes." [4]) Batseba sou groot ooreenkoms met die Isjtarlegende vertoon. [5]) Vanselfsprekend kan vir hierdie teorie geen vaste bewyse aangedui word nie en dit kan bloot op toevallige ooreenkomste berus.

Nog 'n verskynsel wat op die oorspronklike eenheid van die ou kulture sou dui, is die vaste verhouding wat dwarsdeur die oudheid tussen die waarde van goud en silwer in die muntstelsels bestaan het. Die religie het in Babilonië 'n kernrol gespeel en is tot 'n omvattende wêreldbeskouing uitgebou. In die tempeltorings het silwer en goud die trappe aangedui wat die maangod Sin en die songod Sjamasj toegekom het. Die waardeverhouding van silwer en goud, naamlik 1:13½, dit wil sê 27:365, is van hierdie godsbeskouing afgelei en verteenwoordig die aantal dae van die maan en die son se kringloop. Koper was die metaal van die derde van die drie groot godhede, naamlik Isjtar, die Venusster. Sy waardeverhouding ten opsigte van silwer en goud staan nie vas nie aangesien brons lank naas yster 'n gebruiksmateriaal was, maar nadat dit gemunt is, was sy verhouding tot silwer 1:60 of 1:72, dit wil sê die verhouding van die vyfdag-week tot 'n "jaar" van 300 of 360 dae. Die benaming stater kom vermoedelik van Isjtar. [6])

---

1) Vgl. Durant: De Griekse wereld, p. 48.
2) Ibid., p. 127-128.
3) Winckler: Weltanschauung des alten Orients, p. 18.
4) Ibid., p. 42.
5) Ibid., p. 42-43.
6) Ibid., p. 25.

Baie ooreenkomste dui op 'n gemeenskaplike herkoms van gebruike sowel as legendes, wat vermoedelik mondeling oorgelewer is. Hierdie oorname is deur handelskontak bevorder, 'n kontak wat eeue geduur het.

Veral met die veroweringstogte van Alexander die Grote het die wedersydse verkeer tussen Oos en Wes toegeneem. So het die Griekse heerskappy tot in die Punjab gestrek, die dogter van die Griekse vors Selenkos Nikator is getroud met die Indiese koning Candragupta en die Indiese bou- en geneeskuns toon duidelike spore van Griekse invloed. Omgekeerd het daar ook Indiese invloede op die Weste uitgegaan. So is baie Westerse fabels van Indiese oorsprong en op Griekse munte kom in dié tyd ook Indo-Ariese letters en Boeddhistiese embleme voor. 1) Die ontdekking van die moessonwinde bevorder die seeverbinding met die Ooste en daar vaar jaarliks 'n handelsvloot tussen Indië en Alexandrië. Van die druk verkeer tussen Oos en Wes in die ou Christelike tyd getuig ook die Openbaring van Johannes (hoofstuk 18) waarin Babel as die plek van samekoms van baie nasies beskryf word. 2)

Dit is duidelik dat nie alleen die lande van die Midde-Ooste nie, maar ook Indië en die Midde-Ooste in noue kontak met mekaar gelewe het. Reeds in die tweede millennium voor Christus het die Midde-Oosterse beskawing buiteposte in China gehad. 3)

Mettertyd het die verbetering van verkeersmiddele 'n groot stoot aan die eenwording van die ou kultuur gegee. "So the pools of civilization themselves had been merged into one broad, continuous lake from the Tigris to the Nile and the Adriatic, and from the Black Sea coasts to the Persian Gulf. Within this vast reservoir currents flowed freely in all directions. In intervals of peace the kings of Babylon, Assyria, Mitanni, Hatti and Egypt interchanged ambassadors and wives, presents and deities, physicians and soothsayers ... By 500 B.C. the zone of literate societies, accustomed to urban life and dependent on an urban economy, extended continuously from the Atlantic coasts of Spain to the Jaxartes in Central Asia and the Ganges in India, from Southern Arabia to the north coasts of the Mediterranean and the Black Sea." 4)

Ook in die kultuur van klassieke Griekeland is nog talle spore van die kontinuïteit met die Ooste. So is die term <u>tiran</u> 'n pre-Indo-Europese woord vir 'n despoot van die Oosterse tipe en die posisie van die vrou in

---

1) Van den Bergh van Eysinga, G.A.: Indische invloeden op oude Christelijke verhalen, p. 111-115.
2) Ibid., p. 116-118.
3) Childe: What happened in history, p. 180. 4) Ibid., p. 183.

Griekeland is dieselfde as in die Ooste. [1]) Ook tussen die Griekse en Hindoegode kan opvallende ooreenkomste gekonstateer word. "In some passages (in the Vedas) the gods are treated as one family, children of Dyaus (Zeus or heaven) and Earth (Privithi). In others Varuna (Uranus) is occasionally addressed as supreme deity. But the prevailing conception is that of a trinity - Agni (Ignis, Fire), Indra (Rain) and Surya (the Sun), one each for earth, air and sky." [2])

Dit is duidelik dat die volkere van die oudheid in noue aanraking met mekaar geleef het. Voorts kan dit aanvaar word dat ooreenkomste wat tans nog aangetoon kan word, slegs 'n breukdeel van die werklike onderlinge beïnvloeding moes gevorm het. [3]) Hierdie onderlinge beïnvloeding het veral op prehistoriese tye betrekking en dit word aangeneem dat dit ook Israel betrek het. As dit waar is dat die Filistyne die oorspronklike Ariese bewoners van die eiland Kreta was, beteken dit dat Griekse kontak met Palestina tot ongeveer 1500 v.C. teruggaan. [4]) Israel se geskiedenis bevestig trouens sy voortdurende aanraking met ander kulture. [5])

Die religieuse voorstellinge wat in die antieke kultuur vermeld word, was meestal dié van 'n klein, verligte minderheid. Daaronder moet die bestaan van 'n laer vlak aangeneem word wat slegs selde aan die lig tree maar wat as die eintlike of minstens die oudste religie beskou moet word, hoewel dit vanselfsprekend nie in die verligte letterkunde van die tyd 'n neerslag vind nie. [6])

Teen die agtergrond van hierdie kulturele samehang van die ou beskawings kan die ontstaan en verloop van die beskawing van Hellas kortliks geskets word.

(2) Oorsig van die verloop van die Griekse beskawing.

(a) Kreta.

Die oudste herkenbare spore van die Griekse kultuur lê op die eiland Kreta waar tussen die jare 3500 en 1000 v.C. 'n florerende beskawing gevestig was wat handelsbetrekkinge onderhou het met Ciprus, Palestina, Troje, Spanje en Griekeland. [7])

Die bevolking van Kreta was baie godsdienstig. Aangesien die sterfte-

---

1) Childe: What happened in history, p. 215-216.
2) Kellett, E.E.: A short history of religions, p. 391.
3) Woltjer: De beteekenis van het Oosten voor de klassieke oudheid, p.19-20.
4) Levison, N.: The Jewish background of Christianity, p. 14.
5) Knight, G.A.F.: Christelijke theologie van het Oude Testament, p. 90-91.
6) Woltjer: Op. cit., p. 23.
7) Durant: De Griekse wereld, p. 25. Vgl. Fisher, H.A.L.: A history of Europe from earliest times to 1713, p. 12-13.

syfer hoog was, is die vrugbaarheid aanbid. So word die Kretensiese Zeus die verpersoonliking van die vrugbaarmakende reën, van die vogtigheid wat in hierdie godsdiens, net soos in die filosofie van Thales, die grondbeginsel van alle dinge is. Hy sterf en verrys uit die graf as simbool van die plantegroei, en soms word die heilige stier as god van vrugbaarheid as sy inkarnasie beskou. [1])

Die oorsaak van die verval van dié hoogstaande beskawing is onbekend. Tans is die eiland ontbos, grotendeels 'n klipperige woesteny. Miskien het die najaag van sintuiglike genot die volk sy wil tot lewe en selfverdediging ontneem; moontlik het die handel met Egipte ineengestort deur die verval van dié land na die dood van Akhnaton. [2]) Tekens van groot brande dui op opstande of aardbewings en 'n plotselinge einde van die beskawing.

(b) Mycene.

Mycene (14^de eeu v.C.) is die volgende skakel in die Griekse kultuurgeskiedenis. Daar is talle tekens dat die Myceense godsdiens van Kretensiese oorsprong was. Net soos in Kreta is die afgestorwenes opgevou en saam met voedsel en waardevolle artikels in vate begrawe, 'n gewoonte wat op geloof in 'n toekomstige lewe dui. Die grootste betekenis van die Myceense beskawing lê daarin dat dit die kultuur van die sterwende Kreta oorgeneem en oor die hele Middellandse See-gebied versprei het.

(c) Achaje.

Die lewe in Achaïese Griekeland (1300 - 1100 v.C.) kan veral met behulp van Homerus se werk gerekonstrueer word. Hierdie heldetydperk maak 'n minder beskaafde indruk as die Myceense. Die bevolking leef veral van landbou, jag en veeteelt en is trots op hulle handwerk. Naas brons word ook yster bewerk. Dit is 'n harde en wettelose krygstyd waarin die norme van die oorlogstyd heers. Deug is arete, die bekwaamheid om moedig te veg. 'n Patriargale leefwyse heers aangesien die staat nog nie sterk genoeg georganiseer is om die veiligheid te bewaar nie. [3]) Anders as in die latere Griekeland beklee die vrou 'n invloedryke posisie, veral in die gesin. As die seun trou, bring hy sy bruid na sy vader se huis en die ritme van die geslagte gaan voort: die afsonderlike lede van die gesin wissel met die tyd, maar die gesin self vorm 'n blywende eenheid. [4]) In dié wettelose tyd moes elke gesin homself normaalweg verdedig en wreek en ook die opvoeding was 'n gesinstaak.

---

1) Durant: De Griekse wereld, p. 16.
2) Ibid., p. 25-26.
3) Ibid., p. 58.
4) Ibid., p. 62.

(d) Die Doriese inval.

Ongeveer in 1100 v.C. stroom oorlogsugtige, ongeletterde invallers vanuit die noorde die Pelopponnesus binne en vernietig die Myceense beskawing feitlik heeltemal. Op die landengte van Acrocorinthus bou hulle die Doriese stad Korinthe en verdryf die Achajers. Hulle koms versteur die politieke orde vir eeue: landbou en handel word ontwrig en geweld en armoede neem toe. Uitgeweke gesinne swerf dakloos rond en dit lei tot die vermenging van die ou volke van Suid-Griekeland. 1) Nogtans verval Griekeland nie weer volkome tot neolitiese barbarisme nie. 2)

Ten slotte bring die kontak van vyf beskawings, Kreta, Mycene, Achaje, die Doriërs en die Ooste, nuwe lewe aan 'n sterwende kultuur. Dit dra by tot die ongeëwenaarde veelsydigheid, soepelheid en fynheid van die Griekse denke en lewe. 3)

(e) Die opkoms van Griekeland (1000 - 480 v.C.)

Vanaf die 7de eeu v.C. is daar noue kontak tussen Griekeland en Egipte. Van Egipte leer die Grieke nuwe metodes van keramiek, weef, metaalwerk, ivoorkerfwerk, beeldhoukuns en argitektuur; van die Phoeniciërs skeepsbou, metaalwerk, weef en verf; van Babilonië neem hulle mate en gewigte, munteenhede en sterrekunde oor. Terselfdertyd maak Oosterse misteriegodsdienste hulle verskyning in Griekeland. Rondom Griekeland lê die ou beskawingsentra soos Egipte, Kreta, Mesopotamië, Persië en Kartago. In die noorde dreig die oorlogsugtige hordes wat sorgeloos voortteel en rusteloos rondtrek en vroeër of later die "Griekse soom aan die barbaarse kleed" sou deurbreek. "Bijna geen van deze omringende volken gaf iets om datgene wat voor Griekeland de kern van het leven was: de vrijheid om te leven, te denken, te spreken en te handelen... Daarom noemden de Grieken hen allen ... barbaroi ...; een barbaar was een man die genoegen nam met een geloof zonder ratio en een leven zonder vrijheid." 4)

Binne hierdie sirkel van volkere het die klein Griekeland uitgebrei tot by vrywel iedere strand van die Middellandse See bevolk het. Byna duisend jaar lank was die Middellandse See 'n Griekse meer en die middelpunt van die wêreld.

Na 540 v.C. begin die Persiese ryk opkom, wat teen 500 v.C. van die Nyl en die Egeïese See tot aan die Indus en die Jaxartes strek. Hierdie politieke eenheid bring 'n ongekende verbetering in verbindings mee, wat

---

1) Durant: De Griekse wereld, p. 75-76.
2) Childe: What happened in history, p. 195.
3) Durant: Op. cit., 76-77.
4) Ibid., p. 84-85.

die uitwisseling van kennis bevorder. [1]

Ongeveer teen 450 v.C. versprei nomade wat perde as rydiere en vir melk aanhou, oor die Eurasiese steppe, val die Chou-staat in China lastig, voer strooptogte uit in Klein-Asië en bedreig selfs Assirië. Hierdie snelbewegende nomade moes 'n belangrike bydrae gelewer het tot die verspreiding van gedagtes tussen die Verre-Ooste en die Weste. [2]

Die kontak wat die ou kulture met ander lande gesoek en onderhou het, het ver gestrek. So het Farao's van 'n tydelik-herleefde Egipte ontdekkingsekspedisies uitgestuur en een bemanning het in die 5de eeu v.C. om Kaap die Goeie Hoop gevaar. [3]

In hierdie ekspansiesoekende tyd plaas die uitvinding van yster as gebruiksmateriaal goedkoop wapens en gereedskap in die hand van die gewone man en in die 7de eeu v.C. bring die uitvinding van die alfabet geletterdheid binne die bereik van almal. [4] Die vrugbare samewerking van Griekeland en Babilonië lei op die gebied van die sterrekunde tot verbasende resultate. "From observations on the sun's altitude at the summer solstice made respectively at Syene on the Tropic of Cancer and at Alexandria, Eratosthenes (Director of the Museum from 240 to 200) calculated the globe's circumference as 252,000 stades, probably 24,662 miles, and if so, only 4 per cent out!" [5] Dit is die tyd van die Griekse kolonisasie en die opkoms van die Griekse poleis of stadstate, waarvan Athene en Sparta die belangrikste was.

(i) Sparta. Sparta was die eerste Griekse stadstaat en het in die 8ste eeu v.C. ontstaan. [6] Die Doriese invallers het Laconië met geweld verower en die Myceense bewoners tot lyfeienes gemaak. Vanuit hulle natuurlike vesting onderdruk hulle die volkere van die suidelike Peloponnesus. Om die onderdrukte bevolking en slawe in bedwang te hou, moes elke manlike Spartaan 'n soldaat wees en die hele bevolking 'n garnisoenlewe voer. Daarom moes die Spartaan se hele bestaan geregimenteer word sodat geen persoonlike vryheid oorgebly het nie. [7]

(ii) Athene. Die stadstaat Athene het in teenstelling met Sparta sy stadspoorte en sy gees vir elke vreemdeling oopgegooi. Groot getalle slawe en

---

1) Childe: What happened in history, p. 197-198, 231.
2) Ibid., p. 212.
3) Ibid., p. 229.
4) Ibid., p. 200.
5) Ibid., p. 257.
6) Eby, F. & Arrowood, C.F.: The history and philosophy of education, p.200.
7) Vgl. Durant: De Griekse wereld, p. 88; Castle: Ancient education and today, p. 14.

vreemdelinge wat handel en nywerheid beoefen, het die stad se ekonomie aan die gang gehou, terwyl die burgers die stad bestuur het. Die inwoners was oor die algemeen nie welgesteld nie, maar het nietemin oor voldoende middele en vryetyd beskik om aan kuns en die oordenking van probleme van die menslike bestaan te wy. [1]) Winsbejag het by die Ateners feitlik geen rol gespeel nie: kennis is nagejaag ter wille van die vreugde wat dit verskaf en nie uit nuttigheidsoorwegings nie, en in sport was die hoogste prys 'n eenvoudige lourierkrans. Eers later, toe hulle beskawing begin verval het, het dit materialisties geword.

Ook hulle het diens aan die staat as die enkeling se hoogste doel beskou, maar hulle lewensbeskouing was baie meer gebalanseerd as dié van Sparta. Op geestelike gebied was hulle die eerste om 'n kritiese gees aan te moedig. In Athene het demokrasie dan ook sy eerste verskyning in die wêreld gemaak. Danksy die kontak wat die Ateners deur seevaart en handel met ander nasies gehad het, was hulle weetgierig en onbevooroordeeld; hulle het met eerlike denke die sleutel tot elke geheim gesoek. Vir hulle was die rede die mens se kosbaarste besitting; daarom was Athene, die mitiese gees van wysheid, die beskermgodin van die stad. [2])

Hierdie redebeheptheid van die Atener het tot 'n opbloei van kuns, letterkunde en wetenskap gelei, maar het ook die kiem van sy ondergang bevat. Die mens se rede is iets individueels, en waar dit die hoogste maatstaf word, moet elke mens uiteindelik sy eie maatstaf word, wat tot oorindividualisme en versplintering van die sedelikheid lei. Konsekwent toegepas, lei die redemaatstaf in die 5^de^ eeu v.C. tot die verval van die godsdienstige geloof. Hoewel godsdiens en moraal in Griekeland nog geskei was, het die godsdienstige verval nietemin ontredderende invloed op die sedelikheid gehad. Filosofie moes dus poog om die normerende werk van die religie oor te neem. In die filosofie van Socrates, Plato en Aristoteles kom die mens en die antropologiese dus op die voorgrond. Ooreenkomstig hierdie neiging tot die antropologisering van die filosofie ontstaan verskeie filosofiese stelsels soos die Stoa, die Epikurisme en ander.

(f) Die verval van Griekeland.

Ten einde sy eie bestaan te beveilig, het Athene 'n ysere kontrole oor die ander Griekse stadstate van die Egeïese Seegebied uitgeoefen want die stad was van ingevoerde lewensmiddele afhanklik en moes dus die toegangsweë beheer. Later is die Griekse statebond slegs deur brute

---

1) Vgl. Eby & Arrowood: The history and philosophy of education, p. 163, 219.
2) Ibid., p. 186.

Atheense geweld beheers. [1] In die verset daarteen neem Sparta die leiding. Van 447 tot 413 v.C. duur die bloedige burgeroorloë wat met die volslae geestelike en materiële uitputting van Athene eindig. [2] Alle grondslae van die Atheense lewe is ontwrig, die Attiese bodem deur Spartaanse strooftogte verwoes, die olyfbome afgebrand, die Atheense seemag vernietig, die beheer oor handel en voedselvoorsiening verlore, die staatskatkis leeg, die mense deur belastings verarm, twee-derdes van die bevolking dood. [3]

Twee dinge hou Athene nogtans staande: die herstel van die demokrasie onder manne van oordeel en gematigdheid, en die trots op sy gelewerde kuns. Athene bly daardeur nog die sentrum en hoogtepunt van die Griekse denke, maak weer vinnig opgang en die handel brei weer uit. Daar ontstaan nou egter 'n groot kloof tussen ryk en arm en albei wantrou die demokrasie. Dreigende rewolusie word deur die koms van die falankse van Philippus van Macedonië in 338 v.C. voorkom. [4] Oorloë en klassestryd het die stadstate uitgeput en te swak gelaat vir verdediging teen die nuwe aanvaller. Onder Philippus volg 'n tydperk van weldadige vrede waarin filosowe op opvoedkundige gebied leiding gee.

Philippus word opgevolg deur sy seun Alexander wat die Perse in 334 v.C. verpletterend verslaan en dit met byna ongelooflike segetogte tot in Indië opvolg. [5] Alexander se groot verdienste was die verspreiding van Hellenisme oor die Oosterse wêreld. Die begrip Hellenisme kan kortliks gedefinieer word as die ontwikkeling van die Griekse kultuur tot wêreldbeskouing. [6]

Alexander se doel was die versmelting van die Hellenistiese en die Oriëntale gees en hy het met dié doel voor oë in die Ooste volgens die Griekse model stede gestig met Macedoniese en Griekse nedersetters. Hierdie sentra het ook na sy vroeë dood in 323 v.C. belangrike Griekse invloedsfere gebly. Die Griekse invloed het saam met die Griekse taal feitlik oor die hele bekende wêreld gestrek. Gespesialiseerde plase wat vir die mark geproduseer het, is byvoorbeeld deur Griekse koloniste tot in Russiese Turkestan en Indië aangelê. [7] As Griekse invloed nou wyd verbrei was, het die Ooste natuurlik ook aansienlike invloed op Griekeland uitgeoefen.

---

1) Durant: De Griekse wereld, p. 507.
2) Fisher: A history of Europe, p. 32-38.
3) Durant: Op. cit., p. 526.
4) Fisher: Op. cit., p. 40-41.
5) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 192.
6) J.H.Thiel: De geschiedenis van het Hellenisme in Waszink, Van Unnik & De Beus (red.): Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 3.
7) Vgl. De Burgh: Op. cit., p. 192-193; Childe: What happened, p. 240-244.

Veral die Oosterse misteriegodsdienste spreek daarvan.

Na sy dood het Alexander se ryk uiteen geval, met die gevolg dat bedreiging deur die barbare weer ernstige afmetinge aangeneem het. Bevrees vir die groeiende mag van Rome, sluit Macedonië in 215 v.C. 'n verbond met Hannibal en Kartago. 'n Jaar later verklaar Rome oorlog aan Macdonië en begin die verowering van Griekeland. Athene het hom intussen tot die filosofie gekeer en tevrede uit die politiek verdwyn. Die Griekse landbougrond was deur die verbouing van jare uitgeput, groot handelstede ontstaan, lae lone dra tot die ontvolking van die land by en daar ontstaan 'n bittere klassestryd wat in sommige Griekse stede so vernietigend was dat industrieë en bewoners uitgewyk en die gras in die strate gegroei het. 1)

Hoewel Griekeland van die politieke toneel verdwyn het, het sy geestelike invloed nie alleen bly voortbestaan nie, maar is dit trouens deur die Romeinse wêreldheerskappy sterk uitgebrei. Na die verowering van Griekeland deur Rome verower die Hellenisme Rome soos die Ooste besig was om Griekeland te verower. 2) Griekeland se geestelike veroweringstog het eeue voortgegaan. Sedert die Renaissance het die Griekse gees so diep in die moderne kultuur binnegedring dat "alle beschaafde volkeren, in alles wat de werkzaamheid van het intellect betreft, heden ten dage koloniën van Hellas zijn." 3) Die gebreke van Hellas is bekend: dwase, meedoënlose oorloë, slawerny, onderworpenheid van die vrou, gebrek aan sedelike beheersing, korrupte individualisme en die tragiese mislukking om vryheid met orde en vrede te verenig. Maar bó die skaduwees skyn in die Griekse kultuur die daeraad van die Westerse beskawing. 4)

B. <u>Die Griek in enkele kenmerkende ontmoetingsituasies</u>.

(1) <u>Die liggaam en materie</u>.

Die Griek was met sy diesseitige lewens- en wêreldbeskouing burger van hierdie aarde en dit is dus begryplik dat hy in filosofie en natuurwetenskap baie aandag aan homself en sy aardse omgewing sou wy. So vind die voorsokratiese wysgeer Thales (gebore in 640 v.C.) die eenheidsbeginsel waartoe alles in die wêreld herlei kan word, in water. Vir Anaximenes is dié oerstof lug. Ook die siel, wat die liggaam bymekaar hou, is lug en sodoende is mens en wêreld innig met mekaar verbonde. Wanneer lug verdun, word dit vuur en die dunste lug is die siel. Wanneer

---

1) Durant: De Griekse wereld, p. 655.
2) Kellett: A short history of religions, p. 104.
3) Durant: Op. cit., p. 776.
4) Ibid., p. 779-780.

lug verdig, vorm dit wolke, water en grond en in sy mees verdigte vorm is dit klip. [1] Van dualisme tussen gees en materie is in hierdie naïewe beskouing nog geen sprake nie. [2]

Aansluitend hierby was die Griekse opvoedingsideaal in die 6de en 5de eeu v.C. dan ook die harmonieuse mens by wie 'n volmaakte siel in 'n volmaakte liggaam woon. Die liggaam, die uiterlike vorm, was vir hulle die afskynsel van die siel en is derhalwe met groot waarde beklee. [3]

Die vroegste Griekse religie het hierby aangesluit. Die afgestorwenes het daarvolgens nog in die graftes gewoon en moes saam met voedsel, wapens en gereedskap asook hulle vroue begrawe word, anders sou hulle siele op die lewendes wraak neem deur siekte en dood te bring. [4]

Die Grieke, met hulle aangebore sin vir gespletenheid wat tot uiting sou kom in hulle liefde vir dialektiek, die drama en die Ideëleer van Plato, kon egter nie lank volstaan met dié eenheidsbeginsel nie. [5]

So gaan Parmenides reeds uit van die beginsel van <u>twee</u> oerstowwe: die "ligte element" van Anaximandros wat hy met vuur gelyk stel, en die "donker element", die swaar massa waaruit die aarde ontstaan het. Die eerste is die aktiewe beginsel, die ander die passiewe. [6] Hiermee is die weg gebaan vir die kenmerkende Griekse liggaam-siel dualisme.

Hierop bou Anaxagoras sy skeppingskosmogenie: aanvanklik was daar slegs 'n ononderskeie massa, 'n oernewel, saamgestel uit ontelbare oneindig-klein stoffies (spermata), wat elk draer is van een bepaalde spesialiteit. Hierdie "sade", wat skerp van mekaar verskil, is die boustof van die wêreld. Die <u>Noes</u>, 'n allesbewegende meganiese krag, gee aan die statiese oermassa die bewegingsimpuls. [7] Die Noes is vir hom die wêreldgees, die wêreldrede wat by die aanvang was en aan die einde sal wees. Dit is met ander woorde God, hoewel hierdie god nie persoonlik nie, maar as suiwer meganies werkend gedink moet word. [8]

By die Grieke het die gedagte nooit opgekom aan 'n skepping ex nihilo en aan 'n ewige God wat aan die heelal voorafgegaan en dit uit die niet opgeroep het nie. [9] Die heelal is vir die Griek ewig; die gode is sy

---

1) Vloemans: De Voorsokratici, p. 46-48.
2) Robbers, H.: Antieke wijsgerige opvattingen in het Christ. denkleven, p.121.
3) Méautis, G.: Mythologie der Grieken, p. 78.
4) Kellett: A short history, p. 119. Vgl. Plato: The republic, p. 123.
5) Vgl. Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 53.
6) Vloemans: Op. cit., p. 94.
7) Ibid., p. 129.
8) Ibid., p. 135.
9) Méautis: Op. cit., p. 22.

formeerders, nie sy makers nie. [1] Materie bestaan volgens Plato van altyd af en weerstaan God. [2] Slegs wat krag het, is werklik. Stof is nie fundamenteel werklik nie, maar alleen 'n beginsel van traagheid, 'n moontlikheid wat op God of 'n siel wag om daar 'n spesifieke vorm en wese aan te gee. Die siel is die selfbewegende krag in die mens en is deel van die selfbewegende Siel van alle dinge. Dit is suiwer vitaliteit, onliggaamlik en onsterflik. Dit bestaan reeds vóór die liggaam en word na die dood, na gelang van verdienste, in hoër of laer wesens reïnkarneer.[3]

Plato se reïnkarnasiegedagte is voorberei deur Alcmaeon wat omstreeks die jaar 500 v.C. geleef het en wat geleer het dat die liggaam 'n beletsel vorm vir die sikliese beweging waardeur die siel deel het aan dieselfde onsterflikheid wat ook in die ewige sirkelgang van die sterre geopenbaar word. Alcmaeon is hiermee die grondlegger van die teorie van sielsverhuising. "De ziel heeft haar oorspronkelijke zetel onder de sterren; zij stort neer op aarde en wordt gebonden in een lichaam, waaruit zij bij de dood weer wordt bevrijd; de rang van haar volgende incarnatie (in plant, dier of mens) hangt af van haar levenswandel op aarde; dit proces duurt voort, totdat de ziel na enige duizenden jaren weer naar haar goddelijke oorsprong terug mag keren; men kan zijn kansen verbeteren door een rein leven te leiden." [4]

Volgens Plato "maak" die groot demiurg in sy "Timaeus"-dialoog die sigbare wêreld uit bestanddele wat hy eweneens uit iets maak wat eintlik slegs ruimte is. Hy maak die liggaam en siel van sterre en planete en hy maak mensesiele. Maar die liggame van wesens laer as die sterre maak hy nie: hulle is immers verganklik en sou goddelik gewees het as die demiurg hulle gemaak het. Aan die besielde sterre en planete dra hy dit op om die liggame van die mense en die laer wesens te maak. [5] Hiermee sluit Plato op filosofiese wyse by die mitologiese verklaring van die mens se liggaam-siel dualisme aan. Volgens die mitologie is Zeus se seun Dionysos deur die Titane vermoor en geëet, waarop Zeus hulle met bliksemstrale op die aarde neergeslaan het. Uit die neergeworpe Titane ontstaan die menslike ras wat ooreenkomstig sy afkoms aards en dierlik is, maar wat nogtans in sy siel 'n element van goddelikheid besit wat van die verslinde Dionysos

---

1) Vgl. Kellett: A short history of religions, p. 159.
2) Edersheim: The life and times of Jesus the Messiah I, p. 50.
3) Durant: De Griekse wereld, p. 598.
4) Verdenius, W.J.: De voor-socratische periode <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 196. Vgl. Platoon: Dialogen, 144.
5) Robbers: Antieke wijsgerige opvattingen in het Christelijk denkleven, p. 21.

afkomstig is. [1])

Plato splyt die eenheid van liggaam en siel, die ideaal van die welopgevoede Griek van die 6de en die 5de eeu v.C., in 'n sondige liggaam en 'n goddelike siel. [2]) Dit moet egter beklemtoon word dat dit nie 'n breuk met die Griekse denke was nie, maar 'n logiese uitbouing daarvan. By Plato is die dualisme van siel en liggaam trouens nog nie volledig nie: hy lê selfs 'n verband tussen bepaalde liggaamsdele en spesifieke karaktereienskappe. "Plato had aangenomen dat er drie zieledelen zijn, die in verschillende plaatsen van het lichaam zetelen: verstand in het hoofd, moed tussen hals en middenrif, begeerte tussen middenrif en navel, zodat de laatste, ver van het verstand verwijderd, dit zo weinig mogelijk beïnvloeden kon. De hals maakt een scheiding tussen wat in de ziel sterfelijk en onsterfelijk is." [3])

Die gedagte van die gespletenheid van siel en liggaam wat in Plato se opvattinge so 'n belangrike rol speel, kom, soos verwag kan word, reeds baie duidelik by sy leermeester Socrates voor. Die liggaam word deur Socrates in die "Phaidoon"-dialoog bestempel as 'n kwaad waarmee die siel besmet is en wat ontelbare rustelooshede bring omdat dit versorging vereis. [4]) Elke vreugde en smart heg die siel asof met 'n klinknael aan die liggaam vas en maak dit tot iets liggaamliks sodat die siel waan dat dié dinge waar is wat die liggaam waar noem. [5]) Die mens se hoogste opdrag kan dus slegs onttrekking van die siel aan die boeie van die liggaam wees. [6]) Die verskriklike van die gevangenskap van die siel in die liggaam is dat die mens dit self so wil hê, dat hy deur sy begeerte daaraan medepligtig is. "Als de vrienden hem (d.i. Socrates) op zijn laatste levensdag in de gevangenis komen opzoeken, zal deze dag, zoals hij laat merken, hem verlossen van de kwaad die 'leven' heet. Dat hij toch het geduld had om zeventig jaar oud te worden, komt alleen door een soort godsdienstige schroom voor zelfmoord. Maar ... het leven van de wijsgeer als zodanig, is een zich op sterven toeleggen. Immers zijn ziel tracht tijdens het leven zich te behoeden tegen de voortdurende insluipingen van het lichamelijke in de domeinen van het zielsleven." [7]) Hierdie minagting vir die liggaam blyk reeds in die tweede helfte van die 6de eeu v.C. by die

---

1) Méautis: Mythologie der Grieken, p. 90-91.
2) Durant: De Griekse wereld, p. 605.
3) Drossaart Lulofs, H.J.: Aristoteles in Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 248.
4) Platoon: Dialogen, p. 124.
5) Ibid., p. 147.
6) Ibid., p. 143.
7) Oldewelt, H.: Plato, p. 107.

volgelinge van Pythagoras met hulle leuse: Soma = sêma (die liggaam is 'n lykkis). [1]

Waar die ondermaanse beskou word as 'n grot, 'n woonplek van verstotenes in wie die herinnering aan die waaragtige Ligryk waar hulle werklik tuis hoort reeds byna vergaan het, is Plato se Ideëleer 'n troosleer. [2] In hooftrekke kom die Ideëleer, wat reeds deur Parmenides voorberei is met sy opmerking dat die ervaring nie alleen nutteloos nie maar tewens gevaarlik is aangesien dit die denke van die syn na die skyn aflei [3], daarop neer dat die algemeenhede wat begrippe genoem word, 'n selfstandige bestaan het, volkome onafhanklik van die mens se denke. [4] Hierdie grondvorme is onverganklik, onveranderlik, ondeelbaar, suiwer, selfstandig en kompleet. Hulle vorm die enigste absolute werklikheid en beliggaam die werklike synde wat die oorsaak van al die ander is. Hierdie grondvorme is onliggaamlik en onsigbaar. [5]

Volgens die teorie van die sielsverhuising is die mens se siel voor geboorte en tussen inkarnasies met hierdie ewige grondvorme in aanraking. Daarom het die mens heimwee na die ewigheid; hy is afkerig van die aardse werklikheid omdat hy van 'n edeler werklikheid weet as die kortstondige wat hom omgewe. [6] Dit beteken egter nie dat Plato die aardse lewe verloën nie. "Het rijk der schaduwen (d.i. die aarde) blijkt niet een leugen als de wereld der voorwerpen is ontdekt, maar de intensiteit van zijn aanzijn wordt eerst nu tot haar rechtmatige, uiters geringe sterkte teruggebracht ... Het is de opgang van een voorlopig begrijpen der dingen naar een steeds dieper verstaan; het is het voortdurende besef dat hij onderweg is, dat de wijsgerige onderscheidt van de niet-wijsgerige." [7] Elke nuutgewonne insig het slegs voorlopige geldigheid want agter elke afsonderlike wêreldbeskouing skuil weer 'n groter waarheid. Hierdie gedagte van die voorlopigheid van alle menslike wete word ook by Socrates aangetref.

Wanneer die siel ná die dood na Hades gaan, neem dit niks anders mee as sy vorming en opvoeding nie. Die siel moet derhalwe op aarde leer om die luste van die liggaam af te wys en moet selfbeheersing, regverdigheid, moed en vryheid nastreef. Die siel wat ordelik en verstandig is, gaan gewillig met die dood mee en begryp wat met hom gebeur. Maar die siel wat

---

1) Vloemans: De Voorsokratici, p. 64.
2) Vgl. Oldewelt: Plato, p. 112-113. Vgl. ook Plato:The republic, p. 278-286.
3) Vloemans: Op. cit., p. 89.
4) Oldewelt: Op. cit., p. 108.
5) Verdenius, W.J.: Plato <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 214-215.
6) Vgl. Oldewelt: Op. cit., p. 120.
7) Ibid., p. 121.

begerig aan die lewe hang, fladder lank om die liggaam en die sigbare wêreld rond en word na veel teëstribbeling en leed met geweld deur die demoon wat daarmee belas is, weggevoer. In die Ideëwêreld vermy die gelouterde siele so 'n siel wat daar eensaam en radeloos vertoef tot sy volgende inkarnasie toe. [1])

Aristoteles, Plato se beroemdste leerling, sluit by hierdie asketiese wêreldbeskouing aan. Vir hom, anders as vir Plato, is die siel egter nie iets wat tot die liggaam toegevoeg is nie, maar koëksistensief met die liggaam. Dit is naamlik die "eerste entelechie" van die liggaam, die inherente en voorbestemde vorm, sy drang en die rigting van sy groei. Die siel vorm die liggaam, en alle natuurlike liggame is organe van die siel. Soos die siel die "vorm" van die liggaam is, is God die "vorm" van die wêreld. God is nie die skepper van die stoflike wêreld nie, maar die kragverskaffende vorm daarvan. [2]) Ook vir hom is daar 'n grondliggende dualisme van siel en liggaam: ter illustrasie vergelyk hy die verbinding van siel en liggaam met die wrede handelswyse van Etruskiese seerowers wat die gewoonte gehad het om 'n lewende mens aangesig teen aangesig aan 'n lyk te bind en so te laat lê om om te kom. [3])

Dit moet egter onthou word dat hierdie Griekse liggaam-siel dualisme nie op 'n verwerping van die liggaam neerkom nie. Trouens, net soos Homerus het ook Plato 'n skerp gevoeligheid vir liggaamlike skoonheid gehad, maar hy het dit beskou as 'n goddelike gawe wat tegelyk die kosbaarste en die gevaarlikste van alle gawes is. [4]) Hiermee saam gaan die Grieke se naïewe opvatting dat liggaamlike met sedelike skoonheid saamval, 'n opvatting wat ook in die taal sy neerslag vind deurdat kalos tegelyk mooi en edel, aischros lelik en skandelik beteken. [5]) Daarom is die ware doel van gimnastiek vir Aristoteles om die liggaam te versorg ter wille van die siel. [6])

Dit is teen die agtergrond van hierdie beskouing dat die Grieke se liefde vir sport gesien moet word, wat tot vyf gereelde spele-byeenkomste aanleiding gegee het. Volgens oorlewering was die mitologiese held Herakles die stigter van die Olimpiese spele. [7]) Die spele is ter ere van die gode

---

1) Platoon: Dialogen, p. 177-184.
2) Durant: De Griekse wereld, p. 614-615.
3) Drossaart Lulofs: Aristoteles in Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuurwereld I, p. 228.
4) Vgl. Plato: The republic, p. 145, 152-155.
5) Flacelière, R.: Liefde in het oude Griekenland, p. 209.
6) Castle: Ancient education and today, p. 98.
7) Méautis: Mythologie der Grieken, p. 159, 166.

gehou [1]) en het dikwels verband gehou met begrafnisseremonies [2]), moontlik sodat die gode die siel van die afgestorwene in 'n volmaakte liggaam sou inkarneer. Die doel van gimnastiek en spele was nie primêr die ontwikkeling van die liggaam nie, maar die opvoeding van die gees. [3]) Plato sien in, wat min ander besef het, dat dit gevaarlik is om aan te neem dat liggaamlike dissipline vanself voldoende vorming vir die siel is. "It is not true that a sound and healthy body is enough to produce a sound mind; while on the contrary the sound mind has power in itself to make the bodily condition as perfect as can be." [4]) Vir hom is die siel 'n hoër vorm van die werklikheid as die liggaam.

Die teëstelling van siel en liggaam en die gedagte dat die liggaam 'n gevangenis van die siel is, spreek reeds uit Homerus se Ilias: "Toe het Atreus se seun mos vir Huperênor, herder van volkere, in sy sy gesteek, en die koper het sy ingewande venynig weggeskeur: al met die gesteekte wond langs het sy siel haastig voortgesnel, en die donker het sy twee oë bedek."[5])

Die lyn van die liggaam-siel dualisme waarvolgens hierdie twee elemente voortdurend teen mekaar stryd voer omdat die mens in sy gespletenheid stof is (die bron van alle kwaad) sowel as siel (die goddelike komponent), loop dwarsdeur die gedagtes van die groot Griekse filosowe, deur die misteriegodsdienste [6]), en bereik 'n hoogtepunt in die Gnostisisme.

Die Gnosis, wat eers in die 2$^{de}$ eeu n.C. in die denkbeelde van Valentinus en Basilides sy hoogtepunt bereik het, sou chronologies buite die bestek van hierdie studie val, maar dit is kenmerkend Grieks en daar is tewens aanduidings dat gnostiese denkers reeds in die gemeentes van Galásië, Korinthe en moontlik Kolosse teëstanders van Paulus was. Die Gnosis is in sekere opsigte die uitbouing en kulminasie van die inherente Griekse siel-liggaam dualisme en daarom moet die hooftrekke hier kortliks geskets word.

Al die gnostiese stelsels het die gedagte in gemeen dat die wêreld boos en reddeloos verlore is. Slegs die goddelike vonk wat in sommige mense gevange is, kan gered word. Die transendente God kan nie direk verantwoordelik wees vir die skepping van so 'n bose wêreld nie. Tussen God en die

---

1) L. Batelaan: De strijd van Paulus tegen het syncretisme in Grosheide, F.W.: Arcana revelata, p. 11.
2) Vgl. Durant: De Griekse wereld, p. 58.
3) Nettleship: The theory of education in Plato's Republic, p. 30-31, 88.
4) Castle: Ancient education and today, p. 73. Vgl. ook p. 88, asook Nettleship: Op. cit., p. 30.
5) Van Rensburg, J.P.J.: Homerus: Die Ilias uit die oorspronklike Grieks vertaal, p. 227. Vgl. ook p. 258.
6) Vgl. Aalders, G.J.D.: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 43.

mens postuleer die Gnostici dus demiurge of geestelike wesens deur wie se sonde en onkunde die wêreld ontstaan het. Op een of ander wyse het die goddelike vonk van God gekom en aan sommige mense die moontlikheid gegee om gered te word. In ooreenstemming met die neerdaling van die goddelike element (die siel) in die materie, is die latere koms van die Verlosser wat onkunde verwyder en aan geestelike mense wat in staat is om dit te ontvang, selfkennis gebring het. [1]

In sy diepste wese is die mens, danksy die vonk van God wat sy siel is, 'n deel van die godheid. Sy Self word deur die verbinding met die liggaam nie aangetas nie. [2] Die mens is in hierdie wêreld nie tuis nie, want sy ware woonplek is die geestelike wêreld. Die goddelike siel het egter voor die verleiding van die wellus beswyk en is nou soos met spykers aan die liggaam vasgenael. Innerlik bly die mens egter van die wêreld verskillend: hy is in sy diepste wese vry en gaan nie resloos in die natuur op nie.

Die Gnosis lê sterk nadruk op die kwalitatiewe verskil tussen mens en wêreld. Die mens is in wese iets anders as die planeetgode deur wie die heelal gemaak is. Baie van die gnostiese stelsels druk 'n intense vyandigheid teen die "God van die Jode" uit wat as die hoof van die planeetgode en dus as die vernaamste vyand van die ware God beskou word. [3]

Die mens is soos God; hy is anders as die wêreld, wat daardeur iets demonies kry. Omdat hy 'n vonk van God in hom het, is die mens die enigste lewende wese wat 'n dubbele natuur het: sterflik weens die liggaam, onsterflik deur die wesenlike mens.

God is vir die Gnostisisme die onbekende God, verhewe bo die sintuiglike en geestelike wêreld. Aan alle mense het Hy verstand gegee, maar om God te verstaan, is verstand onvoldoende: daarvoor is intuïsie nodig wat Hy slegs as geheime openbaring aan weiniges skenk. Hier verskil die Gnosis ingrypend van die Griekse filosofie aan wie die idee van genade en openbaring wat bó die rede uitgaan, vreemd is: die Gnosis berus op die gedagte van 'n unio mystica tussen mens en God.

Wat wel aan die Griekse opvattinge herinner, is die uitgesproke gees-materie dualisme van die Gnosis wat tot 'n bodemlose wêreldpessimisme aanleiding gee: die goeie bestaan slegs in God, en die liggaam en die wêreld is onredbaar boos.

---

1) Vgl. Grant, R.M.: Gnosticism, p. 13-16, 24.
2) Quispel, G.: De heidense gnosis <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 155.
3) Grant: Op. cit., p. 31.

Die Gnosis bied, danksy die geheime kennis wat deur die Verlosser daaraan geopenbaar is, 'n weg by die vyandiggesinde planeetgode verby na die transendente God. Hiertoe dien twee weë: die kennis van geheime wagwoorde wat deurgang tussen die demiurge verseker, en die inkeer tot God en die bewuswording van die mens se diepste wese. [1]) Laasgenoemde is die sentrale tema van die Gnosis.

Naas die Christelike was daar 'n heidense Gnosis wat in hooftrekke met die Christelike ooreenstem. Sekere gnostiese elemente is vermoedelik van Griekse en Persiese oorsprong, terwyl die Verlosserbeeld onmiskenbare Christelike invloed toon. [2])

Die siel-liggaam dualisme lei tot die opvatting dat die sondes van die liggaam geen uitwerking op die siel het nie: die geestelike mens is vry om te doen wat hy wil want die demiurge wat die wêreld gemaak het, het geen heerskappy oor hom nie. [3])

Sommige Gnostici soos Simon en Menander verkondig 'n militante asketisme waarvolgens huwelik en voortplanting van die Satan is en die enigste doel van die goddelike lewensvonk is om aan die wêreld te ontsnap.

Vir ander, soos die volgelinge van Carpocrates en Epiphanes, is die onaantasbaarheid van die siel deur die handelinge van die liggaam die spoorslag tot ongebreidelde wellustigheid. Epiphanes bespot die "God van die Jode" se verbod op die begeer van die naaste se vrou en verkondig die gemeenskaplike besit van vroue (wat trouens ook in die gedagtes van Plato en die Stoa voorkom). Vir Carpocrates se volgelinge is die liggaam, soos vir Plato, die gevangenis van die siel. In sy verblyf in die liggaam moet die siel elke moontlike soort lewe en handeling ondervind. Slegs deur elke sonde te begaan, verkry die siel sy vryheid. "The souls which in a single life on earth manage to participate in all sins, will no longer become reincarnate but, having paid all their 'debts', will be freed so that they no longer come to be in a body." [4])

Belangrike elemente van die Gnosis is volkome vreemd aan die Griekse filosofie, maar die gees-liggaam dualisme waarop dit gebou is, lê diep verwortel in die opvattinge van die groot Griekse filosowe. Hierdie skeiding tussen die siel, wat goed is, en die liggaam, wat die bron van boosheid is, het aanleiding gegee enersyds tot asketiese wêreldontvlugting, andersyds

---

1) Quispel: De heidense gnosis <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 157-166.
2) Vgl. Grant: Gnosticism, p. 17-18.
3) Ibid., p. 25.
4) Ibid., p. 37-38.

tot sedelose wellustigheid en die opvatting dat die mens deur sy sonde gered moet word.

Vir die denkende Griek, deurdrenk van die Hellenistiese wysheid, moes die Christelike boodskap van God wat mens geword het, nie alleen ondenkbaar nie, maar tewens godslasterlik geklink het.

(2) Die medemens.

(a) Die gemeenskap.

Die Griek se voorliefde vir dialektiek wat onder meer uit Socrates se leermetode, Plato se dialoë en die hoë peil van die Griekse drama spreek, het hom opponerende standpunte teenoor mekaar laat stel waartussen hy met sy geniale gees tog harmonie gebring het. Miskien was die spanning wat deur hierdie gespletenheid gebring is, juis die sterkste voedingsbodem van die Griekse kultuur. 1)

Een van die belangrikste dialektiese verhoudinge wat in Griekeland tot 'n vitale geheel saamgevat is, was dié tussen individu en gemeenskap, 'n teëstelling wat in ouer samelewings nie aangevoel is nie.

Die individu tree naamlik betreklik laat eers op die voorgrond en was vóór die tyd van die Grieke altyd ten volle aan die gemeenskap ondergeskik. Die mens is wesenlik 'n maatskaplike skepsel: groepvorming is 'n natuurlike menslike trek wat onder meer uit die behoefte aan beskerming en liefde voortvloei. 2) Die mens het ander mense nodig omdat hy orde nodig het. 3) Vir die Christen-evolusionis Teilhard de Chardin is die samelewing op alle trappe geen sporadiese of toevallige verskynsel by die lewende wesens nie: dit is inteendeel een van die mees betekenisvolle meganismes vir die uitbreiding van die lewe. 4) Die natuur toon 'n volslae ongevoeligheid vir die lot van die enkeling: die lewe trek voort oor 'n brug van opgehoopte kadawers. Daarom sien hy "tot aan het verste punt waar wij onze voorouders nog kunnen waarnemen, ... hen in groepen." 5)

Daar is gewys op die feit dat die noodsaaklikheid van besproeiing in Mesopotamië, Egipte en Indië aanleiding gegee het tot die ontstaan van groot gemeenskappe. 6) Grondliggender as die eenheid wat op die noodsaaklikheid van samewerking vir stoflike voortbestaan berus, is egter die religieuse

---

1) Vgl. Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 53.
2) Fletcher: Leven zonder angst, p. 57.
3) Murphy: De geestelijke evolutie van de mens, p. 49. Vgl. Childe: What happened in history, p. 138.
4) Teilhard de Chardin: Het verschijnsel mens, p. 83.
5) Ibid., p. 169. Vgl. ook p. 86.
6) Frankfort: Het ontstaan van de beschaving in het Nabije Oosten, p. 50-51. Vgl. ook Childe: Op. cit., p. 77.

grondslag van die gemeenskapslewe. [1] Dwarsdeur die oudheid was die godsdiens die sterkste gemeenskapsband: die enkeling was onderworpe aan die gode van die gemeenskap; kultus was belangriker as persoonlike gewete. [2] Daarmee was die enkeling volkome aan die belange van die gemeenskap ondergeskik. Oosterse gemeenskappe het nooit van die teëstelling tussen enkeling en groep bewus geword nie: dit was die Grieke met hulle kenmerkende dialektiek en hulle liefde vir vryheid en outonomie wat hierdie vraagstuk die eerste geopper het. [3]

Verskillende Griekse poleis het die vraagstuk op verskillende maniere probeer oplos. Van Sparta, die Doriese stadstaat wat steeds in gevaar van uitwissing deur die onderdrukte Helote verkeer het [4], sê Plutarchus dat dit "bred up his citizens in such a way that they neither would nor could live by themselves; they were to make themselves one with the public good and, clustering like bees around their commander, be by their zeal and public spirit carried all but out of themselves and devoted wholly to their country." [5]

In Athene met sy kenmerkende vryheidsliefde tree die individu vir die eerste keer na vore in plaas daarvan om gestalteloos in die gemeenskap op te gaan. [6] Omdat die staat altyd klein en kompak was, kon die individuele Atheense burger direk aan alle staatsbedrywighede deelneem: as soldaat, as wetgewer, regter en amptenaar, waarvoor hy deur die lot of outomaties in aanmerking gekom het. Hierdie direkte, persoonlike diens het vanselfsprekend baie van die individu se tyd in beslag geneem en die onderskikking van sy belange aan dié van die staat geëis. Die Griek het dit egter nie as 'n aantasting van sy persoonlike vryheid beskou nie: vir hom was goeie burgerskap die hoogste ideaal. [7] Die Atheners erken die reg van die staat om hulle persoon en besittings vir sy doel te gebruik omdat die staat die geleentheid bied tot ontplooiing van die mens: die staat is die vader en bewaker van hulle vryhede. [8]

Die Griek slaag daarin om 'n harmonieuse eenheid uit die belange van die enkeling en die gemeenskap te skep, wat tot die wêreld se eerste

---

1) Frankfort: Het ontstaan van de beschaving in het Nabije Oosten, p. 46-47.
2) Vgl. De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 328-329.
3) Thiel, H.J.: Het Hellenisme van Alexander de Grote tot de Romeinse overheersing in Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 3.
4) Durant: De Griekse wereld, p. 88.
5) Castle: Ancient education and today, p. 18.
6) Vgl. Eby & Arrowood: The history and philosophy of education, p. 193.
7) Ibid., p. 194.
8) Durant: Op. cit., p. 347-348.

demokrasie aanleiding gee. Volgens 'n vertaling uit Thucydides het Pericles in 431 v.C. in 'n toespraak onder meer gesê: "It is true that we are called a democracy, for the administration is in the hands of the many and not of the few. But while the law secures equal justice to all alike in their private disputes, the claim of excellence is also recognized; and when a citizen is in any way distinguished, he is preferred to the public service, not as a matter of privilege, but as the reward of merit. Neither is poverty a bar, but a man may benefit his country whatever be the obscurity of his position. There is no exclusiveness in our public life ... While we are unconstrained in our private intercourse, a spirit of reverence pervades our public acts; we are prevented from doing wrong by respect for authority and for the laws, having an especial regard for those which are ordained for the protection of the injured, as well as to those unwritten laws which bring upon the transgressor of them the reprobation of the general sentiment ... We alone regard a man who takes no interest in public affairs, not as a harmless, but as a useless character; and if few of us are originators, we are all sound judges of a policy." [1])

Vir die Athener is die <u>wet</u> die siel van die stad. Hier geld vir die eerste keer die regering deur wette en nie deur mense nie. [2]) Die beginsel van die gelyke regte van die lede van die gemeenskap is 'n bydrae van Athene. Dit is opmerklik dat die opkoms van die individu in Athene plaasvind in die tyd toe geloof aan die volksgodsdiens verval het en filosofie die vraag na die sin van die lewe moes beantwoord: filosofie (die rede) rig hom naamlik tot die individuele.

Die groot filosowe bewaar nog 'n noue band tussen enkeling en gemeenskap. Socrates wys daarop dat geen mens tot wat vir hom die beste is kom sonder dat die mensdom as sodanig daardeur vooruitgaan nie. [3]) Vir Plato is die gemeenskap 'n uitvloeisel van die menslike siel en daarmee is dit slegs 'n groter individu. [4]) Elke mens het behoeftes wat slegs deur die gemeenskap vervul kan word. Die siel is drieledig en sy grootste bestanddeel is begeerte wat op onmiddellike bevrediging gerig is en slegs gedeeltelik vir oorheersing deur die rede vatbaar is. Verder is in die siel 'n element van selfgelding wat die oorsprong is van karaktertrekke wat wissel van moed tot bruutheid, van ambisie tot strydlustigheid, van

1) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 142.
2) Durant: De Griekse wereld, p. 306-307.
3) Oldewelt: Plato, p. 23.
4) Vgl. Nettleship: The theory of education in Plato's Republic, p. 3-4.

geregverdigde ontevredenheid tot onredelike humeurigheid. Laastens is in die siel die element van ontvanklikheid wat, as dit nie tot karakterswakheid degenereer nie, ontwikkel tot teerheid, gemeenskapsin en liefde, tot verfyning, kultuur en wysheid. 1) In die ideale gemeenskap sal drie ooreenstemmende stande voorkom en die opvoeding moet aangewend word om die mens van sy rol in die samelewing bewus te maak en daarvoor voor te berei.2) Wanneer elke mens 'n plek in die samelewing vind wat by sy persoonlike aanleg pas, sal hy self die grootste moontlike mate van geluk en vryheid geniet, en sal ook die gemeenskap daardeur die beste gedien word. 3)

Met sy kenmerkende redesnobisme wat eie is aan die Griek, erken Plato die waarde van religie en bygeloof om die onnadenkende massa in bedwang te hou en om die gemeenskap teen die chaos van oorindividualisme te beskerm. 4) Die staat sou bepaal watter gode aanbid moes word. 5) Religie het naamlik by die gewone volk nog altyd 'n baie belangrike rol gespeel. 6) Die godsdienssin van die gewone burger word hiermee bewus as werktuig in diens van die instandhouding van die gemeenskap aangewend, maar die Griek se redesnobisme verhinder nietemin 'n ware gemeenskapslewe, wat slegs op 'n gevoel van verbondenheid kan berus. Die intellek is op die individuele toegspits en werk skeiding in die hand. Plato minag nie slegs alles wat nie Grieks is nie, maar ook die eie volksgenoot wat intellektueel minder bedeeld is. Daardeur is Athene ten spyte van sy verligtheid geen ware demokrasie nie, en word alle vroue, alle slawe, byna alle arbeiders en dientengevolge 'n groot deel van die handelsklas van vrye burgerskap uitgesluit. Uit die Attiese bevolking van 315,000 het slegs sowat 43,000 burgers politieke mag gehad. 7)

Hierdie neiging om alles wat nie Grieks was nie as minderwaardig te beskou, het meegebring dat vreemde religieë eers ná die begin van die verval van die <u>polis</u> in Griekeland opgang gemaak het. 8) Alle vreemdelinge is as <u>barbare</u> beskou (letterlik: persone wat Grieks stamelend praat) en was aangewese om die Grieke te dien. 9) Hulle moes derhalwe soos plante en diere gebruik word. 10) Gebrek aan verstandelike begaafdheid maak ook van

---

1) Nettleship: The theory of education, p. 17. Vgl. De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 178.
2) Nettleship: Op. cit., p. 27. Vgl. ook Plato: The republic, p. 183-186.
3) Nettleship: Op. cit., p. 79.
4) Childe: What happened in history, p. 234.
5) Durant: De Griekse wereld, p. 605. Vgl. Plato: Op. cit., p. 160-161.
6) Durant: Op. cit., p. 235.
7) Ibid., p. 298.
8) Vgl. Aalders: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 43.
9) Durant: Op. cit., p. 308.
10) Woltjer: De beteekenis van het Oosten voor de klassieke oudheid, p. 10-11.

'n Griek 'n "natuurlike slaaf." [1] Geluk is nie vir die groot massa bestem nie, maar slegs vir die uitverkorenes. [2] Plato sê van die ware wyse dat slegs sy liggaam in die staat woon; sy siel beskou dit egter as nietig en sweef veragtelik daaroor heen. [3] Plato se wyse beskou die minderbedeelde nie as 'n medemens nie. Nogtans het die Atheense samelewing nie slegs daarin geslaag om die fyne ewewig tussen die belange van die enkeling en die gemeenskap in die teorie te stel nie, maar om die demokrasie op die gebied van wetgewing, administrasie en selfs die ekonomie daadwerklik te laat fungeer. [4]

Socrates, Plato en Aristoteles waarsku egter dringend teen die gevare wat 'n demokratiese stelsel inhou. [5] Hulle is voorstanders van die klein, totalitêre staat waarin die regering in die hande van 'n geestelik bekwame en geoefende aristokrasie is. Volgens 'n vertaling uit Xenophon sou Socrates in dié verband gesê het: "Het is dwaas, magistraten te kiezen door het lot, terwijl niemand er aan denken zou te loten bij de keuze van een loods, een metselaar, een fluitspeler of een handwerksman, hoewel de tekortkomingen van zulke mensen veel onschuldiger zijn dan van hen die onze regering in de war brengen." [6] Volgens Aristoteles is demokrasie gebaseer op die triomf van die arme oor die ryke en die stryd om mag; dit lei tot selfmoord van die staat en tot chaos. Om te regeer vereis besondere bekwaamheid en kennis, waartoe gewone handwerkers en gehuurde diensknegte nie kan kom nie. Gelykheid is goed, maar slegs tussen gelykes. [7] Soos die grondprinsipe van die monargie <u>mag</u> is wat tirannie, oorlog en rewolusie uitlok, is die grondprinsipe van die demokrasie <u>vryheid</u> wat chaos uitlok. [8]

Die liefde vir die polis, wat vir die Grieke 'n kosbare instelling en die hoogtepunt van die geesteslewe was, het hulle egter teen oordrewe individualisme bewaar, maar ná Alexander verdwyn dit as bindende faktor, en daarmee saam die religie wat aan die polis verbonde was. Dit was gemeenskapsgodsdiens en toe die gemeenskap verval, het die enkeling sy heil óf in die meer individuele misteriedienste óf in die filosofie gesoek. [9]

---

1) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 187-188. Vgl. Childe: What happened in history, p. 233-234.
2) Robbers: Antieke wijsgerige opvattingen, p. 49.
3) Juncker, A.: Die Ethik des Apostels Paulus, p. 129.
4) Childe: Op. cit., p. 215.
5) Plato: The republic, p. 176, 335.
6) Durant: De Griekse wereld, p. 433. Vgl. De Burgh: Op. cit., p. 169, 179.
7) Durant: Op. cit., p. 619.
8) Ibid., p. 648.
9) Aalders: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 106.

In plaas van die juiste opbou van die staat, wat nog by Socrates, Plato en Aristoteles van die grootste belang was, kom nou in die filosofie die probleem van die vorming van die individu na vore, wat uiteindelik in die leer van die Stoa sy hoogtepunt sou bereik. Die verval van die Griekse stadstaat en die Griekse gemeenskap is veral aan oordrewe individualisme te wyte; dit laat die ingebore Griekse wedywerlus opvlam tot bloedige botsings van enkeling teen enkeling en polis teen polis. Die burgeroorlog wat daaruit voortgevloei het, laat Hellas as politieke mag verdwyn, maar die Griekse denke deurbreek daardeur sy enge bande en word as Hellenisme 'n wêreldkultuur. [1])

Vir die intellektualistiese, individualistiese Griek, wat aan die wêreld sy eerste demokratiese gemeenskap gegee het maar nie werklik daarin geglo het nie, geld die woorde wat Hegel van Socrates gebruik het: alhoewel hy sy plig teenoor die polis getrou nagekom het, was nie Athene nie, maar die wêreld van die denke sy ware tuiste. [2])

(b) Die huwelik en die vrou.

(i) Die wettige huwelik. In die ou Griekse beskawing het die vrou hoë aansien geniet. Mede deur háar toedoen was die Heldetyd 'n glorietyd, - maar dan verdwyn sy plotseling uit die geskiedenis van Griekeland. Dat hierdie afsondering van die vrou nie aan die Doriese inval toegeskryf moet word nie, blyk uit die belangrike posisie wat die vrou in die Doriese staat Sparta ingeneem het. Die Oosterse karakter van die Griekse huwelik is vermoedelik uit die Nabye Ooste afkomstig.

Reeds by Hesiodos, een van die vormgewers van die Griekse mitologie, word die eerste vrou, Pandora, as 'n straf beskou [3]) en Homerus beskryf in sy "Ilias" die godin Hera as die listige wat haar man, Zeus, met bedrog oorheers. [4]) Die godin Afrodite is van Oosterse oorsprong en simboliseer die ongeoorloofde seksuele aantrekkingskrag. Vir die Grieke uit die Homeriese tydvak was sy die verderflike en ontbindende krag [5]), want om aan die vlees toe te gee, beteken 'n vernedering en 'n val. (Uit hierdie opvatting spreek weer die siel-liggaam dualisme).

Die afsondering van die vrou het reeds in die Myceense tydperk bestaan, soos opgrawings van die burgpaleis van Tiryns, wat uit die 14$^{de}$ eeu v.C. dateer, aan die lig gebring het. [6])

---

1) Vgl. Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 57-58.
2) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 170.
3) Méautis: Mythologie der Grieken, p. 40.
4) Ibid., p. 53.
5) Ibid., p. 105-106. Vgl. ook p. 108-109.
6) Durant: De Griekse wereld, p. 33-34.

Waar die man, psigologies gesien, die geestelike beginsel verteenwoordig, is by die vrou die werklikheidsin toonaangewend. [1]) "Steeds weer zien wij hoe sterk de logos, de idee, de neiging tot het ideale, tot het doordachte, de gevoelens van de man voortstuwt of remt ... De vrouw daarentegen is in vérgaande mate afhankelijk van haar natuurlijke bestemming tot moeder en geliefde ... De uterus beheerst in angs, vreugde, smart, hunkering, in overgave of afweer haar rijke psychische schala." [2]) Die vrou gaan van die konkrete, die na aan die hart liggende en vertroude uit. [3]) In die opvoeding verteenwoordig die vaderbeeld dan ook in die algemeen die funksie van die logos (onderskeiding), die moederbeeld dié van die eros (verbinding, kontaklegging). [4])

Vir die Griekse denke, ingestel op die rede, met 'n diepe minagting vir die materiële en liggaamlike en geneig tot die uitbouing van dialektiese gespletenheid, was dit byna onvermydelik dat die man met die logos of rede of vormende prinsipe geassosieer sou word en die vrou met die minderwaardige materie, vormbaar, maar in verset teen die vorming. [5])

In Sparta, wat 'n militaristiese leefwyse gehandhaaf het en nie tot subtiele aanvoeling en denke geneig was nie, het die vrou 'n hoër posisie as in Athene beklee. Die vrou het hier eweveel vryheid as die man gehad en meisies is ook opgevoed. Omdat daar steeds aanvraag na gesonde soldate was, is 'n ruwe eugenetika toegepas deur swak kinders by geboorte om die lewe te bring. Liggaamlike gesondheid was die hoofsaak, en selfs 'n koning, Archidamus, is beboet omdat hy 'n baie tengerige vrou getrou het. Mans is aangemoedig om hulle vroue aan besondere mans uit te leen om sodoende 'n uitnemender ras te teel. Liefde was ondergeskik aan die eise van die oorlog en die staat het huwelike streng beheer. Die selibaat is as 'n misdaad beskou en vrygeselle is van bepaalde voorregte uitgesluit. [6])

Ook in Athene is die huwelik in die meeste gevalle nie uit liefde aangegaan nie, maar om kinders, of liewer: 'n enigste seun te verwek om die vader se erfgenaam te wees en hom en sy graf te versorg. [7]) Romantiese liefde is as 'n vorm van besetenheid beskou. Die letter van die wet het die Athener verbied om ongetroud te bly, maar dit is nie altyd streng toegepas nie, sodat die groot aantal vrygeselle in die tyd ná Pericles

---

1) Vgl. Köhn-Behrens: Problemen der hedendaagse erotiek, p. 48.
2) Ibid., p. 66.
3) Vgl. Zbinden: De bedreigde mens, p. 226.
4) Wijngaarden: Hoofdproblemen, p. 100. Vgl. Buytendijk, F.J.J.: De vrouw, p. 22.
5) Vgl. De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 185.
6) Durant: De Griekse wereld, p. 98-100.
7) Flaceliére: Liefde in het oude Griekenland, p. 94. Vgl. Durant: Op. cit., p. 353.

een van die fundamentele probleme geword het. "De mannen die zwichten, trouwen laat, gewoonlijk als zij bijna dertig jaar zijn, en dringen dan aan op bruiden die beslist niet veel ouder dan vyftien jaar zijn." [1])

Na haar huwelik, wat deur haar ouers gereël is, gaan die bruid na haar toekomstige huis waar sy feitlik die lewe van 'n diensmeisie lei. Selfs 'n fisiologiese dwaling speel 'n rol in haar onderworpe posisie, naamlik die teorie dat die generatiewe krag aan die man behoort en dat die vrou net die draagster en voedster van die kind is. Daar is gemeen dat die natuurlike gevolg van die voortplanting 'n manlike wese sou wees. Die vroulike vrug sou dan die gevolg wees van 'n gebrek by die voortplanting. [2]) Die feit dat die man tweemaal so oud as die vrou is, werk haar onderworpenheid verder in die hand: hy vorm haar gees in sekere mate ooreenkomstig sý lewensopvatting. [3])

Slegs om drie redes verlaat 'n fatsoenlike Atheense vrou ooit die vrouevertrekke, naamlik om deel te neem aan 'n fees, om persoonlike inkopies te doen of om godsdienstige plegtighede by te woon. Van die teater en die spele is sy uitgesluit. Behalwe by feeste neem man en vrou hulle maaltye selde in mekaar se geselskap. Ook wanneer die Athener vriende na sy huis nooi, verskyn sy vrou nie in die feessaal nie, en sy vergesel hom ook nie wanneer hy uitgenooi word nie. Volgens 'n dialoog van Xenophon het Socrates eenkeer die vraag gestel: "Is daar mense met wie jy minder praat as met jou vrou?" en die antwoord was ontkennend. [4])

Die gesin het weinig belang en geen morele waarde gehad nie. "The wife had no soul and did not count. Hence the inferior status of women and children." [5]) Die Atheense meisie se opvoeding het hoofsaaklik uit die aanleer van huishoudelike vaardighede in die gynaeceum (vroue-afdeling van die huis) bestaan en sy is owerigens doelbewus onkundig gehou om haar afhanklikheid van die man te verseker. "Wat kon ze wel weten ... toen ik haar bij mij in huis heb genomen? Ze was nog geen vyftien jaar en tot die tijd had ze onder streng toezicht geleefd, terwijl ze zo weinig mogelijk mocht zien en horen en zo weinig mogelijk vragen mocht stellen." [6])

In die huwelik het die man derhalwe selde geestelike gemeenskap

---

1) Durant: De Griekse wereld, p. 353-354. Vgl. Hommes, N.J.: Taceat mulier in ecclesia <u>in</u> Grosheide: Arcana revelata, p. 39.
2) Buytendijk: De vrouw, p. 31.
3) Durant: Op. cit., p. 356.
4) Flacelière: Liefde in het oude Griekenland, p. 109-110.
5) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 103-104.
6) Flacelière: Op. cit., p. 101.

gevind. Weens gebrek aan opvoeding vir die meisie het daar 'n diepe kloof tussen die geslagte ontstaan. Die Atheense samelewing was daardeur uniseksueel en het die grasie en die stimulans van die vrou se aanwesigheid ontbeer. [1])

In haar huis is die vrou nietemin geëer en gehoorsaam en sy het oor die algemeen 'n werklike invloed op die man uitgeoefen. Haar skoonheid, die kinders wat sy in die lewe gebring en opgevoed het, die gedeelde vreugde en leed van die huwelik, het meegebring dat die gemiddelde Athener nogtans lief was vir sy vrou. In die letterkunde kom pragtige vrouekarakters voor soos Antigone, Alcestis, Iphigenie, Andromache en so meer, en 'n grafskrif uit die Atheense tyd lui: "Onder hierdie steen het Marathonis Nicopolis gelê en die marmer met die dou van sy trane bevogtig. Maar dit was tevergeefs. Wat het 'n man wie se vrou heengegaan het en wat alleen op die aarde agtergelaat is?" [2])

Die 4de eeu v.C., die tydperk na die koms van Philippus van Macedonië, is 'n tydperk van verval. Die staatsgodsdiens verloor sy houvas en die seksuele moraal daal. Vrye verbintenisse wen veld op wettige huwelike. Gesinsbeperking deur voorbehoedmiddels, abortus en kindermoord is aan die orde van die dag. [3]) Hierdie insinking duur voort in die Hellenistiese tyd ná Alexander: die gedeeltelike emansipasie van die vrou gaan gepaard met verset teen moederskap, en slegs één uit honderd gesinne in Griekeland voed nog meer as een dogter op. Filosowe keur die dood van pasgeborenes goed aangesien dit die bevolkingsdruk verlig. Ook die laer volksklasse begin hierdie praktyk op groot skaal toepas, sodat die sterfte- die geboortesyfer oortref. [4])

Sedert die 4de eeu v.C. word die groter vryheid van die vrou weerspieël deur die feit dat daar voorsiening gemaak word vir die opvoeding van die meisie, soos byvoorbeeld in die inrigting van die digteres Sappho op Lesbos. [5]) Plato neem ook vroue in sy Akademie op en in die beeldhoukuns word die skoonheid van die vroueliggaam ontdek. [6])

Verskillende filosofiese skole het in hierdie tyd verskillende opvattinge oor die vrou, die liefde en die huwelik.

Epicurus is nie 'n vrouehater nie: sy ataraxia-leer beoog die volkome

---

1) Durant: De Griekse wereld, p. 352, 357.
2) Ibid., p. 357-358.
3) Ibid., p. 541.
4) Ibid., p. 659-660.
5) Vgl. Flacelière: Liefde in het oude Griekenland, p. 118.
6) Ibid., p. 112-114. Vgl. Durant: Op. cit., p. 591-592.

uitmekaar-hou van die liggaamlike genot van die omhelsing, wat as weldadig en aanbevelenswaardig beskou word, en die liefdesgevoel, wat gevaarlik is.

Vir die Stoa is die liefde nie slegs 'n liggaamlike begeerte nie: dit staan in noue verband met die skoonheidskultus wat so diep in die Griekse siel veranker lê en het as uiteindelike doel nie geslagtelike vereniging nie, maar die vriendskap van die gees, waaroorheen dit na deug moet voer.

Teen die einde van die eerste eeu van die Christelike jaartelling oorwin Plutarchus die liggaam-siel dualisme wat die Griekse huwelik so lank degradeer het. Hy wys daarop dat egtelike liefde die superieure vorm van liefde is. "De lichamelijke verbintenis met een echtgenote is een bron van vriendschap, gelijk een gemeenschappelijk deelhebben aan grote mysteries. De wellust is van korte duur, maar ze is als een kiem waaruit van dag tot dag tussen de echtelieden het respect, de welwillendheid, de genegenheid en het vertrouwen opgroeien." [1])

Voordat die gespletenheid wat so lank die Griekse huweliksbeskouing ontredder het, hierdeur geheel kon word, sou dit egter nog tot talle euwels en perversiteite aanleiding gee, waaronder prostitusie en pederastie hier genoem moet word.

(ii) Prostitusie. By byna alle volke van die Ooste het tempelprostitusie 'n rol gespeel, waarby maagdelikheid en verdienste aan die betrokke godin geoffer is. [2]) Die seksuele gemeenskap, wat ook in die Kanaänitiese godsdiens deel van die aanbidding was, was in teorie 'n simboliese handeling waardeur die Self verbind word met energie waaruit die wêreld oorspronklik ontstaan het. [3])

In Griekeland was dit die godin Afrodite wat deur hierodoelai gedien is, soos Isjtar in Babilonië. Veral in die tweehawe-stad Korinthe was die "heiligdom" van Afrodite so ryk dat meer as duisend tempeldienaresse daar diens gedoen het. Deur hulle toedoen het die stad welvarend en berug geword. [4]) Vir die Griek, vir wie deug skoonheid en skoonheid deug was en vir wie religie en etos nog nie saamgeval het soos in die Joodse en Christelike godsdiens nie, was tempelprostitusie 'n normale instelling. [5])

Naas die gewyde prostitusie het in Griekeland ook nog uitgebreide vrye

---

1) Flaceliére: Liefde in het oude Griekenland, p. 170-171. Vgl. ook p.163 e.v.
2) Köhn-Behrens: Problemen der hedendaagse erotiek, p. 168.
3) Kellett: A short history of religions, p. 400.
4) Flaceliére: Op. cit., p. 121-123.
5) Ibid., p. 130.

prostitusie bestaan. In die huwelikslewe het die man selde geestelike kameraadskap gevind, en so het Demosthenes die volgende ontstellende uitspraak oor die vrou: "Ons het courtisanes ter wille van die singenot, bywywe vir die daaglikse gesondheid van ons liggaam, en vroue om ons wettige nakomelinge te skenk en die troue behoedsters van ons huise te wees." 1)

Naas die tempelprostitusie het in Athene nog drie klasse prostitute bestaan: die pornai of laagste klas wat gewoonlik van Oosterse afkoms was, die auletrides of fluitspeelsters wat op mansfeeste musiek en vrolikheid verskaf en artistieke of wulpse danse uitgevoer het, en die hetaire of gesellinne wat die hoogste klas gevorm het. Gewoonlik was die hetaire vroue uit die burgerstand wat uit die sfeer van fatsoen gedaal of anders hierdie beroep gekies het om aan die opsluiting van die Atheense vrou te ontvlug. Deur nou en dan te lees of lesings by te woon, verower sommige 'n beskeie ontwikkeling. Hulle lewe onafhanklik en ontvang minnaars in hulle eie huise. Talle beroemde Griekse vroue het tot die hetaire behoort. 2) "Het hoogste van alle vrouwen in Griekenland (veel hoger dan de echtgenote en moeder die slechts het heilige haardvuur moest hoeden en de kinderen grootbrengen) stond de hetaire. Ze was niet slechts mooi, niet slechts kunstenares van de liefde, ze was de grote dame der antieke oudheid: bemind, geëerd, bewonderd, schrander en hoogontwikkeld, vriendin der filosofen en dichters, maîtresse der koningen, veldheren, staatslieden en politici. Haar invloed was groot, met haar mening werd rekening gehouden. Als beroemdste hetaire geldt Aspasia, de gemalin van Pericles, maar Fryne en Laïs doen slechts weinig voor haar onder." 3)

Toe sy ongeveer in 450 v.C. in Athene kom, het Aspasia 'n skool vir retorika en filosofie geopen. Sy was 'n onverskrokke voorvegster vir 'n belangriker plek in die openbare lewe en 'n breër vorming vir die vrou. Baie meisies uit gegoede families het haar skool besoek, asook bekende openbare figure soos Pericles, Socrates en moontlik ook Anaxagoras, Euripides en Phidias. Sy was die ongekroonde koningin van Athene en was vir die vroue 'n opwindende voorbeeld van sedelike en geestelike vryheid. Later het sy die gesellin van Pericles geword. 4)

Vir 'n vrou met groot geestelike gawes was daar indertyd in Athene geen ander moontlikheid tot ontwikkeling as in die rol van hetaire nie.

---

1) Durant: De Griekse wereld, p. 354.
2) Ibid., p. 348.
3) Köhn-Behrens: Problemen der hedendaagse erotiek, p. 169-170.
4) Durant: Op. cit., p. 295.

Die Griek se tragiese skeiding van die mens in 'n goeie siel en 'n bose liggaam, en die assosiasie van die siel met die man en die liggaam met die vrou, het duisende vroue sonder geestelike ontwikkeling in die vrouevertrekke opgesluit, en dit het talle ander tot die hetaire-bestaan gedryf. Watter depersonaliserende en verbrutende uitwerking dit ook op die man gehad het, blyk uit 'n vertaling van die antwoord wat die wysgeer Aristippos van Kyrene aan iemand gegee het wat Laïs by hom probeer verdag maak het deur te sê dat sy Aristippos nie lief het nie: "Wat kan mij dat schelen? Ik geloof niet dat de wijn en de vissen liefde voor mij koesteren en toch gebruik ik beide met genoegen." 1) Uit die gebrek aan geestelike kontak tussen die geslagte het dié verbruikersmentaliteit ontstaan wat later in Epicurus se stelsel uitgebou sou word.

Dit het eweneens tot uiting gekom in die gnostiese siel-liggaam dualisme met sy alternatiewe van ontvlugtende askese en brute sensualisme. In die gekerstende stelsel van Simon Magus is Helena die Ennoia, die Idee van die hoogste God en die bruid van Simon. "Maar deze godin is 'gevallen'; zoals een geschrift der Simonianen zegt, is zij de lichtmaagd, die in de materie is gevallen en het licht in de duisternis heeft getoond. De erotische terminologie is opmerkelijk: men moet vermoeden dat de Eros de oorzaak van de val van Helena is geweest. In de vulgaire gnosis is de oorzaak van de val van Sophia haar geilheid. Ditzelfde zal bij Simon het geval zijn geweest. Deze symboliek kan alleen vanuit het platonisme begrepen worden: Helena is een symbool van de menselijke ziel (anima), die voor de lagere drang is bezweken en daarom uit haar goddelijke staat is verbannen en ronddoolt op de aarde. De moeder-godin is niet een maagd, en niet een moeder Gods, maar een ambivalente gestalte, een hoer." 2)

Behalwe tot hierdie parodie op die Christusgeskiedenis sou die Griekse splyting van die mens in 'n goeie gees (vereenselwig met die man) en 'n bose liggaam (geassosieer met die vrou) tot nog 'n belangrike perversiteit lei, naamlik pederastie.

(iii) <u>Pederastie</u>. In die klassieke tydperk was homoseksualisme (ook bekend as pederastie, Griekse vriendskap en knapeliefde) wyd versprei onder die vooraanstaande mans. 3)

Ooreenkomstig die Griekse voorliefde vir die teëpolige situasie, onderskei Plato tussen die algemene eros, waarmee liggaamlike begeerte bedoel

---

1) Flacelière: Liefde in het oude Griekenland, p. 128.
2) Quispel, G.: De Gnosis <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur II, p. 443.
3) Flacelière: Op. cit., p. 201.

word, en die pederastie waarin geestelike toeneiging oorheersend is. [1]) (Die Griekse siel-liggaam dualisme tree hier weer duidelik aan die lig). Slegs deur geestelike liefde is volledige kennis moontlik. "Een al-vertrouwen is dit, de onvoorwaardelijke bereidheid om zich nimmer meer binnen eigen beveiligende afgrenzing terug te trekken; het is de volstrekte wondbaarheid, die we 'liefde' noemen." [2]) Hierdie liefde is 'n verlange na geestelike vrugbaarheid; dit is wysgerige liefde wat volmaakte kennis as doel het. In plaas van om één skone liggaam lief te hê, besef die wysgeer dat alle liggaamlike skoonheid verwant is, en so styg die mens dan van liefde vir die konkrete na liefde vir die abstrakte, algemene skoonheid. "(De volmaakte inwijding) bestaat hierin dat men de schoonheid van de zielen hoger waardeert dan die van de lichamen en dat men zó trapsgewijs tot de hoogste kennis opstijgt, waarvan het eindpunt de openbaring van de onstoffelijke goddelijke en eeuwige schoonheid, kortom van God is. Zó is dus de 'dialectiek', welke van de liefde voor schone jongelieden, het beginsel, de eerste trede van een geestelijke opgang voor hen en hun minnaars maakt, tot welke opgang ook alle wijsgeren worden uitgenodigd." [3])

Die pedagogiese paiderasteia is dus eintlik 'n volkome eerbare geneëntheid tussen 'n ouer man (die opvoeder) en 'n jonger man (die opvoedeling). Terselfdertyd is die term egter ook vir homoseksualisme gebruik, 'n perversiteit wat moontlik deur die Doriese inval in Griekeland versprei is.

Verskillende redes word vir die verbreidheid hiervan in die destydse Griekeland gegee, waaronder die gebruik om naak te worstel in die palestra [4]), die isolasie van die soldatelewe en, volgens Aristoteles, die vrees vir voortplanting. [5]) Die grondliggende rede skyn egter die Griekse minagting vir die vrou en die heteroseksuele liefde te wees, wat op minagting vir die liggaam neerkom. So skryf Plato in 'n vertaling van die "Symposion": "Slecht is de vulgaire minnaar, de pandemische, die meer het lichaam liefheeft dan de ziel. Want hij is niet bestendig, daar hij iets wat niet bestendig is liefheeft ... Maar de minnaar van een edele natuur blijft minnaar het leven lang, omdat hij met iets bestendigs versmolten is." [6])

Uit voorgaande is dit nie verbasend nie om te lees dat pederastie volgens die Griekse mitologie ook op Olimpus voorkom, soos blyk uit Zeus se

---

1) Oldewelt: Plato, p. 94. Vgl. ook Platoon: Dialogen, p. 51.
2) Oldewelt: Op. cit., p. 92.
3) Flaceliére: Liefde in het oude Griekenland, p. 156-157.
4) Ibid., p. 57-60.
5) Vgl. Durant: De Griekse wereld, p. 352.
6) Platoon: Op. cit., p. 21. Vgl. ook Flaceliére: Op. cit., p. 71.

liefde vir Ganymedes. [1])

Byna elke seun het, volgens verklaar word, 'n minnaar onder die ouer mans gehad; van dié verwag hy sy verdere vorming en in ruil bied hy geneentheid en gehoorsaamheid. Uit hierdie ruil het dikwels hartstogtelike vriendskappe gegroei wat albei tot groot dapperheid in die oorlog aangespoor het. [2]) In 338 v.C. het Pelopidas byvoorbeeld die "Griekse minnaars" van Thebe in 'n afdeling van 300 hopliete (swaargewapende krygers) georganiseer en teen die falankse van Philippus in die stryd gewerp. Almal het op die slagveld omgekom. [3])

Hierdie vreemde band tussen wysbegeerte en seksuele inversie was so wyd verbrei dat jong seuns selfs deur slawehandelaars te koop aangebied is. [4])

Socrates waarsku met klem teen die versaking van die suiwer idealistiese knapeliefde want kuisheid is die voorwaarde vir die vryheid van die gees [5]), en Aristoteles rangskik pederastie onder verdorwe neigings wat verafsku moet word. [6]) Dit is egter eers Plutarchus wat met sy verhewe siening van die normale huweliksliefde die heteroseksuele liefde in ere herstel. [7]) Namate die Griekse vrou haar regmatige status as persoon herwin het en die huwelik daarmee op 'n gesonder grondslag geplaas is, het die modegril van homoseksualisme uit die Griekse samelewing vervaag. Die ware rede vir hierdie inversie was dat die Griekse man die vrou as 'n minderwaardige, onontwikkelde wese beskou het met wie geen geestelike gemeenskap moontlik was nie. [8])

Uit die Griekse misvatting waarvolgens die mens in 'n goeie siel en 'n bose liggaam gesplyt sou wees, het dus ook die euwel van pederastie ontstaan, hoewel dit hoofsaaklik tot die meer intellektuele klas beperk was.

(c) Die kind en sy opvoeding.

Dwarsdeur die Griekse filosofie loop die gedagte van die eenheid van alle dinge. In die 6$^{de}$ eeu v.C. vind Thales die bemiddelende funksie in water; volgens Anaximenes is lug die bron van alle lewe en Xenophanes verhef die eenheidsbeginsel tot 'n bo-stoflike mag. Uit hierdie sublimering van die hoogste beginsel ontstaan die besef van die relatiwiteit van

---

1) Durant: De Griekse wereld, p. 213.
2) Ibid., p. 100.
3) Ibid., p. 535, 555.
4) Ibid., p. 351.
5) Platoon: Dialogen, p. 151.
6) Ibid., p. 166.
7) Flaceliére: Liefde in het oude Griekenland, p. 170.
8) Ibid., p. 60. Vgl. ook p. 96.

menslike kennis. So leer sy jonger tydgenoot Alcmaeon dat slegs die gode onbetwyfelbare kennis omtrent die onsigbare het; mense kan slegs gevolgtrekkings maak omtrent dinge wat hulle waarneem. [1]) Die leer van die sielsverhuising dien om die verganklike mens by die ewigheid van die skepping in te skakel. Heraclitus wys daarop dat teëdele uit mekaar ontstaan en slegs van relatiewe betekenis is. Dit is dus die plig van die mens om hom bewus op die geheel in te stel want deur met sy denke bo die teëstellings uit te styg, benader hy die goddelike wysheid en kry hy deel aan die kosmiese lewe. [2]) Hierdie gedagte loop verder deur die Griekse wysbegeerte tot dit sy hoogptepunt in die werk van Plato bereik. In 'n vertaling van sy "Wette" lui dit: "The ruler of the universe has ordered all things with a view to the excellence and preservation of the whole, and each part, as far as may be, has an action and a passion appropriate to it. Over these, down to the least fraction of them, ministers have been appointed to preside, who have wrought out their perfection with infinitesimal exactness, and one of these portions of the universe is thine own, unhappy man, which, however little, contributes to the whole, and you do not seem to be aware that this and every other creation is for the sake of the whole, and in order that the life of the whole may be blessed; and that you are created for the sake of the whole, and not the whole for the sake of you." [3])

In sy werk "Politeia" ("Republiek") bou Plato 'n algemene filosofie op wat 'n nuwe regeringsvorm behels, 'n nuwe maatskaplike orde en 'n opvoedkundige stelsel waarop dit moes berus. Hiermee het hy, hoewel nie op sy eie tyd nie, dan wel in die volgende eeue, 'n diepgaande invloed op die wêreld uitgeoefen.

Voordat sy belangrikste gedagtes oor die kind en die opvoeding geskets word, moet egter kortliks na die destyds bestaande toestande in die opvoeding en na die gedagtes van sy belangrikste voorgangers en tydgenote verwys word.

In die garnisoenstaat Sparta het die opvoeding eweneens in diens van die geheel gestaan. Lycurgus het opvoeding as die grootste en edelste taak van die wetgewer beskou. Die opvoeding was bereken om die voortbestaan van die staat te verseker en nie om die moontlikhede van die individu te ontwikkel nie. Met die grootste strengheid is in die jeug

---

1) Verdenius, W.J.: De Voor-Socratische periode <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 193-196.
2) Ibid., p. 197.
3) Eby & Arrowood: The history and philosophy of education, p. 368.

die deugde van moed, uithouvermoë, respek vir tradisie, lojaliteit aan bestaande gebruike, 'n gevoel van solidariteit met die gemeenskap, en blinde gehoorsaamheid aan outoriteit aangekweek. 1)

Die Spartaanse kinders is by geboorte deur die staat gekeur en slegs die gesondes is behou. Tot sy sewende jaar word die kind in die sorg van sy moeder gelaat wat hom volgens staatsvoorskrifte opvoed en hom honger en pyn sonder klag leer verduur. Vandat die seuntjie se babadae verby is, neem die vader hom saam na die manne-byeenkomste waar hy met hulle bedrywighede kennis maak. As die seun sewe jaar oud is, neem die verpligte staatsonderwys of agogé 'n aanvang en duur dertien jaar, waartydens hy 'n soldateopleiding ontvang waarin jag, geseling, gimnastiek, musiek en dans 'n belangrike rol speel maar waarin die intellektuele ontwikkeling geen aandag geniet nie. 2)

Soos die soldaat die ideaal van die Spartaanse seun was, was die meisie se ideaal om moeder van soldate te wees. Sy word dus tuis opgevoed, maar ondergaan ook gimnastiese ontwikkeling en strenge dissiplinering. Sedelik het die Spartaanse vrou deur haar vryer posisie in die samelewing hoër gestaan as die vrou in Athene.

Lank nadat die ander Griekse gemeenskappe hulle vryheid verloor het, het Sparta nog 'n betreklike mate van outonomie gehandhaaf, maar geestelik was sy opvoeding nie 'n sukses nie: moraal was nie 'n saak van die individuele gewete nie, maar was aan lokaliteit en die openbare mening gebonde. Sparta was die verwerkliking van primitiewe kommunisme en militêre opvoeding. "Narrow-minded, bigoted, conservative to the point of stupidity, tight-lipped, the Spartans were the classical example of a totalitarian state combined with the unqualified military spirit. They flourished in time of war, but rusted out in time of peace." 3)

Telkens wanneer 'n land in gevaar verkeer, herleef die ideaal van die gedissiplineerde militaristiese opvoeding egter en word die selfsug, die koue en die wreedheid van die Spartaanse karakter vergeet wat liggaamskrag tot skaamtelose dierlikheid gemaak het deur vrywel alle gevoel vir dinge van die gees te dood en die individu gestalteloos in die massa te laat opgaan. 4)

---

1) Eby & Arrowood: The history and philosophy of education, p. 203-205.
2) Besonderhede in Eby & Arrowood: Op. cit., p. 205-218. Vgl. ook Castle: Ancient education and today, p. 18-29 en Durant: De Griekse wereld, p. 98-105.
3) Eby & Arrowood: Op. cit., p. 217.
4) Durant: Op. cit., p. 104-105.

Athene, die buurstaat van Sparta, het in ooreenstemming met sy liberale lewensbeskouing, 'n heel ander onderwysstelsel ontwikkel. Waar die Spartane konserwatief was, was die Atheners gekenmerk deur ondernemingsgees. Hier was die opvoeding dan ook hoofsaaklik 'n aangeleentheid van die gesin.

Kinders is by geboorte deur die vader gekeur en het tot die sewende jaar 'n gesinsopvoeding geniet. Die kinderjare is as 'n periode van afwagting beskou voordat die erns van die lewe begin. Die doel van die Griekse opvoeding was goeie volwassenes en die kind se babadae is nie as belangrik daarvoor beskou nie. Later het Plato die betekenis van die eerste lewensjare besef, maar sy werk het weinig invloed op die gemiddelde Atheense burger gehad.

Op sewejarige leeftyd gaan die Atheense seun na die palestra of sportskool. Hy word begelei deur die pedagogus, 'n slaaf wat hom beskerm en goeie maniere leer. Die noue kontak met die pedagogus was van groot betekenis, veral aangesien die seun weinig kontak met die onderwyser gehad het.

Die onderwyser het in die Griekse en Romeinse samelewing 'n baie swak posisie beklee: hy was swak betaal, sonder opleiding en het slegs onderwys gegee sonder om op te voed. Selfs die pedagogus, wat in baie gevalle 'n slaaf was wat vir niks anders gedeug het nie, het 'n hoër posisie as hy beklee. 1) "What the boy gets from the teacher it is the pedagogue's job to preserve for him, by urging him on, shouting at him, fetching out the strap, wielding the stick, and, by forcing him to do his work, striving to drive into his memory the lesson he has learned." 2) Hierdie slaaf moes aan die vader verslag doen nie alleen oor die kind se vordering nie, maar ook oor die onderwysbekwaamheid van die onderwyser wat so swak besoldig is dat hy dertig leerlinge moes onderrig om dieselfde inkomste as 'n skrynwerker te verdien. 3) Ook in die Romeinse samelewing het dieselfde swak onderwysomstandighede gegeld. So vertel Plautus van 'n seun wat sy pedagogus geantwoord het: "Kyk hier, is ek jou slaaf of is jy myne?" 4) Hierdie gebrek aan gesagspersone in die opvoeding was kenmerkend van die Griekse onderwys van dié tyd. 5)

Die leerplan vir die palestra het skryf (wat rekene ingesluit het), musiek en gimnastiek behels. Gimnastiek moes die liggaam ontwikkel,

---

1) Castle: Ancient education and today, p. 63-64. Vgl. Grosheide, F.W.: Paulus' eerste brief aan de kerk te Korinthe, p. 57, asook Durant: De Griekse wereld, p. 336.
2) Castle: Op. cit., p. 132.
3) Ibid., p. 126.
4) Carcopino, J.: Daily life in ancient Rome, p. 119.
5) Castle: Op. cit., p. 76.

musiek die emosies gevoelig maak en digkuns was vir die kultuur van die gees noodsaaklik. [1])

Die meisie is tuis deur die moeder opgevoed en het geen formele onderwys ontvang nie.

Ná die palestra besoek die Atheense seun die Musiekskool (kultuurskool) waar hy twee groepe vakke bestudeer, naamlik die <u>trivium</u> en die <u>quadrivium</u> wat onderskeidelik 'n letterkundig- en 'n wiskundig-georiënteerde groep van sewe vakke behels het. Hierdie opvoeding, wat as die liberale opvoeding of onderrig in die sewe vrye kunste bekend gestaan het, was ook 'n privaat-aangeleentheid, maar daar word aanvaar dat die meeste Atheense seuns dit deurloop het. Vir die opleiding van seuns wie se vaders in oorloë gedood is, het die staat betaal.

Op agtien jaar neem die volgende fase 'n aanvang wanneer die seun by die soldatejeug ingelyf word. Die <u>epheboi</u> kry besielende opleiding, geniet besondere voorregte en lê aan die einde van die tweejarige opleidingstyd 'n indrukwekkende eed af. [2])

Van besondere betekenis vir die Atheense opvoeding was die feit dat die polis klein en kompak was. "Everyone knew everyone by sight; rich and poor, rulers and ruled, stood in direct personal relationships one to another." [3]) Die persoonlike kontak met alle aspekte van die gemeenskapslewe was 'n baie waardevolle hulpmiddel vir die volwassewording van die Atheense seun. Die markplein was die bymekaarkomplek vir alle range en stande. Daar is nie alleen goedere en ware verkoop nie, maar daar het ook 'n handel in idees plaas gevind. [4]) Die Grieke het naamlik suiwer boekekennis gewantrou. Vir hulle was onderrig iets lewends, 'n direkte kontak van mond tot oor, van gees tot gees. [5])

Vir die Athener was die beste lewe dan ook die rykste lewe: ryk aan gesondheid, krag en skoonheid, hartstog, inkomste, avontuur en filosofie. Deug is beskryf as <u>arete</u> (manlike, krygshaftige voortreflikheid). "De ideale man is voor den Athener de <u>kolokagathos</u>, die schoonheid en rechtvaardigheid verenigt in een zierlijke levenskunst, welke bekwaamheid, roem, rijkdom en vrienden zowel als deugd en menselijkheid vrij naar mate weet te schatten." [6]) Die hoogste kuns was lewenskuns.

---

1) Castle: Ancient education and today, p. 75.
2) Durant: De Griekse wereld, p. 337-338.
3) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 102.

4) Postma, F.: Paulus, 'n geroepe apostel van Jesus Christus, p. 155.
5) Vgl. Flacelière: Liefde in het oude Griekenland, p. 83.
6) Durant: Op. cit., p. 347.

Enkele Atheense opvoeders.

(i) Socrates. 'n Besondere kenmerk van die Atheense opvoeding was die waarde wat aan die voorbeeld van die opvoeder toegeskryf is. Hiervan is Socrates 'n uitstaande voorbeeld. 'n Vertaling uit die werk van Seneca lui: "Of course, however, the living voice and intimacy of a common life will help you more than the written word. You must go to the scene of action, first, because men put more faith in their eyes than in their ears, and second, because the way is long if one follows precepts, but short and helpful, if one follows patterns (per exempla). Cleanthes could not have been the express image of Zeno, if he had merely heard his lectures; he shared in his life, saw into his hidden purposes, and watched him to see whether he lived according to his own rules. Plato, Aristotle, and the whole throng of sages who were destined to go each his different way, derived more benefit from the character than from the words of Socrates." 1)

Die intieme kontak met en die nabootsing van die opvoeder is in die klassieke wêreld beklemtoon en het onder meer tot uiting gekom in die ideaal van kuise pederastie, wat ongelukkig dikwels by minder geestelik-georiënteerde opvoeders tot misbruike gelei het.

Socrates is in sy daaglikse rondgang in die palestrae en die mark die grondlegger van die tegniek van die leergesprek. Deur vrae te stel waarop hy noukeurige antwoorde eis, lei hy sy leerlinge tot selfstandige denke en so grond hy deug in die individuele gewete in plaas van op maatskaplike voorskrifte. 2) Daarmee is hy die skrik van almal wat nie helder dink en ooreenkomstig die gevonde waarhede lewe nie. 3) Hy verklaar dat hy self niks met sekerheid weet nie en lê daarmee klem op die voorbarigheid en voorlopigheid van alle menslike wete. Volgens hom is hy self op soek na die waarheid en hy verkondig dus geen leerstellinge nie, maar deur sy voorbeeld en deur sy leerlinge tot denke te prikkel, doen hy onskatbare opvoedingswerk.

Vir hom is deug iets absoluuts en onveranderliks. Die goeie is nie goed omdat die gode dit goedkeur nie: die gode keur dit goed omdat dit goed is. 4) Niks is so nuttig soos kennis nie en daarom is kennis vir hom die hoogste deug. Niks is egter so moeilik om te verwerf soos self-

---

1) De Boer, W.P.: The imitation of Paul, an exegetical study, p. 26. Vgl. ook p. 5-7, 149.
2) Durant: De Griekse wereld, p. 423.
3) Platoon: Dialogen, p. 79. Vgl. p. 85.
4) Durrant: Op. cit., p. 432.

kennis nie, maar dit is noodsaaklik vir ware deug. Sy uitgangspunt is dat niemand opsetlik verkeerd handel nie: daar bestaan vir hom geen prinsipiële konflik tussen wil en insig nie. 1)

Socrates is daarvan beskuldig dat hy die godsdiens ondermyn, maar in werklikheid was hy 'n diep-religieuse mens. Hy kon egter nie volstaan met die voorskriftelikheid van die volksgodsdiens nie, maar het geëis dat elke mens vir homself die absolute waarhede moes ontdek en sy lewe daarvolgens inrig. Sy etiek is dus individualisties en intellektualisties.

(ii) <u>Plato</u>. Socrates se leerling Plato bou voort op die oortuiging dat slegs die waarlik goeie die riglyne vir sedelike beslissings kan verskaf. 2) Aansluitend daarby werk hy sy Ideëleer uit. Daarvolgens het die siel in 'n vroeëre bestaan in astrale gebiede regstreeks met die volmaakte en absolute kennis gemaak. Deur die siel se verbinding met die liggaam is hierdie kennis op die agtergrond geskuif. Weens die onvolmaaktheid van die liggaam en die sintuie kan die mens nooit volmaakte kennis hê nie, maar om dit nogtans na te spoor is nie alleen plig nie, maar bring ook die hoogste geluk.

Aangesien die deel (die enkeling) ter wille van die geheel (die gemeenskap) bestaan, moet die opvoeding op die totstandbrenging van die ideale gemeenskap gerig wees. Aan die lede van die gemeenskap kom vryheid toe na die mate waarin hulle in staat is om op grond van eie insig geregtigheid te help verwesenlik. 3) Deur in sy eie siel orde te skep, doen die mens in die kleine wat die goddelike kunstenaar met die wêreldsiel doen. 4) Plato se ideale samelewing bevat daarmee weer die Griekse eenheid van teëdele: die ontvouing van menslike waardigheid en volstrekte onderwerping aan staatsbelang, waaruit hy 'n grootse sintese opbou. 5) Hy wil met behulp van die opvoeding 'n aardse utopie opbou. Namate die mens in die middelpunt van sy eie denke kom en dus meer mag en groter moontlikhede kry, word die opvoeding altyd hoër waardeer. Ten spyte van die klem wat hy op kennis lê, verwerp Plato nie die religie nie, maar slegs die ou, onsedelike mites. 6)

Op grond van sy siening van die menslike siel verdeel hy sy utopistiese samelewing in drie ooreenstemmende stande, in die reëling waarvan die opvoeding 'n leidende aandeel neem. 7) Alle kinders sal deur die staat

---

1) Verdenius, W.J.: Socrates <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 210. Vgl. ook Verdenius: Plato <u>in</u> Op. cit., p.213.
2) Verdenius: Plato <u>in</u> Op. cit., p. 213.
3) Ibid., p. 219.
4) Ibid., p. 218-221.
5) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 55.
6) Childe: What happened, p. 234. Nettleship: The theory of education, p.33.
7) Vgl. Nettleship: Op. cit., p. 19.

opgevoed word en stande is nie erflik nie. Geen enkele amp sal vir vroue ontoeganklik wees nie. 1)

Die hoogste doel van die opvoeding is vir hom "'to turn the eye of his soul upward and look at the very good itself, which is the universal source of light.' Then at last the world will lie open before his mind, ordered and intelligible, connected and pervaded by a single principle." 2) Ware opvoeding bestaan in die studie van die filosofie, wat slegs beskore sal wees vir mense wat die regte geestesgesteldheid daarvoor het, aangesien dit gevare inhou. 3) Die studie van filosofie begin eers wanneer die persoon dertig jaar oud is en word voorafgegaan deur 'n deeglike studie van die wetenskappe wat van sintuiglik-waarneembare voorwerpe uitgaan maar dan op die essensie en die universele daarin gerig word. 4)

Plato wys in sy "Politeia" op die belangrikheid van die milieu in die opvoeding. Nie alleen moet die digkuns wat bestudeer word, suiwer wees nie, maar met begrip vir die belangrikheid van die onbewuste dring Plato daarop aan dat ook die geboue en die hele omgewing deur skoonheid gekenmerk moet word, "(so) that our young men, dwelling as it were in a healthful region, may drink in good from every quarter, whence any emanation from noble works may strike upon their eye and on their ear, like a gale wafting health from salubrious lands, and win them imperceptibly, from their earliest childhood, into resemblance, love, and harmony with the true beauty of reason." 5)

In Plato se utopisme het die Griekse denke baie ver gevorder van sy oorspronklike noodlotsgeloof: die mens is nou vasberade om met eie krag homself en 'n beter toekoms te skep. 6)

Hierdie wilsoptimisme wat op die mens se vertroue in sy eie rede gegrond is, is ook kenmerkend van die gedagtes van Aristoteles 7), hoewel hy die aandag vestig op die noodsaaklikheid om die kind deur middel van gewoontevorming op te voed voordat die moontlikheid van insig deurbreek. 8)

Die Atheners het, ooreenkomstig die geloof in die eenheid van alle dinge, ook hulle besondere skepping, die drama, as opvoedingsmiddel betrek. Die tragedie het bekende mitologiese stof behandel in die soektog na 'n

---

1) Durant: De Griekse wereld, p. 601.
2) Nettleship: The theory of education in Plato's Republic, p. 154-155.
3) Ibid., p. 136-137.
4) Ibid., p. 128-129.
5) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 146-147. Vgl. Plato: The republic, p. 142.
6) Polak: De toekomst is verleden tijd II, p. 56.
7) Drossaart Lulofs: Aristoteles <u>in</u> Waszink ea.: Het oudste Christendom I,p.257.
8) Castle: Ancient education and today, p. 95-96.

goddelike plan in die komplekse menslike bestaan, terwyl die komedie 'n kommentaar op die kontemporêre politieke en sosiale instellinge was en daarmee feitlik die rol van die moderne pers gespeel het. "When we are thinking of Greek education, therefore, we must remember that beyond the school and the gymnasium the Greek boy had more potent teachers than the schoolmaster and the pedagogue." 1)

Kenmerkend van die Grieke was die besef dat die mens vir sy vorming tyd nodig het. Vandaar ook die aandrang op voldoende vryetyd as noodsaaklike voorvereiste vir die vorming van die persoonlikheid. Hierdie vryetyd is nie vir passiewe ontspanning en vermaak gebruik nie: ontdaan van materiële sorge het die Griek dit aangewend om sy intellek te ontwikkel. 2) Slegs deur aktiewe en inspannende benutting van die vryetyd kon die mens se persoonlikheid werklik gevorm word. Aristoteles sê in dié verband: "Clearly we ought not to be amusing ourselves, for that would be to make the base admission that amusement is the end of life. Leisure is activity in the cultivation of the mind; it is study for its own sake; it is neither relaxation nor the acquisition of knowledge which will help us to be successful in our next trading venture." 3)

(iii) Die Sofiste (ongeveer 450 - 400 v.C.). Sedert 'n eeu voor Socrates bied die optrede van die Sofiste, die rondtrekkende geleerdes wat die wêreld se eerste los universiteit gevorm en aan die vraag na gespesialiseerde opleiding voldoen het, 'n kragtige prikkel tot die intellektuele ontwikkeling, - maar terselfdertyd beteken hulle leerstellinge 'n slag vir die burgers se karaktervastheid. Hulle ontken naamlik die bestaan van absolute waardes en stel die mens as maatstaf van alle dinge. Huislike eenvoud en trou verkwyn en religie en moraal word in baie gevalle as bygeloof verwerp. 4) Gewetelose individualisme, die vloek van die laaste jare van die Atheense kultuur, gebruik die logika en retorika van die Sofiste as werktuie vir wetlike haarklowery en politieke demagogie; dit verlaag hulle ruim kosmopolitisme tot verraad van die vaderland. Die Sofiste maak die rede vry, maar ondermyn daardeur die moraal. 5) Hulle aandeel aan die verval van die sedes is meer bykomstig as fundamenteel, maar hulle het ongetwyfeld die verval verhaas. Mede deur hulle toedoen verval die ou mitologiese religie en word dit deur die filosofie vervang. 6)

---

1) Castle: Ancient education and today, p. 39.
2) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 103.
3) Castle: Op. cit., p. 97.
4) Méautis: Mythologie der Grieken, p. 210.
5) Durant: De Griekse wereld, p. 421. Vgl. ook Oldewelt: Plato, p. 13; De Burgh: Op. cit., p. 159.
6) Aalders: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 38.

Deur die mens as sentrale vraagstuk te stel, antropologiseer die Sofiste die filosofie. Só gesien, was Socrates die grootste onder die Sofiste en tegelykertyd hulle oorwinnaar deur die waarheid absoluut te stel in plaas van die Sofistiese relativering daarvan. [1])

Met die "verligte" Sofiste, en met name met Protagoras, breek met volle krag die vooruitgangsidee deur dat die Goue Eeu nie in die verlede nie, maar in die toekoms lê en dat die mensheid self deur 'n intelligente en rasionele opvoeding die weg tot onbekende hoogtes kan baan. [2]) Nadat hierdie gedagte in die Middeleeue 'n duisendjarige winterslaap deurgemaak het, het dit met die koms van die Renaissance herontwaak en met behulp van moderne tegniese middele met verdubbelde optimisme op 'n utopie afgestuur.

Die Atheense opvoeding, wat in die Hellenistiese tyd wêreldwyd verbrei is, het ernstige gebreke vertoon, soos sy degradering van die vrou, die feit dat daar vir die massas geen opvoeding was nie, die gebrek aan toekoms-projeksie in sy etiese beskouinge, die oordrewe veelsydigheid en intellektualisme, en die feit dat dit geen universele wêreldbeskouing gehad het nie. Dit was egter die begin van die Westerse opvoeding en het veel tot stand gebring of as doel gestel wat vandag nog nagevolg word, soos die ideaal van harmonieuse opvoeding van die mens in sy totaliteit, van ewewigtigheid ook wat die intellek betref, en die versoening van die belange van die individu en die gemeenskap. [3])

"The Greeks began European education; they asked the profoundest questions about it; they gave profound answers to their questions both in theory and in practice; they were careful to distinguish between culture and instruction, between value and fact ... Even their failures and perversities can teach us much; and their successes and wisdom we neglect at our peril. The Greeks were superb technicians and artists, and they founded the science of the west, but they resisted the dangerous doctrine that education was instruction in the making of things rather than the rearing of children so that they became good men." [4])

(d) Die held as beliggaming van die waardevolle.

Die groot Griekse opvoeders het die waarde en die gevaar van die

---

1) Vgl. Stoker, H.G.: Wysbegeerte in Coetzee & Van Rooy (red.): Beginsels en metodes van die hoër onderwys, p. 71.
2) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 56.
3) Vgl. Eby & Arrowood: The history and philosophy of education, p. 228-233.
4) Castle: Ancient education and today, p. 9-10.

kind se drang tot nabootsing besef. Plato wys op die feit dat mense sal naboots wat hulle sien en hoor en dat die nagebootste uiteindelik deel van hulle karakter word. Terwyl Plato veral teen slegte voorbeelde waarsku, sien Aristoteles nabootsing as 'n belangrike aspek van die intellek. "Imitation is natural to man from childhood, one of his advantages over the lower animals being this, that he is the most imitative creature in the world, and learns at first by imitation. And it is also natural for all to delight in works of imitation." 1) Hy dink hier egter nie aan slaafse nabootsing nie, maar aan die kreatiewe nabootsing van die danser en die digter wat aan die verborge moontlikhede van die natuur uitdrukking gee. 2) Hy sien in dat die meeste mense die indruk van die besondere, die konkrete en persoonlike aanvoel, terwyl die algemene, die universele, die abstrakte en die onpersoonlike nie daarin slaag om hulle aan te gryp nie. 3)

Die besef van die mag van die voorbeeld het meegebring dat die Grieke onderwys nie tot formele oefening en onderrig beperk het nie, maar die woord onderrig dikwels vir die totale invloed van een persoon op 'n ander gebruik het. 4) "In imitation one could bring a person, his characteristics, ways and way of life to living expression and personal representation in one's own life." 5) Vandaar die aandrang op die lewensgemeenskap tussen opvoeder en opvoedeling wat ongelukkig dikwels tot iets onnatuurliks degradeer is. Daarom ook dat die opvoeder-opvoedeling verhouding in die oudheid - in Egipte reeds in die 19de en 20ste dinastieë (ongeveer 1300 - 1100 v.C.) - as 'n vader-seun verhouding beskou is. 6)

Deur nabootsing vorm die kind 'n beeld van homself as 'n bepaalde soort persoon, en hy is geneig om later vas te hou aan die beeld wat hy van homself gevorm het. Aangesien die ek grotendeels bestaan uit beelde van persone en dinge wat hier en nou in die kultuur gestandardiseer is en mens dit nie kan loslaat sonder om homself los te laat nie, is so 'n beeldvorming 'n stormanker teen later veranderende omstandighede. 7) As mens daarby voeg dat die gewete ook altyd in 'n konkrete gestalte optree 8), is die waarde wat die Griekse opvoedkundige denkers aan die nabootsing van opbouende voorbeelde geheg het, begryplik. Xenophon sê in 'n vertaling oor

1) De Boer: The imitation of Paul, an exegetical study, p. 5-6.
2) Ibid., loc. cit. Vgl. ook p. 211.
3) Ibid., p. 24.
4) Ibid., p. 150.
5) Ibid, p. 211.
6) Ibid., p. 145.
7) Murphy: De geestelijke evolutie van den mens, p. 79.
8) Vgl. Zbinden: De bedreigde mens, p. 140.

Socrates wat konstant beweer het dat hy self niks weet nie en dus niemand iets kan leer nie: "To be sure he never professed to teach this (the desire for goodness); but by letting his own light shine, he led his disciples te hope that they through imitation of him would attain to such excellence." [1])

Die Griekse opvoeding het oor 'n belangrike bron van rykdom beskik in die vorm van sy heldeverhale. Hierdie helde was nie in die eerste plek die dapperes en standvastiges in die veelbewoë Atheense lewe nie, maar 'n spesiale mitologiese heldegeslag wat veral deur Homerus besing is. Sy Ilias en Odyssee is op skool in die fynste besonderhede bestudeer om die wette van die godsdiens, die sterrekunde, fisika, strategie, lewenskuns en liefdeskuns daaruit af te lei. Hy is die ware leermeester van Hellas, soos Plato afkeurend konstateer. [2])

Homerus se verhale van die onsterflike helde se onderlinge konflik en hulle stryd teen die gode is vir die hele volk die voorbeeld van ridderlikheid, van ideale menstipes, van die kalos kai agathos (versmelting van die skone met die goeie). Hy gee 'n beklemmende maar besielende skildering van die teëstelling tussen die meedoënlose noodlot en die grootmenslike, hartstogtelike worsteling van die helde daarteen; terwyl ten slotte 'n harmonieuse en kosmiese orde geskep word waarin die pyn en dood van die lydende, sterflike mens opgeneem en omgevorm word tot 'n hoër, goddelike en sedelike geheel. [3])

Homerus, saam met Hesiodes die gestaltegewer van die Griekse mitologie [4]), beeld die heldetyd van Achaje uit toe die hoogste deug arete (krygshaftigheid) was en die mens tot sy volste moontlikhede 'n ryk lewe gevoer het, en hy skep daardeur die stof vir duisende dramas. Ook via hierdie besondere vorm van volwasse-opvoeding het sy indirekte invloed dus uitgestraal.

Volgens die groot digter van Hellas stam die helde van die Achaïese tyd uit die verbintenis van Olimpiese gode met mensvroue. Vir die betrokke vrou bring so 'n liefde gewoonlik groot smart en ongeluk, maar nogtans word die mensheid daardeur bevoordeel. [5])

Die grootste van hierdie half-goddelike helde is Herakles wat onder

---

1) De Boer: The imitation of Paul, p. 7.
2) Flacelière: Liefde in het oude Griekenland, p. 7-8. Vgl. ook Plato: The republic, p. 122-130.
3) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 47.
4) Durant: De Griekse wereld, p. 246.
5) Méautis: Mythologie der Grieken, p. 149.

meer as die stigter van die Olimpiese spele beskou word. [1] Hy is die pan-Helleense held, 'n ingenieur uit primitiewe tye wat bronne gereinig, berge gekloof, riviere verlê, onbeboude streke ontgin, wilde diere uitgeroei en Griekeland bewoonbaar gemaak het. In 'n ander lig is hy die geliefde seun van 'n god wat ter wille van die mensheid ly, dooies opwek, na Hades neerdaal en dan na die hemel vaar. Sy kinders vind 'n toevlugsoord in Athene. [2]

Ander helde sluit onder meer in Prokrustes, simbool van die gelykmakende mag van die dood, Bellerophon, Oedipus, Achilles en Patroclus, maar dit is veral die mite van Perseus en Andromeda wat deur verskillende digters in dramavorm verwerk is.

Een van die wesenlike beginsels van die Griekse wysheid is dat die geniale mens, die held, alle hoogmoed moet onderdruk: hy moet daarteen waak om homself as 'n god te beskou. [3]

Die boeiende en omvattende beskrywings van die dade en omswerwinge van die helde was gemeengoed in Griekeland: Homerus se werke was feitlik die Griekse bybel.

Die held is vir die Griek 'n hoër openbaring van die sin van die wêreld wat nie uit die kringloop van die kausaliteit afgelei word nie, maar vanuit die wil van die goddelike om homself te verwerklik, begryp moet word. Die mitologie <u>verklaar</u> nie die held nie, maar gee sy beeltenis in helder trekke weer. "De Homerische held is niet 'begrijpelijk', maar werkelijk. Zijn dichters, de tallozen van de mythe en zij, die het laatst verschenen met de epische vertelling, hebben de werkelijkheid van een elementaire mens aanschouwd, als tijdgenoten van hem, of opgevoed in herinnering aan hem, en hebben deze werkelijkheid uitgebeeld, zoals dichters uit een gave tijd uitbeelden: zij lieten de held wonderen beleven, wonderen doen. Het wonder is de natuurlijke taal van de naïefste devotie, de devotie tegenover een held." [4] Die held word simbool van leierskap, hy word die maatstaf van dinge. [5]

Toekomsbeelde dank hulle ontstaan aan die mens se gespletenheid, sy vermoë om hom van homself te distansieer, sy onwilligheid om te berus in omstandighede wat hy nie goedkeur nie. Hierdie gespletenheid was 'n besondere karaktertrek van die Griekse gees, en die heldebeelde wat hieruit

---

1) Méautis: Mythologie der Grieken, p. 166.
2) Durant: De Griekse wereld, p. 50.
3) Méautis: Op. cit., p. 180-184.
4) Buber: Voorvallen en ontmoetingen, p. 32-33.
5) Ibid., loc. cit.

ontstaan het, is ten volle deur die opvoeding benut, direk deur bestudering van Homerus se heldeverhale in die skole, indirek deur die vergestalting van dié stof in tallose dramas waardeur elke Griek verder gevorm is.

(3) Die geskiedenis.

Die Grieke het geskiedenis geskep, net soos hulle die drama geskep het. Hulle was die eerste om die twee essensiële voorwaardes daarvoor te besef, wat tevore nie deur Oosterse kroniekskrywers ingesien is nie, naamlik die onderskeid tussen feit en verdigsel en die noodsaaklikheid van 'n beredeneerde interpretasie van die aangetekende feite. 1) Waar die Oosterse (en Bybelse) geskiedskrywing deur 'n groep behartig is en bygevolg naamloos was, dra Griekse geskiedskrywing met reg die naam van die skrywer, want net soos filosofie gee ook geskiedenis uitdrukking aan die oorwoë oordeel van die individuele denker oor die lewensgebeure. 2) "The function of the historian is not merely to describe facts, but to explain them. In other words, he cannot cut off the ideal from the actual ... There is no such thing as a fact without a meaning." 3)

Met hulle liefde vir suiwerheid van denke was die Grieke die eerste om 'n beredeneerde oordeel oor die verlede uit te spreek. Hulle woord historiê het oorspronklik 'n wye betekenis gehad: dit het ondersoek beteken en alle navorsing op die gebiede van feitelikheid, natuurgeskiedenis, aardrykskunde, antropologie en politieke geskiedenis betrek.

Herodotus (ongeveer 484 - 430 v.C.) word as die vader van die geskiedenis beskou, nie slegs omdat hy die eerste kroniek geskryf het wat onderskeid maak tussen feit en verdigsel nie, maar omdat hy die stof van sy verhaal onder 'n enkele tema gekoördineer het, naamlik die opkoms van Persië en die straf wat deur die toedoen van Griekeland op sy hubris toegepas is. 4)

In hulle besinning oor die geskiedenis sluit Herodotus en sy opvolgers ondanks hulle feitelikheid en filosofiese agtergrond, nou by die Oosterse opvattinge aan. As seun van die stad Halicarnassus in Klein-Asië 5) en as Persiese onderdaan, het Herodotus opgegroei in die Oosterse lewens- en wêreldbeskouing. Sy werksaamheid val in die tyd toe Griekeland, na sy suksesvolle stryd teen Persië, aan die begin van die ontwikkeling van sy nasionale bewussyn staan. Dit is dus te begrype dat die Oosterse geskiede-

---

1) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 156.
2) Ibid., p. 157.
3) Ibid., p. 524.
4) Ibid., p. 157-158.
5) Ibid., loc. cit.

nis-beskouing nog sterk deur hom sou spreek. As vader van die geskiedenis is sy voorbeeld deur sy opvolgers oorgelewer. Daarby kom die feit dat Alexander op sy veroweringstogte 'n aantal geskiedskrywers meegeneem het wat doelbewus sy optrede as die vervulling van die ou Oosterse toekomsverwagtinge interpreteer het. "So steht die Alexanderüberlieferung zum grossen Teile im Zeichen des altorientalischen Systems, und von hier aus hat diese unerschöpfliche Vorratskammer den Schriftstellern der hellenistischen Periode und ihren Nachtretern, den römischen Annalisten, den Stoff in gleicher Weise liefern müssen." [1])

Hier is dus weer 'n geval van die eenheid van die ou kulture om die Middellandse See, waaruit die Griekse, danksy sy besondere begaafdheid, uitgedifferensieer het, maar waaraan hy deur 'n diepliggende eenheidsband gebonde bly. Dit is dus ook nie verrassend nie dat die Griekse geskiedenisbeskouing aansluit by die Babiloniese wat ooreenkomstig die gedagte van die eenheid van alle dinge die aarde as afbeelding van die hemel sien. Daarvolgens is ook die gebeure wat skynbaar sonder samehang is, met die ewige noodwendigheid verbonde. Die ou geskiedenis maak gebruik van simboliek om hierdie samehang van die aardse met die ewige te bewerkstellig, en dit lei tot die ontstaan van mites. Ook die astrologie word daarby betrek, want vir die Babiloniërs is die sterre die godheid. [2])

Uit die gedagte van die eenheid van die hemel soos dit vir die mens sigbaar is in die ewige wentelgang van die planete, kom die ou geskiedskrywers logies tot die sikliese opvatting van die geskiedenis. "Volgens de Griekse opvatting komt alles neer op een eeuwige wederkeer van hetzelfde, waarbij het proces tot zijn eigen uitgangspunt terugkeert. Deze opvatting was gebaseerd op een natuurlijke begrip van het heelal, dat tijdelijke veranderingen kent, maar deze combineert met het bestaan van een periodieke regelmaat, van bestendigheid en onveranderlijkheid."[3])

Dit is nie toevallig dat die geloof in vooruitgang nie reeds in die oudheid opgekom het nie, want in die sikliese ordening van die heelal is elke stap vorentoe tewens 'n stap agteruit en is daar geen plek vir ononderbroke vooruitgang nie. [4]) Dit is 'n pessimistiese geskiedenisbeskouing want daar is geen hoop om die chaos te oorwin nie: die mens kan slegs die stryd teen wanorde aanknoop, maar kan dit nie wen nie. [5]) Hier spreek weer die mitiese geloof in die <u>Anagkè</u> of <u>Heimarmenè</u>, die onveranderlike

---

1) Winckler: Die Weltanschauung des alten Orients, p. 39.
2) Ibid., p. 37-38.
3) Löwith: Wereldgeschiedenis, p. 10.
4) Ibid., p. 103.
5) Aron: De zin der geschiedenis, p. 99-100.

natuurnoodwendigheid, die noodlot wat selfs bo die gode staan en teen wie die mens in sy hubris 'n ongelyke, uitsiglose stryd aanknoop. [1]) Daardeur ken die heidense leer geen hoop nie, want hoop en geloof is kragtens hulle wese op die toekoms gerig en volgens die sikliese beskouing kan daar van 'n werklike toekoms geen sprake wees nie. [2]) "The lack of a great expectation, a real eschatology growing out of the divine action, is typical of Greek historiography ... Without such an expectation, both mythology and history had essentially a backward reference; the future would in general repeat the past ... The Greeks ... did not seem able to grasp the idea of a purpose behind history." [3])

Slegs 'n eschatologiese eindverwagting kan aan die geskiedenis sin verleen [4]), maar op grond van hulle antroposentriese lewensbeskouing was so 'n verwagting vreemd aan die Griekse denke. Selfs 'n utopistiese verwagting kon hulle nie werklik koester nie, want elke mensgemaakte instelling was immers aan die ewige sirkelgang onderworpe, of dit nou deel van 'n klein of 'n groter kringloop was. [5])

Omdat hulle geskiedenis geen ware doel het nie, ken die Grieke eintlik geen geskiedenis in die ware sin van die woord nie. Dit is 'n "agoniese" geskiedenis, 'n geskiedenis van heroïese en oomblikshandelinge van Achilles tot Alexander, 'n geskiedenis sonder deurlopendheid, sonder doel. Die geskiedenis van Griekeland is 'n ketting van verskillende skakels in die tyd, van hedes wat in hulleself beslote is. Aristoteles vat die tyd daarom ook veelbetekenend as 'n optelsom van "hedes" op. [6]) "De Griek is op zoek naar het volmaakte, dat voor hem is: het in zichzelf rustende, de statische harmonie. Dit volmaakte en ware kan dus niet gelegen zijn in de wisselende gebeurtenissen. Het eindige en het een-malige hebben als zodanig geen eeuwigheidsbetekenis." [7])

Nogtans distansieer die Griek homself van die natuurgebeure en skep vir homself 'n ideale, tydlose wêreld waarin alles blywend en ewig is. [8]) Hier blyk weer die verband tussen die Griekse voorkeur aan die siel, die rede en die abstrakte bo die stoflike en konkrete, wat onder meer tot Plato se Ideëleer en die gnostiese dualisme aanleiding gegee het.

---

1) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 45.
2) Löwith: Wereldgeschiedenis, p. 148.
3) Filson, F.V.: The New Testament against its environment, p. 50. Vgl. ook p. 69.
4) Vriezen, T.C.: Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament, p. 384.
5) Vloemans: De Voorsokratici, p. 57.
6) Del Corral: De ontvoering van Europa, p. 144.
7) Berkhof: Christus, de zin der geschiedenis, p. 16.
8) Ibid., p. 17.

As aan die geskiedenis sin en doel toegeskryf word, het dit ingrypende betekenis vir die opvoeding. Vir die Griek was die geskiedenis egter in wese sinloos: dit was slegs die verhaal van die kosmos se ontstaan uit die chaos en sy uiteindelike terugsinking daarin. [1] Nogtans het die Grieke die geskiedenis vir opvoedkundige doeleindes benut. "They saw history as providing the examples from which men must learn. Thucydides said of the history which he wrote that it is 'a true picture ... of like events which may be expected to happen hereafter in the order of things.' Cicero found that it 'sheds light upon reality, gives life to recollection, and guidance to human existence.'" [2] Waar die geskiedenis 'n sinnelose herhaling is, 'n draaiende wiel waarin die mens magteloos vasgevang is, kan dit opvoedkundig geen hoër doel dien as om die onhoudbaarheid van die mens se posisie te belig in sy magtelose opstand teen die onwrikbare noodlot nie.

Die Griekse mens is met sy liefde vir die vryheid en sy geloof in die noodlot 'n gesplete mens, 'n tragiese mens. Vandaar ook die hoogtepunt wat die Griekse drama bereik het. In die Griekse tragedies klink 'n grondtoon van menslike onmag, van skrynende onreg, wrede willekeur en noodlot.

Nogtans kon Aischylos sê dat die tragedie wyse lering deur lyding is. Deur die noodlot neergevel, is die held sterwend tog die oorwinnaar. [3] Hierdie siening was eie aan die bloeityd van die drama in die Griekse Goue Eeu toe die mitologiese volksgeloof reeds begin verval het. Trouens, die drama het geleidelik ontwikkel uit die koorsange en koorspele wat deel gevorm het van die jaarlikse feeste en wedstryde ter ere van Dionysos, die Oosters-ontleende god van die uitbundige vegetatiewe lewe wat sterf maar telkens in hernude krag terugkeer en sodoende op 'n nuwe begin in die toekoms wys. [4] Eers toe die Oosterse misteriegodsdienste aan die Griekse aardgebondenheid 'n hoër dimensie van geloof in persoonlike onsterflikheid toegevoeg het, met ander woorde eers met die veroostersing van die Griekse denke, kom daar vir die Griekse mens uitsig uit sy tragiese lewenslot. [5]

Hierdie Oosters-ontleende geloof aan 'n ewige lewe waarteen die aardse bestaan geprojekteer en sinvol kan word, het egter 'n diepgaande breuk met die tradisionele Griekse denke en die uitsiglose sikliese geskiedenis-

---

1) Vloemans: De Voorsokratici, p. 32.
2) De Boer: The imitation of Paul, p. 24.
3) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 49.
4) Vgl. Den Boer, W.: Het voortleven van de oude Griekse godsdienst in de Hellenistische tijd <u>in</u> Waszink e.a. (red.): Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 100.
5) Polak: Op. cit., p. 52.

beskouing beteken. In die misteriegodsdiens nader die Griekse geestelike lewe die eschatologiese verwagtinge waarop die Christendom gebou is.

(4) Arbeid.

'n Opvallende kenmerk van die Griekse samelewing was die veragting waarmee op handearbeid neergesien is terwyl intellektuele arbeid en insonderheid die filosofie hoog aangeslaan is. Dit kan miskien ook op die liggaam-siel dualisme van die Griekse denke teruggaan, maar het nie altyd in die Griekse lewensopvatting bestaan nie.

Die ou kulture van die Midde-Ooste toon ook wat die opvoeding betref groot onderlinge ooreenkoms. So was dit in Egipte die gebruik dat die seun naas onderrig in die familietradisie en praktiese lewenswysheid ook opleiding in 'n beroep ontvang het, wat natuurlik gewoonlik die beroep van sy vader was. [1]) Dit was ook in Babilonië die geval, waar die handwerk eweneens in die familie erflik en in hoë aansien was. Volgens die wet van Hammoerabie kon 'n aangenome seun na sy eie huis terugkeer as sy aangenome vader hom nie sy handwerk leer nie. [2]) Ook in Achaje, die Griekeland van die Heldetyd (ongeveer 1300 - 1100 v.C.), was die Grieke, mans sowel as vroue, trots op hulle arbeid. [3])

In die 7$^{de}$ eeu v.C. heers onder die inwoners van die arm landstreek Attica egter groot armoede weens die uitputting van die grond en die bevolkingstoename. Hulle vroue was vrugbaarder as hulle grond. Verarmde boere stroom die stede binne en dit devalueer die waarde van spierkrag. [4]) Die eertydse selfrespekterende vrye arbeider verval in nypende armoede en word uiteindelik 'n lyfeiene.

Hierdie chaotiese toestande word deur Solon se wetgewing ingrypend hervorm: alle vrye manne word gelyk gestel en demokrasie vervang die oligargie wat tot die breuk tussen ryk en arm gelei het. [5]) Een van sy wette bepaal dat geen seun verplig sou wees om sy vader te versorg wat hom nie vir een of ander beroep laat oplei het nie. Hy verbied die uitvoer van alle bodemprodukte behalwe olyfolie in die hoop dat hy die burgers van die kweek van produksieoorskotte tot die beoefening van 'n handwerk sou laat oorskakel. Die later Atheners het egter nie Solon se hoë agting vir die waardigheid van die arbeid gedeel nie.

Dat die afkeer van handearbeid en die voorkeur aan intellektuele

---

1) Dürr, L.: Das Erziehungswesen im Alten Testament und im antiken Orient, p. 15.
2) Ibid., p. 68.
3) Durant: De Griekse wereld, p. 55.
4) Ibid., p. 129-133.
5) Ibid., p. 134.

arbeid nie tot die Grieke beperk was nie, blyk uit die "Leer van Ptahhotep", 'n reeks wysheids- (opvoedings-)leerstellinge wat ongeveer uit die jaar 2000 v.C. dateer en waarin 'n Egiptiese vader by sy seun die skrywersberoep aanprys terwyl hy die handwerkersberoepe met bytende spot veragtelik maak. 1)

Dat minagting vir handearbeid diep in die Griekse gees gewortel het, spreek ook uit die mitologiese tekening van Hephaïstos, die god van die tegniek. Hierdie halfgod, nie waardig om op Olimpus te woon nie, is deur sy moeder Hera uit woede vir haar gemaal Zeus sonder sy toedoen gebaar, nadat Zeus sonder haar hulp die godin Athene uit sy hoof voortgebring het. Hephaïstos, die mank smidsgod by wie al sy krag in sy hande, arms en bolyf setel, is 'n kind van die toorn. Die simboliese betekenis is duidelik: Athene, die skeppende verstand, is die dogter van Zeus alleen; Hephaïstos, die praktiese verstand wat die tegniek beheers, is net Hera se seun. 2) Die arbeid met dinge het nie deel aan die hoogste uitinge van die rede nie.

Tot die degradering van die handearbeid het ook die slawerny bygedra. Gelyke lone is aan slaaf en vrye arbeider betaal. Slawe het meestal nouliks meer as hulle kos en klere ontvang en dit het daartoe gelei dat die surplusbevolking nie produktief werksaam gehou kon word nie, wat mede-oorsaak van die gedurige burgeroorloë was. Die groot getalle slawe wat in hierdie botsings gemaak is, het die toestand dan weer verder vererger. Uiteindelik was slawerny een van die belangrikste oorsake van die verval van die Griekse ekonomie en daarmee saam van die politieke gesag. 3)

Die instelling van slawerny was, met die uitsondering van Egipte, in die oudheid algemeen en het vermoedelik in die Bronstydperk ontstaan toe die bevolkingsaanwas tot uitbreidingsoorloë aanleiding gegee het. Die oorwonne bevolking is nie noodwendig uitgedelg nie, maar dikwels as lyfeienes of slawe aangehou. Sodoende het die oorwinnings tot gelaagde gemeenskappe gelei, tot die verdeling tussen meester en slaaf, die kiem van die standindeling wat in die oudste historiese stede reeds bestaan het. 4)

Ook in Griekeland is slawerny as 'n tradisionele instelling beskou wat geen skande vir die slaaf meegebring het nie. Die Griekse slawe is oor die algemeen mensliewend behandel, veel redeliker as die tallose armes in die Ooste van dié tyd. 5) Slegs in die silwermyne van Laurion is slawe

---

1) Dürr: Das Erziehungswesen im Alten Testament, p. 7.
2) Méautis: Mythologie der Grieken, p. 132.
3) Childe: What happened in history, p. 209-210.
4) Ibid., p. 96.
5) Thiel, J.H.: Het Hellenisme van Alexander de Grote tot de Romeinse overheersing <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 5.

sistematies mishandel. [1] In Athene is slawe gebruik as huisbediendes, as industriële werkers en as staatslawe, dit wil sê as roeiers in oorlogskepe. Die sensus vir die jaar 309 v.C. toon in Attica 'n slawebevolking van 400,000, van wie die meeste barbare was.

Die slaaf was deur die wet beskerm: sy heer het nie mag oor sy lewe gehad nie en die marteling van slawe is slegs in sekere duidelik-omskrewe gevalle toegelaat. Slawe het dieselfde tipe kleding as die vrye burgers gedra en het dikwels groot vryheid van spraak en handeling geniet. [2] So was daar selfs 'n polisiekorps wat uit Scythiese slawe bestaan het. [3] Ook die posisie van die pedagogus toon watter gesag slawe soms oor vrye burgers uitgeoefen het.

Die Atheense slawe het veral bestaan uit nie-vrygekoopte krygsgevangenes, slagoffers van slawerooftogte, te vondeling gelegde en verwaarloosde kinders en misdadigers. Hoewel die omvang van slawerny in Griekeland dikwels oordryf is, het dit die lewe van duisende mense bepaal. In Delos is dikwels 1,000 slawe per dag verkoop en na die slag van Eurymedon bring Cimon 20,000 gevangenes na die slawemark. Slawe is ook aan huisbase, myne en fabrieke verhuur.

Die slaaf is byna nooit toegelaat om sy eie kinders groot te maak nie, want dit was goedkoper om slawe te koop. Hy is egter oor die algemeen, selfs op sy oudag as hy nie meer kon werk nie, goed versorg.

In Rome het die behandeling van slawe tot uiterstes gegaan. Daar is die slaaf enersyds as 'n <u>instrumentum vocale</u> (sprekende werktuig) beskou, is hy geen eiendom of gesinslewe toegestaan nie en moes hy sy lewe in die slawekaserne slyt [4]; andersyds het die slawe van die keiser weens die ondergang van die Romeinse aristokrasie in die 1ste eeu van die Christelike jaartelling soveel mag gekry dat hulle oor die eiendom, die welvaart en selfs die lewe van die adel sowel as burgerlikes beskik het. Tot die tyd van Claudius het die imperiale kabinet feitlik uitsluitlik uit slawe bestaan. [5]

Selfs die mees humane denkers van die oudheid het slawerny sonder meer aanvaar. Plato keur dit af dat 'n Griek die slaaf van 'n Griek moet wees, maar regverdig slawerny origens op grond van die feit dat sommige

---

1) Childe: What happened in history, p. 266.
2) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 186.
3) Oldewelt: Plato, p. 10.
4) Mazzarino, S.: Het einde van de antieke wereld, p. 136.
5) Carcopino: Daily life in ancient Rome, p. 74.

volke nou maar eenmaal 'n weinig bevoorregte gees het. [1] Aristoteles propageer die leer van die "natuurlike slaaf", wat daarop neerkom dat sommige Grieke, net soos meeste barbare, weens 'n gebrek aan intellektuele begaafdheid en sedelikheid uitgesluit is van deelname aan die lewe van die polis. Sulke mense is gedoem tot diensbaarheid en is noodsaaklike instrumente vir die "goeie lewe" van die vrye Griekse burger. Hulle was middel tot 'n doel, nie doel op hulleself nie. [2]

Die Griekse minagting vir arbeid waarvolgens die bemoeienis met louter dinge as slawewerk beskou is [3], het verder ook in die beheptheid met liggaamlike skoonheid gewortel. Xenophon skryf in dié verband dat eensydige handearbeid die grasie van die liggaam belemmer en die siel verswak. [4] Om dieselfde rede is fluitspel vermy aangesien dit die gesig verwring het. Swaar werk soos smidswerk het boonop tot 'n blywende disharmonieuse ontwikkeling van die liggaam gelei.

Nog 'n belangrike rede waarom op arbeid neergesien is, was die noodsaaklikheid om voldoende vryetyd te hê vir diens aan die staat of persoonlike ontwikkeling. Vryetyd (scholê) is onmisbaar beskou vir die najaag van kennis en die laer vorms van handwerk laat hiervoor nie voldoende tyd nie. [5]

Slawerny het seker 'n bydrae gelewer tot die opbloei van die filosofie deur vryheid van die daaglikse sleur te verskaf, maar dit het ongetwyfeld groot nadele gehad. Een van die belangrikste was dat dit arbeid gedegradeer het sodat daar geen onderwys vir die ambagsman was nie. [6] Op natuurwetenskaplike gebied het die goedkoop arbeid meegebring dat belangrike arbeidsbesparende meganiese uitvindings van die 4$^{de}$ en 3$^{de}$ eeu v.C. nie prakties benut is nie, byvoorbeeld die waterskroef en waterpomp, waterwiele, glasblaaskuns en so meer. [7] Die grootste skade wat slawerny en arbeidsminagting die Griekse gees berokken het, was egter seker op sedelike gebied: waar 'n groot deel van die bevolking nie as volwaardige persone beskou word nie, degradeer dit die moraal. Die eksklusivisme van die polis het 'n kragtige ontplooiing van die mensheidsgedagte belet, en die Christendom, wat aan die waarde van die individu 'n ewigheidsbetekenis sou gee, het destyds nog nie sy intrede gedoen nie.

---

1) Durant: De Griekse wereld, p. 327.
2) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 188.
3) Murphy: De geestelijke evolutie van de mens, p. 246.
4) Durant: Op. cit., p. 323.
5) De Burgh: Op. cit., p. 103; Durant: Op. cit., p. 323.
6) Childe: What happened in history, p. 184.
7) Ibid., p. 260 - 263.

Slawerny het trouens indirek tot die opkoms van die Christendom meegewerk: baie slawe van Oosterse afkoms is later in Griekeland en Rome vrygestel, waardeur die samestelling van die betrokke burgery aansienlik gewysig is. Baie van hierdie slawe het hulle godsdienstige oortuigings meegebring en sodoende meegewerk om Oosterse godsdienste in die Weste te vestig, en hierdie godsdienste het gehelp om die weg vir die Christendom te help voorberei. [1])

(5) Lyding.

Uit hoofde van sy gespletenheid was die Griek in hoë mate bewus van die afstand tussen wat is en wat behoort te wees en daarmee ook van die probleem van lyding, wat tewens die stof vir sy dramas gelewer het. Die Griekse denke staan dikwels uiters pessimisties teenoor die lewe op aarde en beskou die liggaam as 'n gevangenis van die siel. "Het lichamelijke, mijn vriend, moet men zich denken als iets drukkends en zwaars en aards en zichtbaars." [2]) Deur 'n asketiese leefwyse kan die siel van die oormag van die liggaam bevry word. Sommige godsdienste bied in die ekstase 'n tydelike vryheid van die bande van die liggaam. [3]) Ook in die Gnosis val groot nadruk op die ellende van hierdie wêreld wat as 'n eindelose doolhof van smart beskryf word. [4])

Die mens se veelvuldige leed word volgens Homerus veroorsaak deur die gode wat smarte, rampe, storms, armoede, teenspoed en die dood stuur. Vir die Stoa is lyding die gevolg van die wet van die natuur. Ander skryf die mens se lyding aan demone of die lot toe. Ook die gedagte dat lyding as straf oor die mens kom, is by Homerus bekend, maar die gode beskik ook na willekeur lyding uit haat of jaloesie. Ook die skuldlose lyding sien hy raak. [5])

Die Griek weet van lyding, maar hy vind dit moeilik om dit sinvol te verwerk. Dit bly vir hom 'n gewelddadige en sinnelose ingryping in die mens se bestaan, 'n "Fremdkörper" in sy gebalanseerde leefwyse waarin hy geluk as die einddoel stel.

Die mitologie ken talryke godinne wat die gevoelloosheid van die lot teenoor die mens versinnebeeld. Daar is Anagkè, die onafwendbare noodlot wat die hele wêreld om die spoel van haar spinwiel draai en as die bron

---

1) Thiel, J.H.: Rome tot omstreeks 200 na Chr. in Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 62.
2) Socrates in die Phaidoon-dialoog in Platoon: Dialogen, p. 144.
3) Kellett: A short history of religions, p. 133.
4) Lindijer, C.H.: Het lijden in het Nieuwe Testament, p. 106.
5) Ibid., p. 106-107.

en taalkundige wortel van <u>angs</u> fungeer, daar is Moira wat van die wieg tot die graf oor die mens se lot beskik, die godin Tyche wat die wisselvalligheid en grilligheid van die lot simboliseer, Nemesis wat geluk en ongeluk na elkeen se verdienste beskik en boweal die alwetende Erinye, die toornende godinne van vloek, boete en wraak, furies wat die skuldenaar ook na sy dood nie loslaat nie. [1]) Teen die dood is die dapperste held magteloos en selfs Zeus kan nie 'n lang lewe verleen as die Moire besluit het om die lewensdraad te knip nie. [2]) Die noodlot het naamlik ook oor die Olimpiese gode geheers; daarom kon die lydende Griek van sy gode geen hulp verwag nie. Hy was volledig op eie krag aangewys.

Verskillende pogings is aangewend om die voorkoms van lyding, wat so 'n onassimileerbare verskynsel in die Griekse lewensbeskouing gebly het, te verklaar. So klink die gedagte dat lyding <u>hubris</u> (die drang tot hoogmoed en grensoorskryding) in die mens breek. Lyding dien derhalwe 'n opvoedkundige doel en verhoed dat die mens die gode beledig en vertoorn. In wese is lyding ooreenkomstig hierdie siening dus 'n wapen wat die gode ter selfbeskerming gebruik en niks meer nie.

Die Griek sien op na die wysbegeerte as suiwerste uiting van die hoogste komponent van die mens, sy rede, om 'n antwoord op die vraagstuk van lyding.

Aangesien die Griekse filosofie sy hoogtepunt in die denkbeelde van die Stoa bereik, moet die Stoïsynse beskouing daaroor kortliks aangestip word. Ook vir die Stoa is die hoogste lewensdoel geluk, maar geluk moet nie met genot verwar word nie. Genot word voorafgegaan deur verlange en gevolg deur die insinking van versadiging en kan dus nie werklik geluk verskaf nie. Duursame geluk is ook onbereikbaar solank gesondheid, rykdom en eer as onmisbaar daarvoor beskou word, want dan vrees die mens dat hy dit kan verloor en hy word afhanklik van die noodlot. Ware geluk kan nie van uitwendige faktore afhanklik wees nie en berus op die insig dat lewe en dood, gesondheid en siekte <u>adiaphora</u>, dit wil sê onbelangrike sake is. [3])

Die Stoa vind met ander woorde die oplossing van die probleem van lyding in die Griekse liggaam-siel dualisme: lyding bestaan eintlik daarin dat die mens nie volgens die natuurwet, dit wil sê volgens die goddelike rede, lewe nie. Die oplossing is dus vrywillige oorgawe aan God en die noodlot. Alles wat die mens verloor, is maar net 'n teruggawe

---

1) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 45.
2) Ibid., p. 50.
3) Wiersma, W.: De Stoa <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 298.

van wat hy antvang het. Deur hierdie houding staan die wyse nie net bo die leed nie, maar ook bo die vreugde: alle menslike gevoel word gebagatelliseer omdat dit tot die aardse bestaan behoort. 1) Die ware bestaan van die mens is sy redelike bestaan, en die rede word deur onaandoenlikheid gekenmerk.

Teen hierdie agtergrond van fierheid in die verduring van lyding, wat op instemming met die lyding neerkom, word die Stoïsynse opdrag verstaanbaar om ander se lyding te versag sonder dat 'n hoë waarde aan medelye toegeskryf word. 2) Die mens moet selfs vir sy vyand goed wees sodat hy die hoeveelheid lyding in die wêreld nie vermeerder nie, maar medelye is misplaas aangesien dit net die mens se verkeerde verstaan van sy eie wese is wat sy lyding veroorsaak. Hierteen word ook Seneca se opmerking begryplik dat die goeie moet ly om ander te leer hoe hulle moet ly, en dat lyding 'n eer is. Die ware wyse - en om wys te wees, is vir die Griek om goed te wees - weet dat lyding slegs die onwerklike komponent van die mens, naamlik sy aardse bestaan, raak. Daarom kan die wysgeer deur sy houding in moeilikhede en lyding die waarheid van sy leer bewys: dit is vir hom 'n eer om te ly om daardeur aan ander te leer hoe om lyding te verduur. Hieruit blyk weer die grondliggende persoonlike trots van die Griek, sy fierheid, sy opvatting van siel-liggaam gespletenheid, en die groot waarde wat aan die voorbeeld van die opvoeder toegeken word.

Die oplossing wat die Griekse wysbegeerte vir die probleem van lyding gevind het, was dus om dit tot die sfeer van die onwesenlike te herlei. Tussen lyding en sonde het die Griek geen verband gesien nie: lyding was vir hom in wese 'n onverwerkbare probleem wat hy probeer besweer het deur dit na die aardse en dus onwerklike bestaan te verwys. 3)

(6) Die sinvolle.

Die sinvolle is onafskeidelik van die hoogste goed en dus van ware religie. Die Griekse skeiding tussen religie en etos het daarom 'n ontredderende uitwerking gehad: hulle struktuurlose politeïsme met sy botsende gode het nie toegelaat dat 'n omvattende etiek uit die religie afgelei kon word nie. Daar was trouens dikwels konflik tussen etiek en religie.

Die mens se begrip van God verander namate sy lewensomstandighede verander. Antropomorfisme in die godsbeskouing is onvermydelik, want die mens sien alles, en dus ook sy god, uit die hoek vanwaar hy staan. Die

---

1) Aalders: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 133.
2) Lindijer: Het lijden in het Nieuwe Testament, p. 109-110.
3) Ibid., p. 107-108, 113.

mens kan nie buite sy eie skaduwee tree nie: hy dink aan God met menslike gedagtes en beskryf Hom in menslike taal. [1] Die Griek, gerig op helderheid, orde en verstandelikheid, moes in die gode van Olimpus wel die weerkaatsing sien van sy eie strewinge, maar hy wis ook maar te goed in hoe 'n mate die rede die speelbal van wanorde en anargie is. [2] Daarom ook dat in die godewêreld gedurig 'n stryd tussen hierdie selfde elemente gevoer word. Die gode van Olimpus is gode in menslike gestalte aan wie niks mensliks vreemd is nie. Hulle verteenwoordig nie die oorspronklike volksgeloof nie, maar is 'n skepping uit 'n later tyd: hulle is die gode van die Doriese invallers wat die ou gode verdring het. Die ou Griekse volksgeloof was, soos alle primitiewe religieë, met geeste, demone, fetisje en die geeste van afgestorwenes gemoeid. In die ou kultuur was die berg die normale agtergrond van goddelike aktiwiteit [3]; daarom kies die latere Olimpiese Zeus, wat oorspronklik 'n luggod is, as woonplek die berg naaste aan die hemel, naamlik Olimpus, wes van Thessalonika. [4]

Oorspronklik was Zeus die wisselvallige hemel self, maar met toenemende antropomorfisme word hy Uranus, die Hemel, en daarna die wolk- en reënmakende Zeus. Die Olimpiese gode is personifikasies van natuurmagte wat die primitiewe mens met angs vervul het. [5] Sò is Zeus die reën, Poseidon die see en Hades die ingewande van die aarde. Die Olimpiese gode verdring by die boonste volkslae die chtoniese gode van die Myceense kultuur. Die Homeriese gode wat op Olimpus woon, is die gode van die aristokrasie [6] en verteenwoordig daarmee reeds 'n stap op die pad van die verintellektualiseringsproses wat uiteindelik die religie met filosofie sou vervang.

Op die duur kon die wanordelikheid en die sedeloosheid van die Olimpiese religie nie aan die intellektuele en morele aspirasies van 'n meer denkende tyd voldoen nie. [7] Die Griekse intellektualistiese inslag het van die begin af die kiem van die ondergang van sy religie ingehou. Deur die ontwikkelende filosofiese besef word die Olimpiese gode al hoe meer na die ryk van die fabels verdring. [8] Vir die gewone volk is die godeverhale egter nie net legendes nie: hulle hou aan om daaraan te glo. [9] Plato

---

1) Kellett: A short history, p. 566. Vgl. Vloemans: De Voorsokratici, p. 30.
2) Méautis: Mythologie der Grieken, p. 33.
3) Frankfort: Het ontstaan van de beschaving in het Nabije Oosten, p. 82.
4) Kellett: Op. cit., p. 124. Vgl. Postma: Paulus, 'n geroepe apostel van Jesus Christus, p. 129.
5) Durant: De Griekse wereld, p. 206-207.
6) Ibid., p. 211-212.
7) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 4. Vgl. ook Aalders: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 36.
8) Vloemans: Op. cit., p. 110.
9) Méautis: Op. cit., p. 210.

wil hierdie geloof gebruik om die natuurlike wanordelikheid van die massas te beheer. [1] By die gewone volk was daar trouens altyd 'n mate van verset teen die verintellektualiseerde godsdiens van Olimpus wat sodoende nooit méér as die geloof van 'n betreklike klein, verligte minderheid van die Griekse volk was nie. Die groot volksmassa het aan die oudste religieuse begrippe vasgehou. [2] Die verval van die Olimpiese religie en die opkoms van die filosofie - wat eweneens slegs vir die bevoorregte enkeling toeganklik was - het sodoende slegs die klein, toonaangewende boonste laag geraak.

Dwarsdeur die oudheid was religie aan die staat gebonde [3] en dus het die verval van die Griekse polis ook die verval van die ortodokse geloof verhaas: die gode van die stad was nie by magte om die stad te bewaar nie. [4] Die eksklusiviteit van die stadstaat word vervang deur kosmopolitisme waarby die klem nie meer op die eenheid van die ryk val nie, maar op die betekenis van die individu. [5] Dit wek ook die verlange na 'n persoonlike godsverering. [6] Met die verdwyning van die Griekse stadstaat as politieke faktor het die staatsreligie ook verval. Sy betekenis het daarin gelê dat dit die godsdiens van die <u>gemeenskap</u> was. Die enkeling vind weinig bevrediging in dié konvensionele, onpersoonlike geloof en wend hom tot die filosofie of die opkomende misterie-godsdienste. [7]

Die verval van die polis en die ontstaan van groot state werk terselfdertyd 'n vae monoteïsme in die hand, waarvoor Anaxagoras met sy opvatting van die Noes as beginsel van wêreldverklaring reeds die fondament gelê het. [8] Daarmee word die Griekse wêreld gevoelig vir ware religie, wat van buite sou kom aangesien die Griek met sy voorliefde vir rede-oorheersing nog nie daarvoor ryp was nie.

Wanneer religie verval, staan twee moontlikhede oop: filosofie of bygeloof. [9]

In die Griekeland van die vervaltyd worstel die filosofie om in burgertrou en 'n natuurlike etiek 'n plaasvervanger vir die goddelike gebooie en vir 'n toesighoudende godheid te vind. Slegs weinig burgers is egter daar-

---

1) Childe: What happened in history, p. 234.
2) Woltjer: De beteekenis van het Oosten, p. 24.
3) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 328.
4) Durant: De Griekse wereld, p. 656.
5) Aalders: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 44.
6) Den Boer, W.: Het voortleven van de oude Griekse godsdienst in de Hellenistische tijd <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 81.
7) Aalders: Op. cit., p. 106.
8) Vloemans: De Voorsokratici, p. 135.
9) Jaspers: Die geistige Situation der Zeit, p. 128.

toe geneë om in 'n Sokratiese eenvoud te lewe en meeste neem in die lugleegte van die verdwene waardes en die gestorwe gode hulle toevlug tot die Oosterse godsdienste wat die Griekse kultuur in hierdie tyd binnegedring het.

Die twee rigtings waarin die sinvolle gesoek is, sal kortliks aangedui moet word.

(a) Die filosofie.

Die Grieke het 'n noue band tussen wysbegeerte en godsdiens gelê. So sê Socrates in 'n vertaling van die "Symposion": "Maar om in het geslacht der goden binnen te gaan, dat is aan niemand geoorloofd die niet wijsgeer geweest is en in volkomen reinheid van hier weggaat, aan niemand behalve aan de leergierige." 1) Wanneer die eenheid, die grondbeginsel van die wysgerige denke, tot godheid verhef word, val religie en wysbegeerte outomaties saam. 2) Daardeur is die groot Griekse filosofiese stelsels baie nou verwant aan godsdiens. 3)

Die belangrikste filosofiese stelsels van dié tyd was die Stoa en die Epikurisme.

(i) Die Stoa. Die Stoïsisme is die laaste poging van die klassieke oudheid om tot 'n natuurlike etiek te kom. Zeno, die stigter, probeer nogmaals om die taak te vervul waarin Plato gefaal het. Die Stoïsisme is daardeur 'n lewensleer.

Zeno is op Ciprus gebore van gemengde Phoeniciese (Semitiese) en Helleense afkoms. 4) Aanvanklik verkeer hy onder die bekoring van die strenge armoede en onthouding van die Cynici 5), maar hy maak onder Xenocrates aan die Akademie kennis met die werk van Heraclitus van wie hy verskeie gedagtes oorneem, asook met die leer van Socrates. In 301 v.C. stig hy sy eie skool deur nou en dan onoffisieel, wandelend onder die suilegalerye van die Stoa Poecile, gesprekke te voer. Arm en ryk is daartoe ewe welkom, maar hy moedig jongmanne nie aan nie want slegs persone van 'n rype, manlike leeftyd kan die filosofie begryp. Sy werk word deur ander voortgesit en word die invloedrykste filosofie van die oudheid. 6) Dit is 'n uitkristallisasie van die Griekse denke, maar terselfdertyd bring dit die Oosterse fatalisme in die Griekse filosofie. 7)

---

1) Platoon: Dialogen, p. 145.
2) Vloemans: De Voorsokratici, p. 79.
3) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 217.
4) Wiersma, W.: De Stoa in Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 295.
5) Vgl. oor die Cynici Durant: De Griekse wereld, p. 589-590.
6) Durant: Op. cit., p. 756-758.
7) Ibid., p. 671.

Die basis van Zeno se leer is die Griekse eenheidsgedagte. Die hele kosmos is één organisme waarvan die mens 'n deel is en waarin elke ding sy plek en funksie het. Die allesbeheersende gedagte is dus dié van sympatheia, die noue, organiese verband wat tussen alle dinge en verskynsels bestaan. [1]) Daarom aanvaar die Stoa die astrologie: aardse aangeleenthede staan in voortdurende verbinding met die beweging van die hemelliggame. Die heelal is 'n reusagtige organisme waarvan God die siel is, die logos of bevrugtende rede, die aktiverende vuur. Aangesien die mens deel van God en die Natuur is, is goedheid samewerking met God of Natuur of Wêreldwet. 'n Identiese wet geld vir die individu en die kosmos, en daarom sal die wyse die wetmatigheid van die natuur bestudeer om sy lewe daarby aan te pas: Zen kata physin - lewe ooreenkomstig die natuur.

Die ideale mens is vir die Stoa dus die wêreldburger, vry van nasionale skeidingsmure. Hierdie internasionalisme is 'n weerspieëling van Alexander se tydelike unifikasie van die Oostelike Middellandse See-gebied, en die doelwit wat dit stel, is 'n groot wêreldgemeenskap waarin filosowe sonder onderdrukking sal regeer en waarin alle mense broers sal wees as kinders van één God. Geluk lê dus nie in sintuiglike genot nie, maar is die gevolg van rasionele aanpassing aan die doeleindes en wette van die heelal, dit wil sê aan die wêreldwet. Die rede is die mens se hoogste vermoë, 'n saad van die logos spermatikos, die saaiende rede wat die wêreld geskep het en bestuur. [2])

Vir die Stoa is die logos of aktiewe element God. Dit is immanent in die materie en deurstroom die hele kosmos. Die Stoa se godsbeskouing is daarmee materialistiese panteïsme. Dit sintetiseer egter die bestaande politeïstiese opvattinge tot 'n abstrakte begrip van die godheid. Hierdie God is onverganklik, die wyse al-skepper en al-bestuurder. Na gelang van sy magsopenbaringe word hy met baie name genoem. So is hy Zeus omdat hy die lewensbeginsel is, hy is Athene omdat hy die eter deurdring, en Hera omdat hy in die lug is; hy heet Hephaïstos, Poseidon en Demeter omdat hy hom as vuur, water en aarde openbaar. [3]) Die logos is met ander woorde nie slegs die denkende en kennende verstand nie, maar die beginsel wat die wêreld in sy geheel en in alle onderdele met rede en vorm lei, en dit is alles onontkombaar, daar die logos met die innerlikste sin van alle dinge en persone vereenselwig is. Omdat alles van logos vervul is, kan die mens met sy kennende logos of rede die sin van die dinge deurvors.

---

1) Wiersma, W.: De Stoa in Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 302-3.
2) Durant: De Griekse wereld, p. 759-760. Vgl. Robbers: Antieke wijsgerige opvattingen in het Christelijk denkleven, p. 64.
3) Aalders: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 113-115.

Ook die sin en die doel van die mens se bestaan is met logos gevul en te vul. Die sin en taak van die mens se lewe is om die logos in sy bestaan te laat uitwerk. In die etiek is die logos dus die norm van sedelike handeling. 1)

Met die logos-opvatting benader die Stoa 'n monoteïstiese godsbegrip.

Wat die geloof in onsterflikheid betref, is daar nie eenstemmigheid onder die Stoïsynse wysgere nie. Soos alle dinge uit die oerstof, vuur, ontstaan het, sal hulle ook weer daarin ondergaan in 'n ewige kringloop. Daar die wet wat dié proses beheers dieselfde bly, kan die opeenvolgende wêrelde nie anders as om aan mekaar gelyk te wees nie. Dieselfde mense sal telkens weer gebore word en hulle lewensloop sal telkens tot in die onbeduidendste besonderhede dieselfde wees. 2) Die heelal bestaan deur ontelbare afwisselinge van uitbreiding en sametrekking en word op gesette tye deur 'n wêreldbrand verteer, maar neem dan weer langsamerhand sy vorm aan en maak sy hele voorgaande geskiedenis weer deur; die ketting van oorsake en gevolge is 'n onverbreekbare sirkel, 'n eindelose herhaling. Alle gebeurtenisse en wilsdade is bepaal: niks kan op 'n ander manier gebeur as wat dit gebeur nie. By die dood oorleef die siel die liggaam, maar slegs as onpersoonlike energie. By die laaste wêreldbrand sal die siel opnuut opgeneem word in die oseaan van energie wat God is. 3) Die Stoa se ooreenkoms met Brahma is hier duidelik.

Naas sy deterministiese kosmologie postuleer die Stoa nogtans die vrye wil. Die Stoïsyn los hierdie skynbaar onoorbrugbare teëspraak op deur sy wil in ooreenstemming met die goddelike wil te stel. Die mens kan daarvolgens selfs wil om gefolter te word. 4) Selfmoord is dan ook nie vreemd aan die volgelinge van die Stoa nie. 5)

Uit hierdie siening vloei die lewensdoel voort: daar moet geen tweespalt wees tussen die leidende beginsel in die siel, die goddelike in die mens, en sy natuurlike neiginge nie. Die grondprinsipe van die Stoïsynse lewensleer is dus om in ooreenstemming met die natuur te lewe. Kwaad bestaan in foutiewe insig. Van skuldbesef is daar geen sprake nie, slegs van skaamte omdat die mens deur verkeerd te doen, nie aan die hoë standaard van menswees voldoen nie. 6)

---

1) Röbbers: Antieke wijsgerige opvattingen in het Christelijk denkleven, p. 61.
2) Wiersma, W.: De Stoa in Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 303.
3) Durant: De Griekse wereld, p. 759-760.
4) Aalders: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 119.
5) Kellett: A short history of religions, p. 142.
6) Aalders: Op. cit., p. 117-122.

Die opvoeding sluit vanselfsprekend hierby aan. As die mens gebore word, is sy siel soos 'n onbeskrewe stuk papier. Veral die sintuie bring die skrif daarop aan en so ontstaan kennis en ervaring. [1]) Ervaring lei egter nie noodwendig tot kennis nie, want tussen gewaarwording en begrip lê emosie of hartstog wat ervaring tot dwaling kan verwring. [2])

Vir die Stoïsyne is daar veral vier hoofdeugde, naamlik regverdigheid, moed, soberheid en begrip. Om dit by die jeug aan te kweek, stel die opvoeders van die Stoa lyste van deugde en ondeugde saam. [3]) Die individu word aangespoor om sosiale verantwoordelikheid te aanvaar aangesien ware vryheid slegs langs hierdie weg bereikbaar is. Die doel van die opvoeding is die sedelike volmaaktheid van die individu. Volkome gelukkig kan slegs dié persoon wees wie se geluk nie deur uitwendige faktore beïnvloed word nie. Die opvatting dat alle toevallige dinge <u>adiaphora</u> is, lei egter nie tot willoosheid en passiwiteit nie aangesien die Stoa 'n relativering van die adiaphora daarop nahou: aan sommige "onverskillige dinge" word meer waarde geheg as aan ander. [4]) Die opvoeding bestaan dus daarin dat die mens moet leer om homself vry te hou van alle hartstogte, en dit hang net van homself af: die mens het sy geluk in sy eie hand. [5])

So versoen die Stoa die voorafbepaaldheid van sy kosmologie met die volkome wilsvryheid van die mens.

So oorwin dit ook lyding deur bo sowel vreugde as leed te staan. [6]) Die siel van die werklik-wyse vervreem homself dus so ver moontlik van genietinge en begeertes, verdriet en vrees. [7]) In die oë van die wysgere van die Stoa het liefde nie geslagtelike vereniging nie, maar die vriendskap van die gees as uiteindelike doel. Die liefde wat deur liggaamlike skoonheid - 'n onfeilbare waarmerk van sedelike skoonheid - opgewek word, moet via vriendskap tot deug voer. [8])

Ooreenkomstig sy opvatting van die grondliggende eenheid van alles, is die Stoïsyn bewus van sy medemens: almal is lede van één groot liggaam aangesien die natuur alles uit dieselfde oerstof voortgebring het. Seneca skryf volgens Aalders se vertaling daaroor: "Laten we er aan vasthouden dat wij voor de gemeenschap geboren zijn. Onze maatschappij lijkt sprekend op een stenen booggewelf, dat zal instorten als het niet juist in zijn stand gehouden wordt doordat de stenen tegen elkaar aan staan." [9])

---

1) Aalders: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 112.
2) Durant: De Griekse wereld, p. 759.
3) Grant: A historical introduction to the New Testament, p. 251.
4) Wiersma, W.: De Stoa <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 300.
5) Ibid., p. 304. 6) Aalders: Op. cit., p. 133. 7) Oldewelt: Plato, p. 107.
8) Flacelière: Liefde in het oude Griekenland, p. 166-167.
9) Aalders: Op. cit., p. 130-131.

In wese is die Stoïsynse etiek egter egosentries. Die mens moet aan sy medemens goed doen slegs omdat hy anders aan homself, as deel van die geheel, kwaad berokken. Hy strewe nie na volmaaktheid in verband met die goeie samelewing nie, maar wel in verband met die goeie mens. 1) "There is a certain pride in their virtue, a certain lack of sympathy. The Perfect Man is too perfect; he stands alone in haughty superiority from the untaught masses. He saves his own soul; other souls he thinks hardly worth saving ... A Stoic, it has been well said, would tell you in words that all men were brothers; but in act he was the elder brother, and the rest were hopeless prodigals." 2)

Zeno se wyse staan defensief teenoor die lewe: sy wysheid dien om die hoof te bied aan die slae van die lot en om die geluk ongerep te bewaar, hoe ongunstig die omstandighede ook al is. 3) Nogtans het die Stoïsynse leer vir die intelligentsia veral van Rome en Griekeland die ou religie vervang. 4)

In die ankerlose samelewing van sy tyd het die Stoa 'n besondere betekenis gehad, nie omdat dit voldoende was om as lewensleer geluk te bring nie, maar omdat dit 'n etiek vir die Christendom voorberei het deur die wêreld, die wetmatigheid, die siel en die lot met God in verband te bring en sedelikheid as gewillige oorgawe aan die goddelike wil te definieer. 5) In teorie was dit 'n leer van eensame en onbarmhartige volmaaktheid; in werklikheid het dit manne gevorm met 'n moedige karakter en 'n goeie wil en het dit meegewerk om die samelewing in stand te hou tot die nuwe geloof kon opkom. Dit het skerp en duidelik die belangrikste probleem van die tyd gesien, naamlik die ineenstorting van die teologiese grondslag van die moraal en het 'n eerlike poging aangewend om die kloof tussen religie en filosofie te oorbrug. Die Stoïsynse gedagte van 'n kosmiese harmonie en die optimisme oor die doelmatige werking van die goddelike rede in die natuur sou baie later die grondslag vir die Engelse Deïsme vorm. 6) Die grootste betekenis van die Stoa was egter die voorbereidende werk wat dit vir die Christendom gedoen het. 7)

(ii) Die Epikurisme.

Waar die wysgerige beskouings van die Stoa vir 'n klein groepie van

---

1) Durant: De Griekse wereld, p. 762.
2) Kellett: A short history of religions, p. 143-144.
3) Wiersma, W.: De Stoa in Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 315.
4) Castle: Ancient education, p. 120. Vgl. Thiel, J.H.: Rome tot omstreeks 200 na Chr. in Waszink e.a.: Op. cit., p. 65.
5) Durant: Op. cit., p. 759.
6) Robbers: Antieke wijsgerige opvattingen, p. 158.
7) Durant: Op. cit., p. 763.

die geestelike aristokrasie gegeld het, was die leer van Epikurus gewild by die gewone volk.[1])Deels is dit daaraan toe te skryf dat dit misverstaan en verkeerdelik tot 'n leer van eenvoudige, growwe sensualisme herlei is.

Epikurus is in 341 v.C. op die eiland Samos gebore as seun van arm Atheense koloniste. Hy is 'n outodidak wat by die gedagtes van Demokritus aangesluit het. In 310 v.C. stig hy sy eie skool van wysbegeerte op Lesbos waar hy egter soveel teëstand van die plaaslike filiaal van die Platoniese skool ondervind dat hy na Lampsacus verhuis. Hier is die seuns van vooraanstaande gesinne sy volgelinge. Vier jaar later verhuis hy nietemin na Athene waar hy die res van sy lewe deurbring. [2])

Met die verval van die Griekse stadstaat en die individualisering van die etiek volg die filosofie twee rigtings, naamlik eerstens die gedagtes van Heraclitus, Socrates en die Cynici wat deur die Stoa uitgebou is, en tweedens die gedagtes van Demokritus wat deur Epikurus voortgesit is.

In navolging van Demokritus sien Epikurus die heelal en die mens materialisties. Alles was altyd daar gewees en sal altyd daar wees. Die heelal bestaan uit liggame en tussenruimtes, en wat ontstaan en vergaan genoem word, is niks anders as die verbinding en verstrooiing van die samestellende deeltjies nie. [3]) Niks vergaan dus ooit werklik nie, en daar is dus ook geen dood nie. Die mens is 'n natuurproduk. Lewe het vermoedelik deur spontane generasie ontstaan en sonder 'n bepaalde plan deur seleksie van die geskikste vorme verbrei. Die siel is 'n fyn, stoflike substans wat deur die liggaam versprei is en saam met die liggaam sterf.

Met hierdie materialistiese wêreldverklaring wil Epikurus die mens van angs vir die dood bevry. Goed en kwaad lê slegs in die sintuiglike waarneming, wat deur die dood beëindig word. Die insig dat nie-lewe niks vreesliks kan wees nie, bring mee dat daar ook in die lewe niks werklik angswekkends kan wees nie. [4]) Saam met die vrees vir die dood verdwyn ook die vrees vir die gode. [5]) Hy wat nie meer bestaan nie, kan niks hê om te vrees nie, en dit kan geen verskil maak of hy ooit gebore was of nie. [6]) Die lyding wat die dood bring, is dikwels korter en ligter as wat die mens sy lewe deur dra. [7]) Ware kennis van wat hy werklik is, bevry die mens dus

---

1) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 218.
2) Wiersma, W.: Epicurus in Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 273.
3) Ibid., p. 273-274.
4) Aalders: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 107. Vgl. Kellett: A short history of religions, p. 139.
5) De Burgh: Op. cit., p. 222.
6) Kellett: Op. cit., p. 140.
7) Durant: De Griekse wereld, p. 753.

van sy vrees vir die dood.

Godsdiens, meen Epikurus, ontstaan uit vrees vir die dood en gedy deur onwetendheid. Godsdiens bevorder tewens onwetendheid en versomber die lewe met vrees vir straf en die bonatuurlike. Aangesien hy genot as die begin- en as die eindstrewe van 'n gelukkige lewe stel, moet die vrees vir die gode ook uitgeban word. Dit doen Epikurus nie deur die bestaan van die gode te ontken nie, maar deur te leer dat hulle hulle nie met die mensdom bemoei nie: hulle is onverganklike, geluksalige wesens van wie die mens niks te vrees of te verwag het nie. [1]) "Uit de onsterfelijkheid van de goden volgt, dat zij niet kunnen wonen <u>in</u> de werelden aangezien zij dan eenmaal met hun wereld zouden moeten ondergaan. Oneindig veel in aantal hebben zij hun woonplaats in de onmetelijke lege ruim <u>tussen</u> de werelden, waar zij ver van alles wat hen zou kunnen storen genieten van hun zaligheid."[2])

Sonder om 'n ateïs te wees, verwerp Epikurus dus alle religie en daarmee saam ook alle metafisika: dit in onmoontlik om iets van die bonatuurlike wêreld te weet en die rede moet hom dus tot die ervaring van die sintuie beperk en dit as die hoogste toets van die waarheid aanvaar. [3])

Met sy streng materialistiese fisika is dit begryplik dat Epikurus nadruk sal lê op die verskillende vorme van liggaamlike genot soos voedsel en drank en bevrediging van die geslagsdrif, sowel as skoonheid van klank en vorm. Intussen val dit hom egter op hoe 'n noue verband tussen die belangrikste liggaamlike luste en onlusgevoelens bestaan. [4]) Daarom waarsku hy teen die geslagtelike liefde [5]) of hy degradeer liefde vir die vrou tot louter liggaamlike genot ten einde die verdriet en onrus te voorkom wat deur verliefdheid veroorsaak kan word. [6]) Net soos Socrates kom Epikurus ook tot die gevolgtrekking dat kuisheid een van die eerste voorwaardes vir die vryheid van die gees en die helderheid van die verstand is. [7]) Aangesien singenot, wat op sigself geoorloof is, onaangename gevolge kan hê, is dit nie die hoogste doel nie. Verstand is nodig om oor die verskillende vorme van genot te oordeel. Met genot bedoel Epikurus dus nie die oorgawe aan sinlike luste nie, maar die liggaam se vryheid van pyn en die siel se vryheid van onrus. [8]) "Pleasure, in this sense of wise passiveness

---

1) Aalders: Paulus, p. 107-108. Vgl. Kellett: A short history, p. 139.
2) Wiersma, W.: Epicurus <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 287.
3) Durant: De Griekse wereld, p. 751.
4) Wiersma: Op. cit., p. 290. Vgl. Flaceliére: Liefde in het oude Griekenland, p. 162.
5) Vgl. Flaceliére: loc. cit.
6) Ibid., p. 142.
7) Ibid., p. 205.
8) Durant: Op. cit., p. 753.

and acquiescence, is the supreme good. Wisdom and self-control will enable us to secure in life a balance of pleasure: courage will enable us to endure with patience the pains that cannot be avoided; and justice will gain for us the goodwill of others." 1)

Die populêre opvatting as sou Epikurus geluk in vulgêre sensuele genotsug verkondig, is met ander woorde heeltemal foutief. Geluk bestaan vir hom nie in genotvolle oomblikke nie, maar in 'n gesindheid van serene rus en blyheid. Daarin is nie slegs liggaamlike nie, maar veral geestelike genietinge van belang. 2) Genot behels vir Epikurus eintlik vryheid van hartstog (ataraxia of windstilte) en met hierdie negatiewe doelwit staan hy ondanks baie punte van verskil, ná aan die Stoa. 3) Slegs deur die filosofie is hierdie sielerus moontlik. "Het is niet mogelijk aangenaam te leven en niet tevens verstandig, goed en rechtvaardig, evenmin verstandig, goed en rechtvaardig en niet tevens aangenaam." 4) Daarmee kry die leer van Epikurus 'n sterk intellektualistiese trek, wat tewens eie is aan die Griekse opvattinge.

Die wyse sal die wette gehoorsaam, nie omdat dit op bonatuurlike norme sou berus nie, maar omdat dit die samelewing op 'n redelike en regverdige grondslag reël. 5) Hier geld dus weer die rede as grondslag. Die begryp van dinge is nie alleen die hoogste deug nie, maar ook die hoogste geluk. Wysheid is die enigste bevryer - van die slawerny van die hartstogte, vrees vir die gode en die dreiging van die dood. 6)

In die tyd van die verval van die Griekse gemeenskap bied Epikurus se stelsel 'n lewensleer vir die enkeling, maar hy wys nogtans op die belangrikeid van die gemeenskap op grond van die voordele wat dit vir die individu inhou. Die wyse sal hom nogtans so ver moontlik van politiek en die meegaande jag na invloed en aansien weerhou. Een van die hoogste vorme van geluk vind Epikurus nie in roem nie, maar in die vriendskap. 7)

Die mens moet sy begeertes beheers, 'n sobere, eenvoudige lewe voer, alle vrees uitban en dan word hy deur die natuurlike soetheid van die lewe (hedone) met die allergrootste geluk beloon, naamlik innerlike vrede. 8) Epikurus voer dan ook self 'n uiters eenvoudige bestaan ooreenkomstig sy

---

1) Kellett: A short history of religions, p. 140.
2) Wiersma, W.: Epicurus <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 291.
3) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 222.
4) Aalders: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 109.
5) Ibid., loc. cit.
6) Durant: De Griekse wereld, p. 753.
7) Wiersma: Op. cit., p. 293.
8) Durant: Op. cit., p. 754.

leuse: "Leef onopvallend" (lathe biosas). 1)

Groot opvolgers wat sy leerstellinge kon uitbrei of nader uitwerk, het Epikurus nie gehad nie, hoewel dit hom aan navolgers nie ontbreek het nie. Epikurisme is verkeerd begryp en openlik bespot, maar agter die skerms in die hele Hellas aanvaar. Onder die gehelleniseerde Jode is dit deur soveel aanvaar dat die term apiköros deur die rabbyne vir 'n afvallige gebruik is. 2)

Epikurus se idealisering van die eenvoudige en natuurlike herleef in die 18de eeu n.C. in die Naturalisme, en sy teorie oor die spontane ontstaan van lewe en die verdere ontwikkeling daarvan laat aan Darwin dink. 3)

Die grootste gebrek van die Epikurisme is seker sy negatiewe benadering van deug: dit beskou genot as bevryding van leed en wysheid as 'n uitweg uit die wisselvallighede van die lewe. Dit is verder toegespits op die individu en bevat feitlik geen gemeenskapsetiek nie. Daarmee sluit dit by die Stoa aan. "To the Epicurean, the good life is that of rational enjoyment of all the satisfactions which the world affords; the sage masters circumstances by using them as means to his convenience; the good is pleasure, i.e. not the momentary gratification of the senses, but the fruits of 'cool self-love', above all, the delights of intellectual study and social intercourse. Taken at their best, Stoicism was the more exalted, Epicureanism the more genial and human, of the two ideals ... On a lower plane, Stoicism degenerated into puritanic formalism and casuistical compromises with the world ...; Epicureanism into a complacent acquiescence in the coarser satisfactions of life. But both were alike indifferent to the course of society and government; ... the business of the individual lay elsewhere, in ordering aright the city of his own soul." 4)

(b) Religie.

(i) Religie en magie. In die tyd van die verval van die ou Griekse godsdiens het die morele filosofie, soos veral deur die Stoa en die Epikurisme verteenwoordig, vir baie denkende mense die plek van die religie ingeneem. Filosofie is egter met sy intellektuele gerigtheid 'n weelde van die geestelike aristokrasie en voldoen nie in die behoeftes van die gewone mens wat nie bereid of in staat is om die gedagtegang van die spekulatiewe filosofie te volg en voort te sit nie. 5)

---

1) Wiersma, W.: Epicurus in Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 292.
2) Durant: De Griekse wereld, p. 755.
3) Wiersma: Op. cit., p. 286.
4) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 218.
5) Waszink, J.H.: Het eclecticisme in Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 350.

Die ineenstorting van die ou Griekse godsdiens het op religieuse gebied 'n lugleegte gelaat wat vir die gewone volk nie deur die filosofie gevul kon word nie. In hierdie behoefte aan 'n opeisende religieuse belewenis het die sogenaamde misteriegodsdienste voldoen. Waar die Olimpiese godsdiens aristokraties was en vreemdelinge en slawe buite gehou het, neem die nuwe Oosterse eredienste alle manne en vroue aan, vreemdelinge, slawe of vryes en hou aan alle klasse die belofte van 'n ewige lewe voor. [1] Op godsdienstige gebied gee in dié tyd die Ooste die toon aan. Die Weste vertwyfel aan sy eie kultuur, aan die rede waarop hy geroem het, en vlug vermoeid in die misterie. Redes hiervoor is onder meer die ontworteling van die massa met die verval van die polis en sy verwante geloofsinhoude. Die mens is eensaam in die groot stad van die Hellenistiese tyd, en die nuwe religie bied persoonlike kontak en werklike gemeenskap. [2]

Hierdie misteries was van Oosterse oorsprong en het ná die segetogte van Alexander, wat nuwe eenheid tussen Wes en Oos tot stand gebring het, die Griekse en Romeinse lewe binnegedring. [3] Hierdie kulturele en religieuse vermenging of sinkretisme skep 'n gunstige atmosfeer vir die verskyning van Oosterse religie wat enersyds ontsaglike verdieping van die godsdienstige lewe meegebring het, maar andersyds ook 'n modderstroom van bygeloof, magie, demonologie, astrologie en ander obskurantisme oor die Weste gestort het. [4]

Die misteriedienste ontstaan uit die ou magiese rites wat eie is aan primitiewe gemeenskappe en wat ook by die onderste Griekse volkslae en in die Ooste bly voortlewe het. "Mystery religions provided an ideology for the masses ... promising them salvation, spiritual balm for their material and economic woes. Bacchus offered union with the deity through divine frenzy, 'Orpheus', like Buddha, release from the wheel of births and deaths, Eleusis immortality. But the paths to salvation were mainly magic rituals - initiations and purifications taken straight from totemism." [5]

(ii) <u>Orakels</u>. In Griekeland het magie altyd 'n rol gespeel, en nie slegs by die onderste volkslae nie. Sterre- en voëlwiggelaars, droomuitleggers en ingewandkykers is geraadpleeg om die toekoms te voorspel, en van die vroegste tye af is geen staatkundige betrekkinge gereël sonder om

---

1) Durant: De Griekse wereld, p. 657.
2) Quispel, G.: De mysteriën van het syncretisme <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 139.
3) Carcopino: Daily life in ancient Rome, p. 145-152. Vgl. Aalders: Paulus en de antieke cultuur, p. 50.
4) Thiel, J.H.: Het Hellenisme <u>in</u> Waszink e.a.: Op. cit., p. 28.
5) Childe: What happened in history, p. 222.

die gode deur middel van orakels te raadpleeg nie. [1] Dit was ook in Egipte die geval. God-mens kontak is ooreenkomstig primitiewe opvattinge slegs deur bemiddeling van die orakelpriester moontlik. Waar die orakels aanvanklik hoofsaaklik op politieke terrein invloed uitgeoefen het, kry hulle later veral godsdienstige betekenis en word hulle ook deur die gewone mens in sy persoonlike nood geraadpleeg. [2]

Die bekendste Griekse orakel was dié van Apollo op Delphi. [3] Hierdie orakel het die mens deur goddelike openbaring tot eie lotsbepaling in staat gestel en is deur barbare sowel as Grieke geraadpleeg. Phocis was die heilige stad van Delphi op die helling van die berg Parnassus met sy ontsagwekkende rotse. Herhaalde aardskokke wat hier voorgekom en invallers afgeskrik het, is beskou as die werke van die god wat sy eiendom beskerm. Die verband tussen primitiewe religie en natuurgebeure tree ook hier weer aan die lig.

Net soos die stier is ook die slang in die ou vrugbaarheidskultus as heilig en as simbool van die voortplantingskrag beskou [4], en die gas wat uit die diepte van 'n nou rotsskeur opgestyg het, is toegeskryf aan die altyd voortgaande ontbinding van die python wat deur Apollo daar gedood is. [5] 'n Groot rots wat die skeur byna geheel bedek het, was vir die Grieke die omphalos of nawel van die hele wêreld. Daaroor heen het hulle tempels gebou, aanvanklik gewy aan Ge (Moeder Aarde), later aan haar skitterende oorwinnaar, Apollo [6], die god van siekte en genesing, van skoonheid en die groeiende gesaaide. [7] Die diensdoende priesteresse of Pythia het bo-oor die kloof op 'n hoë drievoet plaasgeneem waar hulle deur die goddelike stank en die kou van lourierblare in 'n toestand van delirium verval en dan geïnspireerde, onsamehangende woorde geuiter het wat deur priesters vir die volk verklaar is. Aangesien die uitleg gewoonlik vir verskillende verklarings vatbaar was, is die roem van die orakel gehandhaaf, wat ook al gebeur het.

Hoe belangrik die orakel was en hoe 'n noue band tussen religie en die gewone lewe bestaan het, blyk uit die feit dat die tempel van Apollo te Delphi in sekere sin as 'n internasionale bank vir die hele Griekeland gedien en lenings aan enkelinge en state gemaak het. [8]

---

1) Den Boer, W.: Het voortleven van de oude Griekse godsdienst in de Hellenistische tijd in Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 94 - 99.
2) Ibid., p. 96-97.
3) Durant: De Griekse wereld, p. 156, 214. Méautis: Mythologie, p. 68.
4) Durant: Op. cit., p. 209.
5) Ibid., p. 231.
6) Ibid., p. 124-125.
7) Ibid., p. 214.
8) Ibid., p. 320.

Die verval van die orakels is veral toe te skryf aan die toenemende skeptisisme van die wysgere en ook aan die opkoms van die Oosterse misterieë wat in die massa se behoefte aan sterker prikkels voldoen het. Die belangrikste rede waarom die invloed van die orakel getaan het, was egter omdat dit geen sedelike invloed uitgeoefen het nie [1]) en omdat niemand werklik heelhartig daarin kon glo nie. [2]) Skeptisisme het tot lewensmoegheid gelei. Sedelikheid en religie is nie oorspronklik verbonde nie, maar as daar eers 'n band tussen hulle gelê is, lei die verval van die een noodwendig tot die ondergang van die ander. Dit was ook die geval in Griekeland en in die gehelleniseerde Rome.

(iii) Misteriegodsdienste. Seker die mees onverwagte maar verreikendste gevolg van Alexander se veroweringstogte was die oriëntalisering van die Europese gees. Waar die Grieke aan die Ooste wysbegeerte gebied het, het die Ooste aan die Grieke religie gebied. Laasgenoemde deel van die ruil was die enigste blywende want terwyl wysbegeerte 'n weeldeartikel van weiniges is, bied religie troos vir baie: dit herken die verborge eensaamheid van die mens en bied hom troos en besieling. [3])

In die verloop van die Griekse godsdiens kan drie stadia onderskei word: die chtoniese, die Olimpiese en die mistieke, waarin onderskeidelik aardse, hemelse en herrese gode aanbid is. [4]) Die misteriegodsdienste dank hulle ontstaan aan die vrugbaarheidskultus [5]) en het ten tye van Pericles reeds die toon aangegee in die Griekse religieuse lewe hoewel hulle grootste bloeitydperk eers in die 2de eeu n.C. geval het. [6])

Dat die Oosterse godsdienste so geredelik in die Hellenistiese wêreld opgeneem is, bewys dat na 'n lang proses van ryping 'n innerlike behoefte daaraan bestaan het. Hierdie Oosterse godsdienste is nie nasionale volksgodsdienste soos hulle voorgangers nie, maar persoonlike godsdienste, internasionale misterieë vir enkelinge. [7]) Een van die belangrikste oorsake van die gewildheid van die misteriedienste was die poort wat hulle na die ewigheid geopen het. In die Grieks-Romeinse wêreld was die geloof aan 'n voortbestaan ná die dood op sy beste vaag en weifelend. Die oudheid het 'n diesseit-lewensbeskouing gehad en wat daaragter gelê het, het geen realiteit gehad nie of was die voorwerp van wysgerige bespieëlinge, sodat dit

---

1) Den Boer, W.: Het voortleven van de oude Griekse godsdienst in de Hellenistische tijd in Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 98-99.
2) Kellett: A short history of religions, p. 107.
3) Durant: De Griekse wereld, p. 671-672.
4) Ibid., p. 220.
5) Ibid., p. 219.
6) Quispel, G.: De mysteriën en het syncretisme in Waszink: Op. cit., p. 150.
7) Ibid., p. 141.

vir die groot massa geen betekenis gehad het nie. Eers toe die stadstaat verval en die diesseitverwagtinge ineenstort, het die Hellenistiese mens gevoelig geword vir die ewigheidsprojeksie in die religie. "Was de gewone antieke gedachte ...: de natuur sterft en herrijst, maar de mens sterft doch herrijst niet, in de mysteriën staat de idee in het centrum: zoals de natuur en de goden van de natuur sterven doch ook weer herrijzen, zo zal ook de mens, die als ingewijde één is geworden met de godheid, na de dood het eeuwig leven hebben." [1]) Dit vorm 'n oorgang van die geloof in die onverganklikheid van die lewe na die geloof in 'n persoonlike onsterflikheid. Die misteries het onsterflikheid gewaarborg, nie as 'n wysgerige moontlikheid nie, maar as 'n rotsvaste sekerheid. [2]) Daarmee voeg die misteriedienste 'n totaal nuwe dimensie aan die religie van die tyd toe: die dimensie van die ewige met die gedagte van loon of straf ná die dood.

Daar was talle misteriedienste wat elk sy aanhangers gehad het. Slegs die belangrikste kan hier genoem word en een sal effens vollediger bespreek word om as verteenwoordigende voorbeeld te dien.

Die Eleusismisterie was die beroemdste Griekse misterie en is oorspronklik in Eleusis in Attica beoefen. Dit was 'n vrugbaarheidskultus ter ere van Demeter en Persephone deur wie se toedoen koring aan die mens beskikbaar gestel is. [3]) Slegs ingewydes of mystai is toegelaat om aan die diens deel te neem. Aan hulle is 'n toekomstige salige lewe ná die dood gewaarborg. Na geheime seremonies eindig die ingewydes hulle vastyd met 'n heilige kommunie ter ere van Demeter deur 'n mengsel van meel en water te drink. Die hoogtepunt van die plegtigheid was die mistieke huwelik van 'n priester wat Zeus verteenwoordig met 'n priesteres wat Demeter personifieer. Deelnemers is by gedempte fakkellig na ondergrondse hole gelei wat Hades voorstel en dan na 'n hoërgeleë verblyf wat skitter van lig en wat die verblyfplek van die saliges voorstel. [4]) Hoe groot die invloed van hierdie erediens was, blyk uit die feit dat dit in die Atheense staatsgodsdiens opgeneem is. [5])

Die Isisdiens was uit Egipte afkomstig. Isis se gemaal Osiris was 'n vegetasiegod: sy sterwe, herrysenis en voortlewe in sy seun Horus simboliseer die groeikrag van die natuur. Vir die ingewyde belowe hierdie

---

1) Aalders: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 72.
2) Quispel, G.: De mysteriën en het syncretisme in Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 140.
3) Kellett: A short history of religions, p. 135.
4) Durant: De Griekse wereld, p. 221.
5) Aalders: Op. cit., p. 41.

misterie ook onsterflikheid. [1]

Cybele was 'n moedergodin van Klein-Asië. In haar woede oor sy ontrou straf sy haar geliefde, Attis, met waansin, waarop hy homself deur selfverminking om die lewe bring. Die jaarlikste feeste is in Maart gehou met orgaïstiese fluitmusiek en in wilde ekstase gesel of kastreer die gelowiges hulself. Daarna volg die skielike opwekking van Attis.

Tot die inwydingsritueel van nuwelinge het onder andere ook die taurobolium of stieroffer behoort. Hiervoor het die persoon wat ingewy moes word, in 'n kuil afgedaal waaroor 'n rooster gelê is. Daarbo is dan 'n bul geslag sodat die bloed op die inwydeling stroom, waardeur hy dan weergebore sou wees.

Die verband met die vrugbaarheidskultus is duidelik: Cybele is die godin van alle vorms van vrugbaarheid; sy is die oorsprong van alle dinge, die geheimsinnige oerkrag. Attis (ook 'n vegetasiegod) se selfkastrasie simboliseer 'n tot die uiterste konsekwensies deurgevoerde askese, en wie hom in die ekstase met Attis vereenselwig en soos hy maak, maak homself los van die materie en word tot god. Net soos die god sal hy ook herrys. [2]) Hier is 'n bestanddeel van die Griekse siel-liggaam dualisme in die misteriediens opgeneem.

Die ontmande priesters, die galli, was vir die Romeine net soos vir die Grieke 'n gruwel en Romeine is deur die wet verbied om Cybelepriesters te word. Nietemin is die kultus in 205 v.C. van staatsweë in Rome ingevoer.

Orpheus. Die Orphisme kom in die 7$^{de}$ eeu v.C. Hellas binne. Die teerhartige, meditatiewe fluitspeler Orpheus volg, byna kranksinnig van smart, sy geliefde Eurydice na Hades. Sy nagelate liedere word die grondslag van 'n mistieke kultus. [3] Dit leer die preëksistensie van die siel, reïnkarnasie en die gevangenskap van die siel in die liggaam. Deur 'n reeks inkarnasies voltooi die siel sy kringloop van bestemming en bereik in 'n toekomstige lewe 'n paradys van sinlike genot. Die siel bereik onsterflikheid deur god te word; die siel is naamlik 'n gevalle god wat slegs deur reiniging en sakramente van die kerker van die liggaam bevry kan word. Deur hierdie ekstase (ecstasis = buite die liggaam tree) word die siel één met die godheid. [4]

---

1) Aalders: Paulus, p. 52. Vgl. Quispel: De mysteriën van het syncretisme in Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 144.
2) Aalders: Op. cit., p. 54-55.
3) Durant: De Griekse wereld, p. 222-223.
4) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 129-130. Vgl. Den Boer: Het voortleven van de oude Griekse godsdienst in de Hellenistische tijd in Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 102.

Die Orpheusdiens skakel met die Dionysosmite waarvolgens die god Dionysos deur die Titane verskeur is. Die mens stam van die Titane af en is kragtens hierdie "erfsonde" van die Titane skuldig aan die dood van Dionysos. Orpheus verteenwoordig in die kultus die mensheid maar deur die mag van die god self word hy die openbaarder van die goddelike wil.

Die Orphisme met sy sterk etiese inslag en skuldbesef is deur Plato op prys gestel. In onderlinge verbondenheid het die Orphici hulle van die wêreld afgesonder en hulle op die lewe ná hierdie lewe toegelê. 1) Ook op die gewone mens, die nie-ingewyde, het die gedagte van vergelding in die hiernamaals invloed uitgeoefen.

Mithra. Die Songod Mithra word reeds omstreeks 1400 v.C. as Indiese god genoem. In Persië is Mithra die god van verdrae en van die môregloor, die songod. Die Mithrasdiens moet dus uit die tyd stam toe hierdie twee volkere nog één was. 2) As songod stry Mithra ooreenkomstig die Persiese goed-kwaad dualisme teen die magte van die duisternis. Ahura-Mazda, die groot god van die lig, verkeer in voortdurende stryd met sy teëstander Ahriman. Die mens kan Ahura-Mazda op konkrete wyse help deur 'n lewe van reinheid en waarheid te lei. Mithra, 'n ondergeskikte god, word voorgestel waar hy die eerste skeppingswese, die stier, op bevel van die songod met 'n dolk doodsteek. Uit die stert, bloed en saad van die dier ontstaan koring, plante en diere, maar Ahriman stuur die skerpioen en die slang wat die bloed vergiftig en so ook kwaad in die wêreld bring. 3) Kwaad en goed is egter beide deur die hoogste god, Zervan Akaranya, die Oneindige Tyd, voortgebring. 4) Mithra se verblyfplek is tans by die gode, vanwaar hy sy volgelinge in die stryd teen die kwaad bystaan. 5)

Die Mithrasdiens het in die regeringstyd van die opvolgers van Alexander in die oostelike dele van Klein-Asië posgevat. Vandaar is dit deur die Romeinse leër, wat in groot getalle in die oostelike Asiatiese provinsies gerekruteer is, na Rome gebring. Veral sedert die 2de eeu n.C. versprei hierdie godsdiens na die frontlinies aan die Ryn en die Donou 6), en daar word dit 'n ernstige teëstander van die Christendom. Met as mite die heroïese stryd van 'n held teen die magte van die bose, was die Mithrasdiens by uitstek die godsdiens van die Romeinse soldaat. 7)

---

1) Den Boer, W.: Het voortleven van de oude Griekse godsdienst in de Hellenistische tijd in Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 104.
2) Quispel, G.: De mysteriën van het syncretisme in Waszink: Op. cit.,p.147.
3) Aalders: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 55-56.
4) Quispel: Op. cit., p. 148.
5) Aalders: Op. cit., p. 56.
6) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 339.
7) Quispel: Op. cit., p. 149.

In die klein grot-heiligdomme het die lede van die Mithrasgemeentes in noue onderlinge kontak byeen gekom vir hulle doop en aandmaal. Hulle het origens 'n asketiese lewe gevoer. [1]) Een van die belangrikste leerstellinge was die hemelreis van die siel langs die sewe planete waardeur hy die goddelike sfeer bo die noodlot bereik en tot sy oorsprong terugkeer. [2])

Wat sommige rites betref, toon Mithraïsme 'n mate van ooreenkoms met die Christendom, maar die feit dat dit nie wortel kon skiet in die Hellenistiese gebiede waar die Christendom juis inslag gevind het nie, toon dat daar diepgaande verskille tussen die twee godsdienste was. [3]) Hoewel die Mithraïsme veral in die 2$^{de}$ eeu n.C. 'n hoogtepunt bereik het, het dit nie die filosofiese basis of vitaliteit van die Christendom gehad nie en was dit in feite die ruwe aanbidding van 'n hemelliggaam. Die oorwinnings van die barbare het sy val verhaas en in die 4$^{de}$ eeu n.C. is dit selfs onder die soldate deur die Christendom vervang. [4])

<u>Dionysos</u>. Die Dionysosmisterie is een van die belangrikste misteriedienste van hierdie "in religiosis ietwat bronstige tyd." [5]) Die god Dionysos is afkomstig uit Thracië waar hy die god van garsbier was. In Griekeland word hy, aansluitend by die vrugbaarheidskultus, die god van die wingerd en dronkenskap. Sy mite ontstaan uit 'n mengsel van baie figure en legendes en hy word ten slotte die seun van 'n god wat sterf om die mensheid te red. Die Grieke beskou hom as Zagreus, die lieflingskind van Zeus wat naas sy vader op die hemeltroon sit. Die Titane verskeur, kook en verslind hom, maar die godin Athene red sy hart. Zeus gee dit aan Semele, sy word daarvan swanger en skenk opnuut aan die god lewe onder die naam Dionysos. Reeds in 50 v.C. is die verhaal as 'n vegetasiemite interpreteer: Zagreus, die wynstok, is 'n kind van Demeter, die aarde, bevrug deur Zeus, die reën. Die wynstok, as 'n god, word gesnoei om nuwe lewe daaraan te gee en die sap van die druif word gekook om wyn te maak. Iedere jaar word die wynstok onder voedende reën herbore. [6])

Dionysos is as so belangrik gereken dat Alexander sedert die 3$^{de}$ eeu v.C. as sy afstammeling beskou is en Alexander se opvolgers het die tradisie voortgesit. [7])

---

1) Aalders: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 56.
2) Quispel, G.: De mysteriën van het syncretisme <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 148-149.
3) De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 339-340. Vgl. Kellett: A short history of religions, p. 262.
4) Kellett: Op. cit., p. 264. Vgl. De Burgh: Op. cit., p. 340.
5) Quispel, G.: De Gnosis <u>in</u> Waszink: Het oudste Christendom II, p. 441.
6) Durant: De Griekse wereld, p. 218-220. Vgl. Méautis: Mythologie, p. 87.
7) Den Boer: Het voortleven van de oude Gr. godsdienst <u>in</u> Waszink: Op. cit. I, p. 101-102.

Die kultus van hierdie god, bestaande uit rou oor sy dood en blye viering van sy wederopstanding, het met woeste orgieë gepaard gegaan waarin die deelnemers hulsef met behulp van wilde musiek en opwindende danse tot 'n "heilige waansin" opgesweep het. [1]) Vir die Griekse vroue wat hieraan meegedoen het, het die hoogtepunt na twee dae van onbeperkte drankgebruik en wilde optogte gekom: dan trek hulle in 'n toestand van besetenheid deur musiek, drank en massa-histerie in die nag die berge in met fakkels (simbool van die lewe). Hulle staan bekend as Bacchae (skreeuers), Maenade (waansinnige vroue) of Thyiade (woedendes). [2]) Dan verskeur hulle lewende bokke, slange of selfs 'n man wat as die inkarnasie van die god beskou is as herinnering aan die slagting van Dionysos. Hulle drink die bloed of eet die vleis in 'n "heilige gemeenskap" waarby die god dan in hulle oorgaan en hulle siel in besit neem. In hierdie goddelike entoesiasme (entheos = 'n god binne-in) word hulle één met die god in 'n mistieke en triomfantelike vereniging en is hulle oortuig dat hulle nooit sal sterf nie. Hulle klee hulle in dierehuide, gord hulle met slange, kroon hulle met klimopranke en soog die kleintjies van herte en wolwe. [3]) Anders eindig hulle die orgie in 'n toestand van <u>ecstasis</u>, 'n buite homself tree van die siel om die god te ontmoet en met hom één te word. Dan voel hulle hul bevry van die las van die vlees, verkry goddelike insig en profeteer, want hulle het self hulle god geword.

Dit was 'n wilde, onbeteuelde kultus wat uit Thracië na Griekeland oorgewaai en die koue, nugtere diens van die Olimpiese gode verdring het deur die gewone volk se verlange na geestesverrukking, mistiek en misterie te bevredig. Die priesters van Delphi en die regeerders in Athene was magteloos om die opkoms van die kultus te stuit; hulle was verplig om Dionysos later onder die Olimpiese gode op te neem, hom te helleniseer en te humaniseer, 'n amptelike fees aan hom toe te wys en die braspartye van sy aanhangers te sublimeer tot luisterryke optogte, sange en die edele treurspel van die groot fees van Dionysos. So word die vreemde god getem tot Apollo. [4]) Orgiastiese raserny is gesublimeer tot kreatiewe kuns. [5]) Die Dionysosdiens is later met die Eleusiese misterie vermeng tot één misterie van Demeter en Dionysos, 'n fees van brood en wyn, 'n unio mystica van vreugde oor die vrugbaarheid van hierdie aarde en die hoopvolle verwagting

---

1) Aalders: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 42.
2) Kellett: A short history of religions, p. 133. Vgl. ook Carcopino: Daily life in ancient Rome, p. 150.
3) Durant: De Griekse wereld, p. 485. Vgl. Kellett: Op. cit., p. 133.
4) Durant: Op. cit., p. 219-220.
5) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 52.

omtrent 'n komende, bo-aardse, ewige lewe. [1]) Uiteindelik het dit met die koms van die Christendom tot niet gegaan.

Die betekenis van die misteriedienste. Ondanks die groot verskeidenheid gebruike in die misteriekultusse is daar enkele groot ooreenkomste wat hulle saambind. Eerstens keer hulle hulle af van die nugtere rede en tweedens bring hulle die gedagte van 'n ewige lewe waarin loon of straf na verdienste toegemeet word.

In die oudheid was daar weinig spore van 'n onsterflikheidsgeloof. Selfs in ou Egipte, waar die mens meer aandag aan die dood gegee het as in enige ander volk [2]), en in Babilonië het groot pessimisme oor die moontlikheid van 'n voortbestaan ná die dood geheers. So lui 'n Babiloniese teks, "Tweegesprek tussen heer en slaaf", in vertaalde vorm onder meer: "Steige auf die alten Hügel und durchwandere sie, siehe die Schädel der Späteren und der Früheren! Wo ist der Bösewicht, wo der Guttäter?" [3])

Hierdie pessimisme oor die jenseits lei dikwels tot hedonisme, soos die grafskrif van Ta-imhotep, die eggenote van 'n hoëpriester van Memphis, wat ongeveer in 42 n.C. oorlede is, toon. In die grafskrif spreek die oorledene volgens die vertaling van Dürr haar man aan: "O mein Bruder, Gatte und Freund, du Hoherpriester! Werde nicht müde zu trinken, dich zu berauschen und zu lieben! Sei fröhlich und folge immer deinen Wünschen; setze die Sorge nicht in dein Herz. Was sind sie, die Jahre, die nicht auf Erde sind? Das Totenreich ist ein Land im Schlummer, eine lastende Dunkelheit, der Wohnort derer, die dort sind. Schlaf ist in ihrer Gestalt. Sie wachen nicht auf, um ihre Brüder zu schauen, sie ... (kennen?) nicht ihren Vater und ihre Mutter, ihr Herz vermisst (?) ihre Frauen und Kinder ... " [4])

Met sy diesseitgerigtheid het die Griek ook geen ware onsterflikheidsgeloof geken nie. As die mens sterf, steek hy die rivier Styx oor na die ryk van Hades en ontsnap daarmee vir altyd aan die gode en die sterwelinge. Sy droewige skaduwee, leweloos, byna sonder bewussyn, bly nouliks bestaan. [5]) Volgens Homeros, vir wie slegs die fisieke lewe bestaan, is die verblyfplek van die dode 'n oord van verskrikking en afgrysing. [6])

---

1) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 53.
2) Dürr: Das Erziehungswesen im Alten Testament und im antiken Orient, p.53.
3) Ibid., p. 96-97.
4) Ibid., p. 97.
5) Méautis: Mythologie der Grieken, p. 93.
6) Ibid., p. 101. Vgl. Aalders: Paulus en de antieke cultuurwereld, p. 70; Kellett: A short history of religions, p. 122-123.

Ten spyte van die pessimisme oor 'n persoonlike voortbestaan ná die dood, het die Griekse sikliese geskiedenisbeskouing reeds die kiem van die onsterflikheidsgedagte bevat. Tot 'n vaste geloof in 'n persoonlike voortbestaan het dit egter nie gekom nie. So word mens getref deur Socrates se patetiese pogings om onmiddellik voor sy dood rasionele gronde vir 'n jenseitige voortbestaan te vind [1]), hoewel die gedagte van ewige loon en straf by hom reeds aarselend na vore kom. [2]) Plato leer die onsterflikheid van die siel en sluit met sy gedagte van die sielsverhuising by die Griekse sikliese beskouing aan. In die gedagtes van die Stoa en die Epikurisme speel onsterflikheid egter 'n geringe of geen rol nie.

Dit is die misteriegodsdienste wat die oorgang bring van 'n geloof in die onverganklikheid van die lewe na 'n persoonlike onsterflikheid. [3]) "De eredienst is aanvankelijk een zuiver natuurlijke gewijd aan voortplanting en vruchtbaarheid. Geleidelijk krijgt deze als mysterie-dienst een meer spiritueel karakter. Op het leven volgt de dood, maar uit de dood ontbloeit nieuw leven. De goden van de dood worden gelijdelijk tevens goden van geboorte, wasdom en leven. Goden, die sterven in het najaar, om in het voorjaar te herrijzen. Hun verblijfplaats, de aarde, uit wier binnenste als vruchtbare moederschoot alle leven ontspringt, is dezelfde aarde, die als steeds geopende graf alles weer tot zich neemt, wat zij heeft voortgebracht. Zo maakt de volslagen breuk van het lichamelijke einde plaats voor wedergeboorte en nimmer eindigende kringloop. De kommerlijke dood wijkt voor zalige onsterfelijkheid. De dood wordt van vloek tot zegen. Tenslotte is het sterven de overgang naar een heerlijke leven, een verbeide heilstaat. Niet de keerzijde, maar de betere zijde van het mens-zijn." [4])

Dit is waar dat die misteriedienste met hulle beroep op die ekstatiese en die orgaïstiese duidelike elemente van sedelose uitspattighede bevat het, maar daarteenoor het hulle 'n innerlikheid, 'n verdieping in die buiteredelike gebring en 'n ontdekking van gebiede van die menslike siel wat aan die aandag van die Griekse wysgere ontsnap het. [5])

Die Oosterse misteriedienste het weinig invloed op die Christendom gehad en het trouens eers in die 2$^{de}$ eeu n.C. hulle hoogtepunt bereik,

---

1) Platoon: Dialogen, p. 128-152.
2) Ibid., p. 183.
3) Den Boer, W.: Het voortleven van de oude Griekse godsdienst in de Hellenistische tijd <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p. 101.
4) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 51.
5) Quispel, G.: De mysteriën van het syncretisme <u>in</u> Waszink e.a.: Op. cit., p. 150. Vgl. Carcopino: Daily life in ancient Rome, p. 150.

'n eeu nadat die evangelies geskryf is, maar hulle het die gees van die klassieke mens omgewoel en hom vir die evangelie toeganklik gemaak. [1]) Die misteriedienste het die mens bewus gemaak van die jenseits-dimensie van sy bestaan, 'n dimensie wat buite die bevatlikheid van die rede lê.

C. Samevatting.

Uit die voorgaande skets van die Griekse mens in sekere belangrike ontmoetingsituasies kan nou baie kortliks sy antropologie uitgestippel word, wat in die laaste hoofstuk van hierdie studie vanuit pedagogiese oogpunt beskou en beoordeel sal word.

Die beeld wat van die Griek ontstaan, is dié van 'n tragiese, gesplete mens, sy vitale lewens- en skoonheidsvreugde ten spyt. Voortvloeiend uit sy opvatting van materie as nie-geskape, as 'n beginsel van traagheid, sien hy die liggaam en die aardse bestaan as onwerklik, as skyn, en hy sien dus daarop neer. Teen die verbygaande stoflike stel hy die siel as ewig, in sy preëksistensie en tussen sy inkarnasies in direkte kontak met die absolute. Die menslike siel is 'n deel van die wêreldsiel, die Noes of Logos, en is die entelechie wat aan die weerstrewige materie vorm gee.

Ten spyte van die onoorbrugbare verskil tussen die liggaam en die siel, is die liggaam nogtans die afskynsel van die siel (materie word immers deur die siel gevorm) en so staan liggaamlike skoonheid nie los van geestelike skoonheid (deug) nie. Die hoofdoel van gimnastiek en sport is dus nie die ontwikkeling van die liggaam (wat as gevangenis van die siel beskou word) nie, maar vorming van die siel. Al wat die mens na Hades meeneem, is die opvoeding en vorming wat hy op aarde ontvang het.

Uit die siel-liggaam dualisme vloei logies die opvatting voort dat die grondbeginsel van alle opvoeding askese, oorwinning van die liggaamlike begeertes, moet wees, 'n opvatting wat by sowel Epikurus as Zeno voorkom. Die mens se hoogste geluk lê in onaandoenlikheid: hy moet vry word van die willekeur en heerskappy van die liggaam en ooreenkomstig die Logos, die aktiverende en vormgewende wêreldsiel, lewe.

Hieruit vloei die Griekse intellektualisme voort. Die rede, en filosofie as edelste vrug van die rede, is die hoogste wat die mens kan bereik. Ware geluk is slegs vir die wyse toebeskore: slegs deur die rede kan die mens na die absolute deurdring. Die intellektueel-minderbegaafde en die vreemdeling wat nie die Griek se hartstog vir nugtere denke deel nie, is

---

1) Quispel, G.: De mysteriën van het syncretisme in Waszink e.a.: Het oudste Christendom en de antieke cultuur I, p. 150.

daardeur 'n natuurlike slaaf.

Die grondliggende afstand tussen siel en liggaam val vir die Griek saam met die skeiding tussen goed en kwaad. Met sy diesseit-lewensopvatting en sy gebrek aan geloof in 'n persoonlike voortbestaan ná die dood, maak dit van die Griek 'n tragiese mens: heroïes in sy opstand teen die lot waarin hy reddeloos moet ondergaan. Dit gee 'n pessimistiese ondertoon aan sy kultuur, 'n smartlike gevoeligheid vir die verskil tussen wat is en wat behoort te wees; 'n skrynende bewustheid van lyding wat hy egter nie sinvol kan verwerk nie maar wat 'n vreemde, onassimileerbare indringer in sy lewensblye wêreldbeskouing bly en wat hy slegs kan oorwin deur dit tot die liggaamlike en dus onwerklike aspek van die mens te verwys.

Die siel-liggaam dualisme het 'n ontredderende uitwerking op die Griekse huwelik. Deur die man met die logos te vereenselwig en die vrou met die materie, word die vrou as minderwaardig beskou, 'n wese om asketies te vermy - of om sensueel as gebruiksvoorwerp te benut. Daardeur beroof die Griekse kultuur homself van die besielendste beskawingsinvloed: die gerespekteerde vrou. Dit bring behalwe 'n baie lae waardeskatting van die vrou en die huwelik die euwel van homoseksualisme mee wat skynbaar ook die opvoeding aangetas het.

'n Tweede belangrike beginsel van die Griekse denke is die eenheidsgedagte: alles het uit dieselfde oerstof ontstaan en daarmee is elke ding deel van 'n groter geheel. Saam met die bindende faktor van die religie wat elke aspek van die daaglikse lewe deurdring het, verklaar dit die vanselfsprekende wyse waarop die individu homself aan die gemeenskap ondergeskik gestel het.

Uit die gedagte van die mens se eenheid met die natuur ontstaan die sikliese geskiedenisbeskouing: soos die natuur groei, bloei en ondergang ken wat in eindelose kringloop herhaal word, maak die siel ook 'n eindelose reeks sielsverhuisings deur waarby alles, onwrikbaar soos die planete in hulle bane, hulle bepaalde verloop het. Nogtans is dit nie 'n eensydige deterministiese kosmologie nie, want die mens kan, deur sy wil met die wêreldwil in ooreenstemming te bring, nie alleen in hierdie lewe gelukkig wees nie, maar ook sy volgende inkarnasie bepaal. Hiermee tree, ondanks die sterk gemeenskapsband, vir die eerste keer die individu uit die gemeenskap na vore. Liefde vir vryheid en outonomie is kenmerkend van die Griek en lei tot die wêreld se eerste demokrasie. Sy liefde vir die polis bewaar die Griek van die Goue Eeu egter teen oorindividualisme.

Vir die Griek, rusteloos, energiek, lief vir argumenteer, is die polis veel meer as wat die stad vir die moderne stadsbewoner is: dit is sy

fisieke en geestelike tuiste waarsonder hy nie 'n redegerigte bestaan kan voer nie. Hy is gedurig op soek na waarheid en skoonheid, en omdat hy nie materialisties is nie, vind hy dit slegs in die gees. Hy kan dit slegs in gesprekke met sy stadsgenote benader; hy is 'n stadsmens en sy hoogste geluk lê in die saamlewe met ander hoogstaande geeste. Sy gemeenskapsin en vaderlandsliefde staan dus op 'n hoë peil, maar in wese is hy nietemin egosentries: sy doel is sy eie geluk, maar dit is onbereikbaar sonder die polis. Ooreenkomstig die Griekse eenheidsbeginsel is die polis vir hom méér as 'n woonplek: dit is 'n lewende organisme, 'n superindividu. Vandaar dat die Griekse gees so drasties geskok is met die agteruitgang van die stadstaat.

Die Griek sien neer op arbeid omdat dit met <u>dinge</u> (materie) te doen het, omdat dit die liggaamlike skoonheid skend en omdat dit die gevaar inhou dat dit hom nie voldoende vryetyd sal laat om aan sy persoonlike vorming te bestee nie. (Dit moet onthou word dat persoonlike vorming vir die Griek ewigheidswaarde gehad het). Hy het 'n byna ongelooflike liefde vir skoonheid en kuns, maar die hoogste vorm van kuns is vir hom <u>lewens</u>kuns. Sy egosentrisme en intellektuele snobisme bring mee dat hy ruimskoots van slawediens gebruik maak sonder om hom oor die persoonlike lot van dié "besielde werktuie" te kwel. Op sedelike gebied het hierdie versaakliking van menslike verhoudinge degraderend gewerk.

Sy beheptheid met die rede laat hom alles verwerp wat nie bewysbaar is nie en vernietig ten slotte sy oorspronklike religie. Aanvanklik lewe die Griek in 'n diesseitsamelewing wat deur die dood en die noodlot begrens is, magte waarteen selfs die gode magteloos staan. Gaandeweg, na mate die intellek veld wen op die religie en die noodlotsgedagte teruggedring word, ontstaan egter utopistiese toekomsverwagtinge waarin hy hoop om volgens die lig van die filosofie 'n natuurlike etiek op te bou en daarop 'n gelukstaat volgens die voorbeeld van die ideale polis te grond. Saam met die opkoms van die rede verval nie alleen die Olimpiese godsdiens nie, maar ook die magie- en orakelgeloof. Die sikliese geskiedenisopvatting waarvolgens die kosmos uit die chaos ontstaan het en in chaos sal terugsink, word vervang deur 'n utopistiese verwagting, 'n optimistiese vooruitsien na 'n staat van aardse, mensgemaakte geluk.

Met die verval van die polis verkwyn hierdie gelukstaat-verwagting. Die eenheid van die klein stadstaat met sy persoonlike kontak tussen enkelinge verdwyn om plek te maak vir internasionalisme en individualisme. Saam met die polis verdwyn die laaste reste van die ou religie wat daaraan gekoppel was. In die nuwe, daklose wêreld is dit die groot filosofiese

stelsels wat die sin van die bestaan aandui. Hulle meen om dit te vind nie in toevallige, veranderende omstandighede nie, maar in 'n geestelike ingesteldheid.

Waar die vrou en die massa min opvoeding geniet het en dus nie intellektueel ontwikkel was nie, kon die troos van die filosofie slegs die ontwikkelde, intellektueel-begaafde en selfgedissiplineerde enkeling bereik. Die ou etiese beskouinge, gemik op die harmonieuse vereniging van teëdele, van enkeling en gemeenskap, menslike vryheid en plig, het geen toekomsprojeksie gehad nie. Die doel van die lewe moes hier en nou bereik word. Toe die polis, die simbool van dié utopisme, in duie stort, was die verintellektualiseerde lewensopvatting nie in staat om leiding te gee aan die massas nie. Die Griekse gees was met sy verengde redebeheptheid nie ryp om self ware religie te ontwikkel nie. Eers toe sy rede-ontstamde aardse geluk ineenstort, was die Griek gereed om tot 'n hoër dimensie van religieuse insig opgestoot te word, naamlik die geloof in 'n ewige lewe en 'n persoonlike voortbestaan. Voorberei deur die veroostersing van Hellas weens Alexander se oorwinningstogte, stroom die misteriedienste dan in 'n seëtog die Griekse geesteslewe binne.

Die Griekse kultuur is met al sy voortreflikhede en jammerlike tekortkominge die oorsprong van die huidige Westerse beskawing. Ten spyte van die vyf-en-twintig eeue wat tussen die twee kulture lê, herken die moderne Westerse mens hom in die Griek van die klassieke oudheid. 1) Die Griek het die nugtere rede as die wesenlike aspek van menswees gekies en dit tot sy konsekwensies deurgevoer. Aan die begin van die Christelike jaartelling staan hy, op die hoogtepunt van sy redegerigte bestaan, voor die bankrotskap van hierdie beskouing wat die rykdom van menswees tot één enkele aspek daarvan reduseer, - maar hy staan op die drumpel van 'n deurbraak na 'n totaal nuwe religieus-etiese dimensie.

\+ + + + +

In 'n prinsipiële studie soos die onderhawige is daar nie regverdiging voor om 'n deel daarvan aan die kultuur van Rome af te staan nie: wat lewensbeginsels betref, is die mens van Hellas ook die mens van Rome. Afgesien van die gedagte van die universele ryk, wat op geweld en onderdrukking berus het, het Rome geen eie denkbeelde aan die Westerse beskawing nagelaat nie. Rome se betekenis lê daarin dat dit die Griekse kultuurskatte vrywel onveranderd bewaar en met sy organisatoriese talent versterk en

---

1) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 53.

versprei het. [1]

Dat Rome wel 'n uiters belangrike bydrae tot die groei van die Westerse kultuur gelewer het, is onbetwisbaar, maar dit het in die skepping van die fisieke moontlikhede daarvoor bestaan, nie in die konsipiëring en formulering van oorspronklike denkbeelde nie. Met sy oorname van die Griekse taal en kultuur, sy Grieksgeoriënteerde opvoeding en Stoïsynse filosofie, het Rome op geestelike gebied 'n Griekse kolonie geword. [2] Op fisieke gebied is die waarde van die Romeinse bydrae onskatbaar: dit het die volkere van feitlik die hele bekende wêreld verenig sodat 'n uitruiling van gedagtes en religieuse denkbeelde sowel as koopware vrylik langs die groot handelsweë kon plaasvind. [3] Die eerste en die enigste keer in die geskiedenis was die beskaafde mensheid in één enkele staat saamgetrek. [4] Daarmee het Rome op stoflike gebied gedoen wat Athene op geestelike gebied gedoen het: dit het die wêreld voorberei op die koms van die nuwe godsdiens.

---

1) Polak: De toekomst is verleden tijd I, p. 59. Vgl. Waszink, J.H.: In het Romeinse keizerrijk <u>in</u> Waszink e.a.: Het oudste Christendom I, p.364.
2) Castle: Ancient education and today, p. 118. Vgl. ook De Burgh: The legacy of the ancient world, p. 254.
3) Childe: What happened in history, p. 272-278. Vgl. Kellett: A short history of religions, p. 99, asook Fensham, F.C.: Kultuur in die tyd van die Bybel, p. 20.
4) De Burgh: Op. cit., p. 282.